

# **AGENDA DEEL III**

## **AANVULLENDE VERSLAE**

Hierdie verslae is voor die vergadering van die Algemene Sinode elektronies aan afgevaardigdes via die sinodes versprei en ook ter vergadering in harde kopie beskikbaar gestel. Dit word nou ook ter wille van die rekord in hierdie formele publikasie opgeneem.

# **A.1.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: ROEPING EN IDENTITEIT**

## **1. AARD EN SELFSTANDIGHEID VAN SINODES**

(vgl Agenda Deel I A.1.1 bl 9 pt 8 en Agenda Deel II bl 10)

**1.1** Na aanleiding van 'n versoek van verteenwoordigers van die Sinode van Namibië aan die Moderamen het die Moderamen besluit om opnuut ondersoek in te stel na die verhouding tussen die Algemene Sinode en Sinodes. 'n Werkswinkel waaraan die Assessor en Aktuaris van die Algemene Sinode, en vier lede van 'n taakspan soos aangewys deur die Moderamen van Namibië deelgeneem het, het op 11 en 12 April 2007 in Windhoek plaasgevind. Namibië se posisie word in die lig hiervan oorweeg.

**1.2** Die vraag op die tafel was hoe Sinodes binne die raamwerk van hulle eie omskrewe take/moontlike take of hergedefinieerde of nuwe take en binne hulle eie omgewing asook hulle band met die Algemene Sinode maksimaal kan funksioneer. Nader gestel: moet hierdie verhouding met die oog op laasgenoemde geherdefinieer word of totaal omvorm word? In die geval van Namibië is dit duidelik dat sy bestaan in 'n ander onafhanklike staat eiesoortige eise aan sy verinheemsing stel wat verskil van die res van die Sinodes wat hulle in die Suid Afrikaanse samelewing bevind.

**1.3** Die werkwinkel het bevind dat die probleem vir die huidige hanteer kan word deur aan twee bestaande reëlings/sake skerper aandag te gee: (a) die band van Sinodes met die Algemene Sinode moet nader omskryf word; en (b) daar moet 'n verdieping kom van die verstaan van die aard van kerkverband wat vanuit die hoek van die kerk gesien, nie staatkundig beperk of begrens kan word nie.

**1.4** Ten opsigte van (a) hierbo beteken dit die handhawing van die gereformeerde beginsel dat meerdere vergaderings nie sake hanteer wat deur mindere vergaderings afgehandel kan word nie, en daarby slegs sake waarby die samestellende kerke/vergaderings belang het (Kerkorde Art 22 & 43.1.1), en ten opsigte van (b) die toewysing van spesifieke take/terreine aan die Sinode van Namibië binne die raamwerk van die Kerkorde om aan die gestelde behoefte aandag te gee.

### **1.5 AANBEVELINGS:**

**1.5.1** Die Algemene Sinode wysig Kerkorde Artikel 43.1.1 om te lui: *Die formulering van die roeping / leidende beginsels / standpunte in sake van gemeenskaplike belang soos gereformeerde teologiese oortuigings, Bybels-etiese uitgangspunte en ekklesiologiese verantwoordelikhede en praktyke wat deur alle kerkvergadering kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word.*

**1.5.2** Met betrekking tot Kerkorde Artikel 43.1.2 en 43.1.6 besluit die Algemene Sinode dat 'n sinode wat in 'n staat buite die Republiek van Suid-Afrika funksioneer (bv Namibië), die openbare getuienis en die verhouding en ooreenkomste met die staat en ander lewenskringe, namens die kerkverband (Algemene Sinode) in daardie gebied kan behartig.

**1.5.3** Die Algemene Sinode voeg 'n nuwe Besluit 70b.6 **EKUMENE IN ANDER STAATKUNDIGE BEDELINGS** in:

**\*1** Aan samestellende sinodes wat in state buite die Republiek van Suid-Afrika is, (bv Namibië) word die reg verleen om selfstandige ekumeniese verhoudinge aan te gaan en uit te bou binne die raamwerk van die besluite van die Algemene Sinode.

**\*2** In die aanwysing van afgevaardigdes na ekumeniese liggame moet die Algemene Sinode rekening hou met die feit dat die algemene sinodale verband in verskillende state funksioneer.

**1.5.4** Die Algemene Sinode voeg die volgende byvoeging by Besluit 70b.6 (word nou 70b.7) in:

By volle lidmaatskap voeg by:

**\*10** Council of Churches in Namibia.

**1.5.5** Die Algemene Sinode dra dit aan die ATF op om in die begroting rekening te hou met die kostes van sinodes in state buite die Republiek van Suid-Afrika om die werk van die algemene sinodale verband in stand te hou.

## **A.2.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: OPENBARE GETUIENIS**

### **1. MISDAAD EN GEWELD**

(vgl Agenda Deel I A.2.1 bl 100, 104 pt 5.6.3 en Agenda Deel II bl 14)

#### **1.1 OPDRAG**

**1.1.1** Die Moderamen het op 29/30 Januarie 2007 besluit om 'n ad hoc-kommissie aan te wys om 'n studiestuk met die oog op die komende Algemene Sinode voor te berei oor die gereformeerde teologiese beginsels betrokke by protes en verset teen geweld en misdaad, asook ten opsigte van selfbeskerming. Die Noordelike Sinode en die Sinode van Oos-Transvaal, saam met die Teologiese Fakulteit UP, het verantwoordelikheid vir die studiestuk aanvaar.

**1.1.2** Die taakgroep, bestaande uit Gerrit Cloete, Fanie Cronje en Petrus Kriel (Noordelike Sinode), Johan Marais en Etienne de Villiers (Oos-Transvaal) en Conrad Wethmar (UP), se eerste probleem was om die opdrag behoorlik te fokus. Uiteindelik is geoordeel dat die opdrag nie 'n studie na "gereformeerde protes" behels nie. Hierdie term word tradisioneel gebruik waar 'n politieke bestel onmoontlike eise aan sy burgers stel en waar die burgers metodes van verset teen die owerheid moet oorweeg. Die taakgroep het gevolglik op die huidige situasie waar misdaad en geweld kommerwekkende afmetings aanneem, gefokus.

**1.1.3** Die vraag by die taakgroep was deurentyd of die Algemene Sinode hom hieroor moes uitspreek. Daarvoor was daar volle konsensus: die Algemene Sinode kan nie stilbly nie! Die groep het gevolglik probeer om enkele lyne te trek wat tot sinvolle besluite kan lei.

**1.1.4** Die taakgroep sien hierdie verslag en aanbevelings beslis nie as die einde van die gesprek nie. Ten eerste was die beskikbare tyd te min vir uitgebreide navorsing en konsultasie, en tweedens het die groep geoordeel dat die gesprek 'n deurlopende een moet wees. Vanuit die lywige dokumentasie wat reeds deur lede van die groep uitgewerk en deur die groep beoordeel is, is 'n baie beknopte konsentraat gemaak. Die gedagte is dat hierdie verslag as 'n vertrekpunt vir verdere aksies kan dien. 'n Belangrike aanbeveling is dan ook dat die Algemene Sinode 'n meganisme tot verdere gesprek moet skep.

#### **1.2 INLEIDENDE PERSPEKTIEF**

Binne die geografiese gebied van die NG Kerk, en by name in die Republiek van Suid-Afrika, neem misdaad en geweld sodanige afmetings aan dat dit die hele samelewingsfunksionering beïnvloed. Beskikbare statistiek toon dat die situasie baie ernstig is, maar statistiek alleen vertel nie die hele verhaal nie. Die samelewing se persepsies en emosies teken die situasie net so helder soos enige statistiek. Van die persepsies wat bestaan is dat misdaad van jaar tot jaar erger word; dat die polisie nie in staat is om die misdaadgolf te keer nie; dat die regte van misdadigers meer tel as dié van wetgehoorsames en dat daar geen realistiese politieke wil by die landsleiers is om misdaad en geweld te beperk nie. Hierdie persepsies word dikwels geskep of versterk wanneer mense self slegte ervarings beleef of wanneer die negatiewe ervarings van ander letterlik deur elke tweede nuusberig of gesprek oorgedra word. Die gevolg is dikwels dat emosies ontwikkel wat wissel van bekomernis tot vrees tot moedeloosheid tot depressie tot woede. In hierdie situasie kan die kerk en sy lidmate 'n wesenlike bydrae tot perspektief en hoop en positiewe aksies maak.

#### **1.3 DIE SITUASIE**

##### **1.3.1 BESKIKBARE STATISTIEK**

**1.3.1.1** Die volgende gegewens, hoofsaaklik verskaf deur die Instituut vir Strategiese Studies, gee 'n beeld van die huidige misdaadsituasie in Suid-Afrika:

\*1 Die aantal moorde per 100,000 het van 66,9 in 1994/5 tot 39,5 in 2005/06 afgeneem. Die huidige syfer is steeds 20 keer hoër as die van Brittanje en 8 keer hoër as die wêreldgemiddelde.

\*2 Motorkapings het in 2004/5 met 10.1% afgeneem, maar in die laaste jaar met 2.6% toegeneem. Transitorooftogte het met 74% toegeneem en roof by winkelsentrums met 32 %.

\*3 Verkragtingsyfers het sedert 1994 stabiel gebly teen die huidige vlakke. Dit is ongeveer 55,000 vroue per jaar oftewel 150 per dag.

\*4 Gewone roof het sedert 1994 met 90% toegeneem selfs al het die voorvalle in die laaste jaar heelwat gedaal.

\*5 Roof met verswarende omstandighede het van 1994 tot 2005 met 17 % toegeneem. (SA Crime Quarterly 19 March 2007).

**1.3.1.2** In 'n studie oor georganiseerde misdaad op die Kaapse vlakte is bevind dat bendebedrywighede reeds in die vorige politieke bedeling bestaan het. Sedert 1994 het georganiseerde misdaadsindikate egter ontwikkel. Irvin Kinnes beskryf die verandering so: "Street gangs are no longer characterised by youngsters who hang around the streets of local communities to 'defend' the community from rival gangsters. They have developed into organised criminal empires."

**1.3.1.3** By die Wêreld Ekonomiese Forum in 1997 is Suid-Afrika as 'n land met 'n endemiese en onomkeerbare misdaadprobleem beskryf (Andre Standing: Organised Crime:2006:36), onder meer omdat internasionale misdaadsindikate meer aktief in die land bedrywig is. Kommentators voer veral drie redes vir hierdie internasionale sindikate se belangstelling in Suid-Afrika aan: (1) die gesofistikeerde ekonomie van Suid-Afrika wat met sy banke, kommunikasiestelsels en infrastruktuur alles bied wat die sindikate nodig het om hulle besigheid te bedryf; (2) oper grense met minder kontrole as tevore wat dit makliker maak om oor die grense te beweeg; en (3) polisiëring wat om verskeie redes minder effektief geword het.

### **1.3.2 INVLOED OP DIE KERKLIKE GEMEENSAP**

**1.3.2.1** Hier word nie gepoog om al die invloede, of hoe die hele samelewing geraak word, te beskryf nie. Slegs enkele sake wat die kerklike bediening of funksionering raak, word genoem.

**1.3.2.2** Wanneer na gemeentes gekyk word, moet deeglik kennis geneem word van lidmate se belewenis van misdaad en geweld en hoe dit hulle liggaamlik, geestelik en psigies raak. Navorsing in 'n spesifieke gemeente het reeds in 2005 getoon dat soveel as 67% van lidmate op 'n baie persoonlike vlak deur misdaad en geweld geraak is. Verhale van getraumatiseerde persone is volop in elke gemeente.

**1.3.2.3** Die blootstelling aan misdaad en aan die verhale daarvoor het dikwels die gevolg dat vertrouwe in staatsinstellings kwyn.

**1.3.2.4** Die persepsie dat misdaad tog maar algemene praktyk geword het, lei daartoe dat mense wat gewoonlik wetsgehoorsaam is, in die versoeking kom om ook maar wette te oortree.

**1.3.2.5** By baie is daar 'n gevoel van magteloosheid en vrees. Dit is veral die moontlikheid om in jou eie huis slagoffer te word wat baie vrees veroorsaak.

**1.3.2.6** Kerklike aktiwiteite word beïnvloed, byvoorbeeld: Kerkpersele is minder toeganklik as voorheen. Wagte moet motors tydens eredienste oppas. Besoekwerk word moeiliker weens veiligheidsheininge. Die veiligheid van ampsdraers in die uitvoering van hulle diens kan nie gewaarborg word nie. Bywoning van aandaktiwiteite word geraak. Baie lidmate beleef al meer dat hulle in 'n kokon ingedruk word. Vir ander is die misdaadsituasie weer 'n goeie verskoning om in hulle eie kokon te bly!

## **1.4 ENKELE TEOLOGIESE OORWEGINGS**

Die vraag is nou of daar enige Bybelse perspektiewe is wat in die huidige situasie leiding kan gee. Daar moet veral gevra word watter riglyne bestaan wat die kerk kan help om hoop te bring en 'n verskil te maak.

**1.4.1** Die primêre perspektief is die belydenis dat hierdie wêreld God se wêreld is. Al lyk dit asof misdaad en misdadigers onbelemmerd voortgaan, beteken dit nog lank nie dat God bloot 'n passiewe toeskouer is nie.

**1.4.2** God se aktiewe betrokkenheid word sigbaar daar waar die gelowiges as sy beeldraers lig vir die wêreld en sout vir die aarde is.

**1.4.3** 'n Misdaadsituasie maak nie van betrokkenes blote slagoffers nie. Selfs in 'n situasie van trauma moet onthou word dat God steeds in beheer is en dat sy stem gesoek en herken moet word.

**1.4.4** Vanuit die Bybelse beginsel van eerbeid vir, en beskerming van lewe, moet elke keer dat hulle slagoffers word. Toepaslike beveiliging van jouself (passief deur byvoorbeeld die vermyding van gevaarsituasies en aktief deur selfverdediging) is nie alleen aanvaarbaar nie maar 'n verantwoordelikheid.

**1.4.5** Misdaad en geweld is in wese oortreding van God se wet. Wanneer iemand hom aan 'n ander se persoon of besittings vergryp, oortree hy die eise van sowel die Tien Gebooie as Jesus se samevatting van die Wet.

**1.4.6** Die misdadiger kan dus veroordeling en straf verwag. Kerklike steun aan 'n sisteem van wetstoepassing vloei voort uit die beskerming van die waardigheid van die lewe. Straf moet egter met die oortreding verband hou en mag nie as 'n aksie van wraak uitgevoer word nie.

**1.4.7** Die misdadiger staan egter nie sonder meer buite God se genade nie. Ook 'n misdadiger moet met God se boodskap van versoening en vergifnis gekonfronteer word.

**1.4.8** 'n Laaste perspektief is dat ons nie die eerste geloofsgemeenskap is wat aan misdaad en geweld blootgestel word nie. Ook die mense wat ons in die Bybel ontmoet was aan geweld en misdaad blootgestel. Trouens, baie van die literatuur wat vandag deel van ons Bybel uitmaak het juis in of na aanleiding van 'n krisis, wat dikwels met geweld gepaard gegaan het, ontstaan. Dieselfde boodskap wat aan hulle leiding en hoop gegee het, geld vandag vir ons.

## **1.5 DIE KERK SE BYDRAE**

Teen bogenoemde (kursoriese) agtergrond het die kerk die taak om leiding en hoop te gee. In sy profetiese stem moet die kerk veral die volgende laat hoor:

**1.5.1** Misdaad en geweld moet nie in isolasie gesien word nie. In wese is dit 'n oortreding van God se wet wat soos enige wetteloosheid betreur en bestry moet word.

**1.5.2** Persepsies van magteloosheid, woede en wraak moet erken en begryp, maar doelbewus omgekeer word. In die omkeringsproses is 'n besef van afhanklikheid van God se genade en sy deurlopende en finale oordeel oor die sonde belangrik.

**1.5.3** Die openbare mening mag nie die bepalende faktor in die kerk se besinning wees nie. Die kerk moet steeds beseft dat hy God se gemeenskap is wat vanuit God se Woord en Gees leef en deur Hom gebruik word om 'n verskil in die wêreld te maak.

**1.5.4** Wanneer die kerk uitsprake oor misdaad en geweld maak, moet hy hom nie bloot deur persepsies laat lei nie. Betroubare inligting en goeie navorsing is nodig om 'n verantwoordbare ontleding te kan maak van die omvang, oorsake en effek van misdaad en geweld. Hieraan sal die kerk nog baie aandag moet gee.

**1.5.5** Wanneer die kerk spesifieke oorsake van geweld identifiseer (byvoorbeeld armoede, 'n gees van materialisme of 'n algemene gebrek aan dissipline) moet hy aktief met alle betrokke partye saamwerk om 'n gesonder samelewing te bou.

**1.5.6** Die kerk moet sy lidmate inspireer om waarlik sout van die aarde en lig vir die wêreld te wees. Teenoor 'n wêreld met baie wetteloosheid moet die kerk se lidmate as bakens van liefde en integriteit uitstaan.

**1.5.7** Die kerk en sy lidmate mag nie die verantwoordelikheid om misdaad te bestry aan ander instansies, byvoorbeeld die staat, probeer oordra nie. Die kerk moet in sy boodskap en in die optrede van sy lidmate 'n samelewing help skep waarin hoë morele waardes die norm word.

**1.5.8** Die kerk moet die slagoffers van misdaad en trauma pastoral ondersteun. Ondersteuning deur die ampte en deur lidmate onderling, asook die vorming van ondersteuningsgroepe behoort 'n algemene praktyk in die kerk te wees.

**1.5.9** Die kerk moet ook die verantwoordelikheid vir gemeenskapsbeveiliging bevorder deur lidmate aan te moedig om na mekaar om te sien. Betrokkenheid by gemeenskapstrukture kan onder meer hiertoe bydra.

**1.5.10** Die kerk moet ook die moeilike omstandighede van wetstoepassers raaksien. Ondersteuning deur byvoorbeeld gebede en ondersteuningsgesprekke kan lede van die polisie, korrektiewe dienste en selfs private sekuriteitondernemings help om perspektief te behou en trauma te verwerk.

**1.5.11** Die kerk mag ook nooit die misdadigers se nood vergeet nie. Misdadigers en hulle naasbestaendes moet ook as slagoffers gesien word wat 'n behoefte aan God se genade het.

## **1.6 AANBEVELINGS: GEWELD EN MISDAAD**

### **1.6.1 Die Algemene Sinode**

**1.6.1.1** is saam met die res van die gemeenskap intens bekommerd oor die hoë vlakke van misdaad wat tans in Suid-Afrika voorkom en die geweld wat daarmee gepaard gaan;

**1.6.1.2** spreek sy diepe meelewing uit met die slagoffers van geweld;

**1.6.1.3** verbind hom daartoe om alles in sy vermoë te doen om by te dra tot genesing van die samelewing.

### **1.6.2 Die Algemene Sinode**

**1.6.2.1** erken dat insidente van misdaad baie emosies by lidmate, en veral by slagoffers van misdaad ontlok wat dit moeilik kan maak om gebalanseerde perspektief te behou, maar versoek hulle nietemin om in elke situasie steeds verantwoordelik op te tree;

**1.6.2.2** pleit by lidmate om as resultaat van hulle Christelike dankbaarheidslewe tot in die kleinste aan die Here se wil en wet getrou te bly;

**1.6.2.3** herinner lidmate daaraan dat niemand 'n vinger na ander kan wys as sy/haar persoonlike integriteit en optrede nie onbesproke is nie;

**1.6.2.4** pleit by lidmate om moeite te doen om aan gesonde huweliks-, gesins- en ander samelewingsverhoudings te bou;

**1.6.2.5** pleit by lidmate om na mekaar se welstand om te sien, onder meer deur by gemeenskapsinisiatiewe betrokke te raak.

### **1.6.3 Die Algemene Sinode**

**1.6.3.1** bely dat dit binne die Here se wil is dat die wêreld deur middel van die wette en regerings geregeer moet word sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop en dat Hy vir dié doel aan die owerheid die swaard in die hand gegee het om die kwaaddoeners te straf en die deugsames te beskerm;

**1.6.3.2** pleit gevolglik by die regering om die land en sy mense in hierdie opsig nie in die steek te laat nie;

**1.6.3.3** verseker die regering van sy samewerking, binne sy vermoë, by enige aksie wat tot genesing van die land kan lei.

### **1.6.4 Die Algemene Sinode**

**1.6.4.1** besluit om hierdie verslag as vertrekpunt vir verdere navorsing en besinning oor die onderwerp van misdaad en geweld te gebruik;

**1.6.4.2** gee opdrag aan die Moderamen om 'n taakgroep vir dié doel aan te wys wat aan die Moderamen rapporteer. Die taakgroep moet in noue oorleg met sinodes werk.

**1.6.4.3** Die taakgroep moet ter wille van die effektiewe uitvoering van sy opdrag ook die samewerking van relevante instansies in die gemeenskap soek.

## **2. GRONDHERVORMING**

(vgl Agenda Deel I A.2.1 bl 104 en 105, pt 6.4 en Agenda Deel II bl 14)

### **2.1 SAMESTELLING VAN TAAKSPAN**

Dr Thys Smith (Wes-Kaap) (voorsitter)

Ds Marais Kluge (Noord-Kaap)

Dr Jan Viljoen (Oos-Kaap)

Ds Lukas Meyer (Natal)

Mnr Inus Aucamp (Vrystaat)

Ds Petrus Kriel (Noordelike Sinode)

Ds Daan Botha (Oos-Transvaal)

Mnr Willie du Plessis (Wes-Transvaal)

Ds Riaan Odendaal (Hoëveld)

Namens Moderamen: Drr Kobus Gerber, Ben du Toit en me Hantie Bezuidenhout

### **2.2 OPDRAG EN FUNKSIONERING VAN DIE TAAKSPAN**

**2.2.1** Die taakspan het in Desember 2006 en in Maart 2007 vergader. Insette is verkry van senior verteenwoordigers van landbouorganisasies, asook van ander kundiges.

**2.2.2** Opdrag en doelstelling

*Die Taakspan se opdrag is om ten opsigte van grond- en landelike hervorming die NGKerk deurlopend toe te rus, te bemagtig, by te staan en te begelei om*

*\* die aard, omvang en konteks van grond- en landelike hervorming te verstaan; en*

*\* op kerklike wyse op alle vlakke doeltreffend aan die prosesse van grond- en landelike hervorming deel te hê sodat Christelike geregtigheid, menswaardigheid en versoening tot uitdrukking kan kom.*

**2.2.3** 'n Vraelys is opgestel en na sinodale gebiede uitgestuur met die doel om inligting te verkry oor die verloop en effek van grondhervorming in die onderskeie streke, asook oor die wyse waarop die kerk/gemeentes by die saak betrokke is.

**2.2.4** Sake waaraan die taakspan indringend aandag gegee het, is onder meer die praktiese verloop van die hele grondhervormingsproses, die sosio-ekonomiese effek daarvan op gemeenskappe (werkgeleenthede, armoede), die effek op verhoudinge binne en tussen gemeenskappe, asook die uitwerking wat dit het en mag hê op gemeentes in landelike gebiede.

**2.2.5** Riglyne is opgestel om aan gemeentes en predikante toeligting te gee oor die pastorale versorging van lidmate wat die trauma van grondverlies persoonlik beleef.

**2.2.6** Die riglyne wat die Algemene Sinode in 2002 as amptelike standpunt oor grondhervorming aanvaar het, dien as vertrekpunt en raamwerk vir die taakspan se funksionering. Dit geld ook die Skriftuurlike en teologiese onderbou in die verslag, wat vanweë ruimtebeperking nie hier herhaal word nie.

### **2.3 ASPEKTE RAKENDE GRONDHERVORMING WAT DIE TAAKSPAN ONDER DIE AANDAG VAN DIE SINODE WIL BRING**

#### **2.3.1 DIE REALISERING VAN DIE GRONDHERVORMINGS-DOELWITTE IS VIR DIE REGERING 'N PRIORITEIT**

Die regering het hom verbind tot die teiken dat 30% van die landbougrond teen 2014 na swart gemeenskappe verskuif moet wees. Die drieledige grondhervormingsprogram, naamlik restitusie, redistribusie en die sekerheid van verblyfreg, dien as meganisme om hierdie doelwit te verwenslik. Benewens oordragte deur middel van restitusie (keerdatum 2008), geskied herverdeling tans hoofsaaklik via die regering se LRAD-program, asook op die vryemark (gewillige koper-verkoper).

Daar bestaan talle vrae oor die implementering en monitering van die 2014-teiken, asook oor watter grond by hierdie doelwit ingesluit is aldan nie.

Dit is belangrik om te verstaan dat dit in die proses van grondhervorming nie net om twee partye, naamlik die regering en die landbou, gaan nie. Vakbonde en populistiese drukgroepe raak toenemend betrokke by die proses, asook by sake soos die verhouding tussen plaaseienaars en –werkers, wat meermale uitloop op onverkwiklike konfliktsituasies.

Dit het duidelik geblyk uit die landwye grondberaad van Julie 2005 dat druk op die regering met die oog op versnelde grondhervorming besig is om toe te neem. By baie mense is die verwagting geskep dat hulle

lewensomstandighede sal verbeter, onder meer deur grondbesit.

### **2.3.2 DIE AKTUELE BESPREKINGSPUNT TANS IS NIE DIE VERDIENSTELIKHEID VAN GRONDHERVORMING NIE, MAAR DIE DOELTREFFENDHEID DAARVAN**

Daar bestaan breë konsensus dat grondverdeling in beginsel en praktyk nodig is, en dat kommersiële landbou meer verteenwoordigend gemaak moet word. Daar bestaan ook instemming dat waar mense in die verlede deur diskriminerende wetgewing verontreg is, dit op 'n manier reggestel behoort te word.

Die kerk deel hierdie standpunt. Die eerste punt/riglyn van die Algemene Sinode (2002) se besluit hieroor lui soos volg: "Grondhervorming moet positief aangepak word as noodsaaklike en integrale deel van die nasionale versoeningsproses. Die situasie in die land vereis dat daar nie volstaan kan word met 'n blote erkenning dat daar in die verlede wat grondbesit betref teen anderskleuriges gediskrimineer is nie. Die onreg van die verlede moet op 'n manier reggestel word."

By hierdie beginsel-stelling het die Sinode agt verdere riglyne gevoeg wat almal betrekking het op die meganisme of praktiese implimentering van grondhervorming, soos dat die proses ordelik en billik sal verloop, en dat dit op 'n gesonde landbou-ekonomiese grondslag sal berus.

Die grootste knelpunt ten opsigte van grondhervorming lê by die praktiese implimentering van die beleid. Benewens probleme rakende ondeursigtigheid en administratiewe onbevoegdheid by spesifiek die proses van restituisie, is daar in die algemeen besorgdheid oor die effek wat grondverdeling op landbouproduksie het. Die blote oordrag van grond lei nie tot volhoubare bemagtiging nie. Bestaande produktiewe plase wat na nuwe eienaars oorgedra is, het almal een faktor gemeen: die oordrag van grond sonder die nodige landbou- en bestuurskundigheid lei tot boerdery-mislukkings. Winsgewende boerdery vandag is 'n gespesialiseerde bedryf en 'n harde sake-onderneming.

Dit is verblydend dat daar in die land talle voorbeelde is waar individuele boere asook die georganiseerde landbou daadwerklike pogings aanwend om opkomende swart boere in volhoubare bemagtigingsprojekte te help vestig. 'n Vennootskaplike benadering en die vestiging van mentorskappe hou die sleutel tot suksesvolle grondhervorming.

### **2.3.3 GRONDHERVORMING HET 'N EFFEK OP LANDELIKE GEMEENSAPPE EN GEMEENTES**

Grondhervorming het nie net te doen met die oordrag van grond nie; dit het uiteraard ook 'n direkte uitwerking op die lewe van mense en gemeenskappe.

Komersiële landbou is 'n bedryf met sy wortels in die platteland, die deel van die land waar armoede wyd gevestig is. In hierdie gebiede vervul die landbou 'n belangrike rol as werk- en voedselverskaffer, en as stabiliseerder van gemeenskappe. Alhoewel landbou verantwoordelik is vir slegs 4,5% van die Bruto Binnelandse Produk van Suid-Afrika, het dit ongeveer 1 miljoen werkers in diens, wat om en by 11% van die totale formele werkverskaffing verteenwoordig. Kommersiële plase verskaf 'n heenkome en verblyf vir nagenoeg 6 miljoen gesinslede van werkers. As naas die primêre landbou ook nog verwante aktiwiteite bygevoeg word, is ongeveer 40% van die land se bevolking op die een of ander manier van die landbou afhanklik.

Dit spreek daarom vanself dat die land nie 'n kwynende landboubedryf kan bekostig nie. Dit lê op die weg van die kerk om die effek van grondhervorming op landelike gemeenskappe, spesifiek ten opsigte van werkskepping en die armoede-situasie, deurgaans te monitor.

Ook gemeentes word direk geraak deur grondhervorming. Daar is gebiede in die land waar tot 80% en meer van die plase deur onafgehandelde grondeise geraak word. Die aanduidings is dat 'n hele aantal gemeentes nie sal kan voortbestaan indien die eise sou slaag nie.

### **2.3.4 GRONDEISE EN DIE VEILIGHEIDSITUASIE OP PLASE HET 'N NEGATIEWE UITWERKING OP ONDERLINGE VERHOUDINGE**

Daar is voorbeelde waar die oordrag van produktiewe plase na voorheen benadeelde mense suksesvol verloop het, en waar goeie verhoudinge gevestig is binne hierdie gemeenskappe asook tussen hulle en die venote/ vorige eienaars. In sommige gebiede is die nuwe boere opgeneem in landbou-organisasies, en bestaan daar wedersyds goeie gesindhede.

In baie gevalle is die situasie ongelukkig nie so nie. In die reël gaan grondeise gepaard met heelwat agterdog, wantroue en 'n verharding van gesindhede. Die situasie word dikwels vererger deur 'n verskeidenheid verwante sake soos ongegronde eise, nie-deursigtige prosesse, duur en uitgerekte prosedures, die verval van voorheen-produktiewe plase, die veiligheidsituasie en spesifiek die omvang en

aard van plaasaanvalle en -moorde. Van die kant van die owerheid en drukgroepe word boere weer beskuldig van 'n onwilligheid om saam te werk.

Dit is begryplik maar jammer dat grondhervorming, wat bedoel is om 'n belangrike bydrae tot die nasionale versoeningsproses in die land te lewer, in sommige gebiede oënskynlik eerder aanleiding gee tot konflik en 'n verharding van verhoudinge.

### **2.3.5 LANDBOU-GEMEENSAPPE GAAN DEUR MOEILIKE TYE**

Dit is 'n bekende feit dat die aantal kommersiële boere in die land van ongeveer 60 000 'n dekae of twee gelede verminder het na ongeveer 40 000. Verskeie faktore het daartoe gelei dat dit al moeiliker word om winsgewend te boer, met die gevolg dat die klem vandag toenemend val op groter landbou-eenhede.

Anders as die persepsie wat by baie bestaan, is die meeste landbouers in Suid-Afrika nie ryk mense nie. Hoewel daar baie boere is met wie dit in die algemeen goed gaan, is daar talle ander wat sukkel om te oorleef. Faktore wat hiertoe bydra is onder meer hoë insetkoste, die kummulatiewe effek van verskillende tipes belasting, skuld- en rentelaste, klimatologiese faktore en globalisasie.

Die veiligheidsituasie plaas verdere druk op landbouers. In baie gebiede moet boere hulle plase teen hoë koste beveilig, en bestaan daar lank nie meer vryheid van beweging nie. Plaasaanvalle en – moorde, en die wreedheid wat dikwels daarmee gepaard gaan, het 'n baie negatiewe uitwerking op talle landbou-gemeenskappe.

Die rol wat die landbou as ekonomiese stabiliseerder op die platteland speel, en die pogings van baie boere om die lewensgehalte van werkers in hulle diens te verbeter, word nie na behore erken nie. Nogtans is dit steeds so dat die ergste vorms van armoede op die platteland voorkom, en dat ook plaaswerkers en hulle gesinne die moeilike tye waarna hierbo verwys word aan eie lyf ervaar.

Dit is die taak van die kerk en spesifiek die plattelandse gemeentes om in voeling te bly met die nood van mense, hetsy plaaseienaars, -werkers of die bewoners van dikwels kwynende woonbuurtes rondom plattelandse dorpe.

## **2.4 WAT KAN DIE KERK DOEN?**

Dit is belangrik dat die kerk duidelikheid sal hê oor sy eie rol en opdrag in terme van die Skrif en die kerk/staat-verhouding.

Dit is nie die kerk se taak om 'n politieke program te ontwerp of deur te voer nie. Eweneens wil en kan die kerk nie die taak van die georganiseerde landbou oorneem nie. Die kerk het egter 'n profetiese verantwoordelikheid om sy stem te laat hoor oor sake van sosiale en ekonomiese geregtigheid. Daarby is dit so dat die meerderheid van die mense wat op plase woon lidmate van kerke is.

### **2.4.1 DIE KERK MOET HELP TOESIEN DAT REG EN GEREJTIGHEID TEENOR ALLE PARTYE GESKIED**

Dit is dikwels baie moeilik om in 'n komplekse en veelkantige saak soos grondhervorming te onderskei tussen reg en onreg. Daar bestaan uiteenlopende interpretasies van wat in die geskiedenis van ons land gebeur het, asook verskillende oortuigings en persepsies oor hoe dit reggestel moet word.

Die kerk kan nietemin nie anders as om die proses krities te beoordeel, en deurgaans te vra vir regverdigheid en billikheid na alle kante in die toepassing daarvan nie. Dit vereis dat die kerk goed ingelig sal wees, en deurlopend in gesprek sal bly met die verskillende rolspelers en besluitnemers.

### **2.4.2 DIE KERK KAN GOEIE KOMMUNIKASIE TUSSEN DIE VERSKILLENDE ROLSPELERS BEMIDDEL**

Grondhervorming is in die eerste plek die staat se verantwoordelikheid. Dit is egter duidelik dat die staat nie die vermoë het om alleen grondhervorming op 'n effektiewe wyse te laat slaag nie. Sy belangrikste vennoot in hierdie verband is die georganiseerde landbou.

Dit is verblydend dat gereelde gesprekke op die hoogste vlak tussen die regering, met insluiting van die president, en landbou-vertegenwoordigers plaasvind. Dit is egter op provinsiale en streeksvlak waar die grootste probleme ten opsigte van kommunikasie lê, en waar agterdog en wantroue gesprekke bemoeilik.

Die kerk(e) sou veel kon doen om te help bou aan 'n gunstige klimaat waarbinne gesprek en onderhandeling kan plaasvind.



### **2.4.3 DIE KERK BEHOORT TE BOU AAN GESINDHEDE EN VERHOUDINGE TUSSEN MENSE**

Die kerk, veral in plaaslike gemeenskappe, sal meer moet doen om negatiewe persepsies en vooroordele te help afbreek, en om die goedgesindheid en welwillendheid wat landswyd steeds bestaan verder uit te bou. Hiervoor is nodig dat mense mekaar wedersyds aanvaar en respekteer, en bereid is om na mekaar te luister. Dit is uiteraard nie 'n maklike taak nie.

### **2.4.4 DIE KERK MOET LIDMATE PASTORAAL ONDERSTEUN**

Mense wat afstand moet doen van hulle plase as gevolg van grondeise, beleef dit nie op dieselfde manier nie. Vir sommige is dit meer traumaties as vir ander. Veral families wat geslagte lank op grond geboer het, ervaar die eis en moontlike verskuiwing as 'n bestaanskrisis.

In sommige gebiede ly die hele gemeenskap aan 'n soort kollektiewe trauma as gevolg van die hoë vlakke van geweld en misdad, en die uitwerking van plaasaanvalle en -moorde. Kinders word nie toegelaat om sonder toesig buite te speel nie, en geen byeenkomste word in die aand gereël nie.

Daar is sinodale gebiede, soos Oos-Transvaal en die Noordelike Sinode, wat al heelwat besin het oor die pastorale versorging van lidmate wat die verlies van grond as 'n bestaanskrisis ervaar, of wat die trauma van 'n plaasmoord beleef het. Riglyne is opgestel om predikante en gemeentes hiermee te help. (Kontakpersoon: ds Daan Botha [ngwolk@mweb.co.za](mailto:ngwolk@mweb.co.za))

## **2.5 AANBEVELINGS: GRONDHERVORMING**

**2.5.1 Die Algemene Sinode herbevestig sy beginsel-standpunt ten gunste van grondhervorming (2002), met as voorbehoud dat die praktiese toepassing van die proses billik en ordelik en in die beste belang van kommersiële landbou sal verloop.**

**2.5.2 Die Algemene Sinode spreek sy dank uit teenoor die landbousektor en spesifiek die boere-gemeenskap vir die belangrike bydrae as werk-, voedsel- en behuisingverskaffer, en as stabiliseerder van landelike gemeenskappe.**

**2.5.3 Die Algemene Sinode neem met dank kennis van suksesvolle bemagtigingsprojekte in die landbou, maar spreek sy kommer uit oor talle voorbeelde waar die oordrag van produktiewe landbougrond tot boerdery-mislukkings en die verlies van werkgeleenthede lei.**

**2.5.4 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering en die Departement Landbou en Grondsake dat die afhandeling van die uitstaande grondeise billik en deursigtig sal verloop, en dat die vestiging van landbou- en bestuursvaardighede 'n integrale deel van die oordrag van produktiewe landbougrond sal wees. Die sinode doen ook 'n beroep op alle rolspelers om by nuweboer-vestiging maksimaal gebruik te maak van vennoot- en mentorskappe met die oog op die oordrag van kundigheid.**

**2.5.5 Die Algemene Sinode doen 'n beroep op die regering om alles moontlik te doen om die veiligheidsituasie in landelike gebiede te verbeter ten einde die omvang van misdad, plaasaanvalle en -moorde te bekamp en 'n gunstige boerdery-omgewing te verseker.**

**2.5.6 Die Algemene Sinode versoek gemeentes om vol te hou met die bediening van versoening, en om waar moontlik 'n bemiddelende rol te speel tussen mense en gemeenskappe met die oog op wedersydse aanvaarding, respek en goedgesindheid.**

**2.5.7 Die Algemene Sinode besluit om spesifiek voorbidding te doen vir lidmate wat swaarkry as gevolg van die veiligheidsituasie op plase en die effek van grondeise, en doen 'n beroep op gemeentes om hierdie lidmate pastoraal te ondersteun.**

**2.5.8 Die Algemene Sinode kontinueer die opdrag aan die Taakspan: Grond- en Landelike Hervorming, met die versoek dat hierin met ander kerke en ekumeniese liggame saamgewerk word.**

## A.3.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: **BEDIENING**

### 1. PREDIKANTE A-Z

(vgl Agenda Deel I bl 132 pt 4, bl 232 en Agenda Deel II bl 21)

1.1 Die Taakgroep het dit onder aandag gebring dat daar foute in hulle verslag soos voorsien vir Agenda Deel I is: (a) In Hoofstuk 6 is “proponent” per ongeluk op talle plekke deur ‘n verkeerde *search and replace* met “predikant” vervang. (b) In die res van die dokument is daar enkele errata wat aangebring moet word.

1.2 Hoofstuk 6 in Agenda Deel I word vervang met **Bylaag 1** wat direk hierna volg.

1.3 Die volgende lys van errata word onder die Algemene Sinode se aandag gebring:

(1) Voorwoord (bl 232): “emiritaat” in diagram moet wees *emeritaat*

(2) Hoofstuk 4 (bl 242 pt 4.2.5.1): die verwysing “sien 1.4.6” moet wees *sien 4.2.4.6*

(3) Hoofstuk 5 (bl 250 pt 5.7.3.1 par 1 laaste reël): “n predikantsjaar” moet wees *‘n proponentsjaar*

(4) Hoofstuk 5 (bl 251 pt 5.7.4.1 laaste par 2e laaste reël): “tydens predikantseksamen” moet wees *tydens proponentseksamen*

(5) Hoofstuk 7 (bl 258 pt 7.3.2 ii) 2e reël): “Predikantseksamenkommissie” moet wees *Proponentseksamenkommissie*

(6) Hoofstuk 8 (bl 262 pt 5): moet nie “bold” wees nie. Skrap laaste “word” in laaste paragraaf.

**Belangrik: skrap die aanbevelings Voortgesette Teologiese Opleiding op bl 22 van die Agenda Deel II**

(7) Hoofstuk 11 (bl 273 pt 11.3.2 2e reël): “predikantaal” moet wees *pastoraal*

(8) Afdeling B (bl 275): “emiritaat” in diagram moet wees *emeritaat*

1.4 Alle errata sal in die finale gedrukte kopie aangebring word.

## HOOFSTUK 6

### 6. LEGITIMERING EN ORDENING

#### 6.1 ONDERSKEID LEGITIMASIE EN ORDENING

##### 6.1.1 Legitimasie

Legitimasie is die verlening van bevoegdheid aan 'n persoon en die beskikbaarstelling van daardie persoon aan die kerkverband met die oog op beroeping. Bepaling 2.1 van Reglement 3 omskryf dit as iemand wat:

2.1.1 *die innerlike roeping van die Here ontvang het,*

2.1.2 *die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het,*

2.1.3 *aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is...*"

Die tradisionele onderskeid tussen legitimasie en ordening is dat ordening eers plaasvind na die uitwendige roeping deur 'n gemeente.

##### 6.1.2 Ordening

Deur ordening (bevestiging) word die leraar wat deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is in die amp bevestig. Ordening beteken die amptelike (ordelike) handeling van die kerk waardeur 'n opgeleide persoon in diens van die Evangelie gestel word. Dit dui op die **proses** waardeur die kerk bevestig dat 'n persoon diensbaar aan die Evangelie is sowel as **die liturgiese praktyk** waardeur so 'n persoon toegelaat word tot die amp. Die liturgiese praktyk geskied by wyse van 'n formulier, deur gebed en met handoplegging.

Die huidige bepalings beteken dus dat 'n proponent deur bevestiging die bevoegdheid van predikant ontvang. Bepaling 1.2 van reglement 3: *"Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur die daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom/haar sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy/sy hulle amp binne gemeentelike of kerkverband beklee nie."*

#### 6.2 ONDERSKEID: INWENDIGE EN UITWENDIGE ROEPING EN BEVOEGDHEID AS PROPONENT EN PREDIKANT

##### 6.2.1 Inwendige roeping

Dit is wanneer iemand die innerlike roeping ontvang. Legitimasie is die finale bevestiging van 'n persoon se inwendige roeping en die beskikbaarstelling van 'n opgeleide persoon aan die kerkverband in afwagting op die uitwendige roeping. Op hierdie stadium word aan so 'n persoon die bevoegdheid van proponent verleen. (*"'n Proponent is iemand wat die vereiste teologiese opleiding deurloop het, deur middel van legitimasie vir die bediening van die Woord bevoeg verklaar is en beskikbaar is om 'n beroep te ontvang."* Bepaling 3.1 van Reglement 3)

##### 6.2.2 Uitwendige roeping

Dit is wanneer iemand wat innerlike geroep is, die nodige opleiding ondergaan het, goedgekeur is vir evangeliebediening en dan beroep (uitwendig geroep) en georden word om Evangeliedienaar te wees. So 'n persoon ontvang die bevoegdheid van predikant. (*"'n Predikant is iemand wat ook deur 'n gemeente of ander kerklike instansie beroep is, en in die amp bevestig is"* Bepaling 2.1 van reglement 3).

#### 6.3 BEVOEGDHEID PROPONENT

Die huidige bepalings verwoord 'n beskouing dat persone wat nie 'n uiterlike roeping ontvang het nie, se dienswerk net beperk is tot Woordverkondiging. Proponente mag op uitnodiging van 'n kerkraad die Woord tydens eredienste en ander geleenthede verkondig (Bepaling 3.2 van Reglement 3). Proponente mag nie sakramente bedien nie (Die Algemene Sinode van 2004 het juis hierdie aspek vir verdere studie verwys: *"of daar sekere bedieningstake (bv sakramentsbediening) slegs aan die bevestigde leraar toevertrou kan word en of sodanige take ook deur nie-bevestigde leraars uitgevoer kan word."* Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p. 18).

Proponente mag nie simboliese gebare wat gepaard gaan met die Woordbediening en liturgie uitvoer nie (die Algemene Sinode van 2004 het hierdie aspek vir verdere studie verwys: *"Beskrywingspunt Noord-Transvaal: Die Algemene Sinode word versoek om goed te keur dat proponente die simboliese gebare by seëngroet en seën, wat gepaard gaan met die Woordbediening in die liturgie en prediking, kan uitvoer."* Besluiteregister Algemene Sinode 2004 punt 5 p.18)

Die betrokke reglement spreek hom nie uit oor ander aspekte van die dienswerk van predikante wat proponente nie beskore is nie. Hier word byvoorbeeld gedink aan die diens van gebede; die kerklike

onderrig, in samewerking met die ander ampte en die gelowiges; die behartiging van die herderlike sorg, veral in die vorm van huisbesoek, saam met die kerkraadslede en die ywer vir die uitbreiding van die koninkryk van God. Dit is gestaltes van dienswerk wat in praktyk gereeld deur predikante behartig word en wat nie op goeie teologiese gronde weerhou kan word nie.

Predikante beklee die amp soos omskryf in Artikel 9 van Die Kerkorde.

#### **6.4 MOET 'N PREDIKANT AAN 'N GEMEENTE GEKOPPEL WEES VIR BEVOEGDHEID?**

Reglement 3 bepaal in 1.3: *“Die amp funksioneer binne gemeentelike verband met dien verstande dat persone in 2.3 genoem, naamlik die wat deur die kerkverband beroep is as dosente aan die teologiese opleidingsentra van die NG Kerk of in diens van ringe, sinodes of die Algemene Sinode, per ooreenkoms met 'n gemeente in 'n gemeente beroep en bevestig kan word. Predikante in diens van die Kerkverband en teologiese dosente het beperkte ampsbevoegdheid wat beperk is tot die bediening van Woord en sakramente tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met 'n gemeente na die gemeente beroep en bevestig is as predikant. In laasgenoemde geval verkry hulle volle ampsbevoegdheid.”*

Dit is duidelik dat ampsbevoegdheid en ampsbegrip in die NG Kerk baie sterk aan 'n gemeente gebonde is. Dit bou voort op 'n bedieningverstaan wat baie sterk op die instandhouding van die gemeente fokus. Die byna eksklusiewe koppeling aan 'n gemeente het die NG Kerk reeds voor etlike praktiese probleme gestel. Daar bestaan al soveel uitsonderings op die sterk koppeling aan 'n gemeente dat dit alleen die kerkverband noop om opnuut na te dink oor die teologiese begronding van die koppeling van die predikant net aan 'n gemeente. Van die uitsonderings is:

- (1) Dosente wat beroep word om studente aan teologiese opleidingsentra op te lei;
- (2) Kapelane word deur gemeentes beroep, maar waar 'n gemeente nie gevind kan word nie of waar praktiese omstandighede dit noodsaak, word kapelane deur die Algemene Sinode beroep;
- (3) Sekretarisse van die Bybelgenootskap word deur die Algemene Sinode beroep;
- (4) Hoofde van kinderskole word deur die Algemene Sinode beroep;
- (5) Predikante in sinodale diens het die bevoegdheid van predikant, hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie.

Die saak word verder gekompliseer weens die groot aantal uitsonderings wat veroorsaak dat persone predikantsbevoegdheid ontvang hoewel hulle nie binne gemeentelike verband funksioneer nie, soos in gevalle waar:

- (6) Predikante ingevolge Kerkorde artikel 12.7.2 en 12.7.3 demissie ontvang het;
- (7) Emeriti ingevolge Kerkorde artikel 14 uit diens tree;
- (8) Predikante ingevolge bepaling 2.5.1.2 van die Reglement vir die Sending/Getuie van die NG Kerk deur kerkvergaderings of hulle gemagtigdes uitgestuur word vir getuie van die NG Kerk werk by ander kerke of sendingorganisasie aanvaar, kan egter net proponentsbevoegdheid behou.

Die vraag ontstaan of die kerkverband nie alle proponente, wat reeds geskik bevind is om beroep te kan word, kan orden nie?

Ons bestaande reglement bind die funksionering van die amp so sterk net aan 'n gemeente dat dit nie ruimte laat vir die missionêre aard van die kerk se werk, die kerk se roeping teenoor die wêreld en al hoe meer geleenthede wat daar vir die kerkverband oopgaan om die wêreld te bedien met die Evangelie en die praktyk van die Evangelie. Die sterk binding van die amp aan 'n gemeente alleen, en slegs by uitsondering aan werk in diens van die kerkverband, verskraal die moontlikhede.

Die waarskuwing van Guder, met verwysing na Dawid Bosch se werk, is hier toepaslik: *“Across Christian history the challenge has been to form the church's institution to serve its mission, and the problem has been that the ways in which the institution has taken over and shaped the mission. That institutional takeover has invariably been reductionistic of the gospel and the church's missional vocation.”* (Guder, D.2000 The continuing conversion of the church. Grand Rapids Eerdmans:182)

Die ondersoek na 'n Nuwe-Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die NG Kerk (Agenda Algemene Sinode 1998. p. 217-221) het reeds aangedui dat die kerk in die lig van sy bedieningsopdragte soos in die Skrif gegee en die praktiese situasies waarbinne die onderskeie gemeentes hulle bevind, die spesifieke bedieningsvereistes kan bepaal.

Erns met die Roepingsverklaring van die NG Kerk (Algemene Sinode 2002) sal noodwendig lei tot 'n ruimer verstaan van die amp en die oopmaak van geleenthede om juis uitvoering te gee aan die Roepingsverklaring. Die Roepingsverklaring lui onder meer:

*“verbind ons ons opnuut tot ons vasteland, in die besonder Suider Afrika. Die tragiese verhale van die*

*allerverskriklike vorms van geweld, die geweldige omvang van armoede en gevolglike hongersnood, die gevolge van die vigs-pandemie, die gebrek aan respek vir mense, diere en die omgewing en ook ons aandeel daaraan, het ons ontstel. Die Sinode betuig sy meegevoel aan die talle slagoffers. Ons wil ook 'n verskil maak. Daarom verbind ons ons om mee te werk aan oplossings vir ons samelewing. Ons stel ons as kerk beskikbaar om op elke vlak waar ons kan help betrokke te raak. Ons verseker die owerheid van ons voorbidding en ons verbintenis tot diens aan die gemeenskap;*

*verbind ons ons tot groter eenheid met ander kerke. Ons wil graag herenig met ons kerkfamilie, soos ons glo God dit wil hê. Ons wil ook graag ons ekumeniese bande bevestig en uitbrei en saam met alle ander Christene hande vat om ons lande op te bou en pynlike omstandighede te verlig;*

*roep ons gemeentes op om by die genesing van ons land betrokke te raak. Ons dank die Here vir die toewyding van lidmate en die talle positiewe aksies waarvan ons orals hoor. Kom ons wys die wêreld opnuut dat ons as "sout van die aarde" en "lig van die wêreld" God se Koninkryk wil laat kom.*

## **6.5 'N NUWE BENADERING**

### **6.5.1 AANBEVELING**

Daar word in die lig van bogenoemde voorgestel dat:

- (1) weggedoen word met die hele konsep van bevoegdheid as proponent;**
- (2) besluit word dat persone wat gelegitimer is en voldoen aan die vereistes gestel in Bepaling 2.1 van Reglement 3, naamlik as iemand wat: "2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het, 2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het, en 2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is..." bekend staan as 'n predikant;**
- (3) besluit word dat aan so 'n persoon al die bevoegdhede verleen word wat in Artikel 9 beskryf word, met dien verstande dat sekere van die bevoegdhede net uitgeoefen kan word wanneer die uiterlike roeping gestalte vind in die beroeping na 'n gemeente. Hier word verwys na die regering, organisasie, leiding en bestuur van die gemeente saam met die ouderlinge en diakens; die uitoefening, saam met die ouderlinge en diakens, van die opsig en tug oor die gemeente en die gee van leiding aan kerkraads- en ander kerkvergaderinge;**
- (4) teologiese studente wat hulle studies voltooi en aan die vereistes voldoen, georden word as predikante en diensbaar gestel word aan die kerkverband, maar ook aan die sending van die kerk aan die wêreld.**
- (5) 'n predikant telkens met die aanvaarding van 'n beroep in die nuwe werkring, georden word as uitdrukking van die uitwendige roeping.**

### **6.5.2 Motivering**

- 1 Die wegdoening met die konsep van bevoegdheid as proponent verlos die kerkverband van uiters komplekse prosedures om die onderskeie bevoegdheidsregisters by te hou en telkens veranderings aan te bring na gelang van die situasie.
- 2 Die wegdoening van die konsep van bevoegdheid as proponent los die onhoudbare situasie op dat proponente nie sakramente mag bedien nie en bied dus 'n antwoord vir die anomalie dat daar tans 'n onderskeid in die NG Kerk bestaan tussen Woord- en Sakramentsbediening. Die belydenisskrifte handhaaf die gelykheid van Woordbediening en Sakramentsbediening en verskeie Gereformeerde kerke onderskei nie bevoegdheid om die Woord te bedien van die bevoegdheid om sakramente te bedien nie.
- 3 Die belangrike rol van uitwendige roeping hoef nie vertolk te word in 'n ander benaming nie. Daar is geen rede hoekom persone wat gelegitimer is nie as predikante bekend kan staan nie. Die uitwendige roeping vind nie neerslag in 'n benaming nie, wel in bediening.
- 4 Die groeiende besef van die belang van missionêre kerkwees het ingrypende gevolge vir die verstaan en verruiming van die rol van ampte en in die besonder die rol van die predikant. Predikante word nie net opgelei om bestaande gemeentes in stand te hou nie, maar ook om as gestuurdes deel te neem aan God se sending na die wêreld. Die beroeping na 'n gemeente is nie die enigste vorm van uitwendige roeping nie. Die taak teenoor die wêreld kan ook beteken dat die kerkverband al sy gelegitimerdes beskikbaar stel om op verskillende wyses deel te neem aan God se sending na die wêreld.

## **6.6 LEGITIMASIE/ORDENING**

### **6.6.1 Gemeente**

Getuienis oor geskiktheid vir legitimasie: Aangesien die opleiding voorsiening maak dat die student die laaste studiejaar 'n gemeentejaar doen, is dit die mees onlangse gemeente waarvandaan 'n getuienis ingewin kan word.

Reglement 14 bepaal:

*"5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die*

onbesprokenheid van gedrag.”

Die bepaling kan gehandhaaf word.

## **6.6.2 Ring**

### **6.6.2.1 Finale evaluering**

Die uitkoms van die begeleidingsproses is 'n finale verslag wat die begeleidingskommissie in gesprek met die teologiese student opstel.

Die verslag gee aandag aan:

- (1) Die student se roeping
- (2) 'n Persoonlike getuigenis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God
- (3) Die student se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die Gereformeerde leer te ontvang
- (4) Die student se getuigenis oor sy/haar lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.
- (5) Die student se getuigenis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeieleenthede.

Die finale verslag word deur die Kuratorium ontvang met die oog op toestemming tot legitimasië.

### **6.6.2.2 Verslag aan kuratorium**

Daar word aanbeveel dat die ring 'n verklaring oor die geskiktheid vir legitimasië uitreik na luid van die volgende: *“'n Verklaring van die ring binne wie se resort die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag”*, en dat die betrokke Reglement dien ooreenkomstig gewysig word.

## **6.6.3 Sinodale verband - Kuratorium**

### **6.6.3.1 Legitimasië**

Artikel 5 van Die Kerkorde bepaal:

*“5.1 Vir die toelating tot die bediening van die Woord word vereis:*

*5.1.1 'n geskiktheid vir die amp;*

*5.1.2 'n deeglike teologiese opleiding; en*

*5.1.3 die ondertekening van die legitimasiëverklaring waarin die ondertekening van die Formuliere van Eenheid vervat is.”*

### **6.6.3.2 Aanmelding by AS (ATR)**

Die rol van die Algemene Sinode word verduidelik in Reglement 14.

Die Eksamenkommissie ondersoek kandidate met die oog op toelating. Die omvang word as volg vasgestel in bepaling 5.1.2 van Reglement 14:

#### **“5.1.2 Omvang van proponentseksamen**

*5.1.2.1 Die proponentseksamen bestaan uit 'n ondersoek na die akademiese kennis en bedieningsvaardighede van die studente en word deur die eksamenkommissie van die kuratoria afgeneem.*

*5.1.2.2 Die ondersoek na die bedieningsvaardigheid word deur die eksamenkommissie gedoen met die oog op die volgende:*

*5.1.2.2.1 die geskiktheid van die kandidaat om die Kerk ooreenkomstig die Skrif en die Belydenis te dien en sy/haar innerlike gehegtheid aan die leer van die Kerk;*

*5.1.2.2.2 sy/haar beweegredes om bedienaar van die Woord te word en sy/haar persoonlike godsvrug (soos onder meer verwoord in die Profiel van die Afgestudeerde student);*

*5.1.2.2.3 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van die predikkunde, ook deur mondelinge voordrag wat, indien moontlik, voor 'n lid van die eksamenkommissie gelewer is. Met die oog hierop moet 'n voorgeskrewe proefpreek 'n maand voor die eksamen ingelewer word;*

*5.1.2.2.4 sy/haar bekwaamheid in die beoefening van pastorale sorg, waarvoor die eksamenkommissie insae het in die vertroulike verslag van die leraar(s) onder wie die student sy/haar praktiese werk in 'n gemeente gedoen het.*

*5.1.2.2.5 Verder word die geskiktheid van die kandidaat in 'n samespreking tussen die eksamenkommissie en die raad van NG Kerk-dosente bespreek. Die raad van NG Kerk-dosente bevestig skriftelik dat die kandidaat die voorgeskrewe kursusse met vrag gevolg het en die eksamen suksesvol afgelê het; dat onder toesig van 'n diensdoende leraar van die Kerk ondervinding opgedoen het van die vereiste praktiese aspekte van die gemeentelike bediening; dat onder die toesig van een van die dosente 'n proefpreek gelewer is en dat die kandidaat se gedrag onbesproke is.*

#### **5.1.3 Bykomende vereistes**

*5.1.3.1 'n Verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die*

*onbesprokenheid van gedrag.*

5.1.3.2 *'n Mediese sertifikaat op 'n voorgeskrewe vorm ten opsigte van goeie gesondheid. Bostaande stukke moet een maand voor die eksamen by die skriba van die Eksamenkommissie ingelewer wees. Die skriba lê by die aanvang van die eksamen die stukke aan die eksamenkommissie voor.*

5.1.3.3 *Bewys van deurlopende sielkundige evaluering soos deur die kuratorium bepaal."*

### **6.6.3.3 Legitimasie**

Bepaling 5.3 van Reglement 14:

#### **"5.3 Legitimasie**

5.3.1 *Die Algemene Regskommissie behartig die legitimasië van goedgekeurde kandidate (KO Artikel 6). Hierdie kommissie sien toe dat die legitimasiëverklaring afgelê en onderteken word.*

#### **5.3.2 Plegtige toelating**

*Die geëksamineerde word met 'n gepaste woord deur die aktuaris van die Algemene Sinode of 'n lid van die Algemene Regskommissie tot die evangeliebediening toegelaat. In die reël geskied dit by geleentheid van 'n openbare kerklike byeenkoms wat vir die doel as afsluiting van die jaar se werksaamhede in oorleg met die kuratorium gereël is. 'n Akte van Legitimasie namens die Algemene Sinode, onderteken deur twee lede van die Regskommissie, word aan hom/haar uitgereik. Die gelegitimeerde kry die bevoegdheid van proponent".*

## **6.7 ORDENING EN BEROEPING**

Beroeping en Bevestiging geskied volgens die bepalings van die *Kerkorde*.

## A.3.4.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: *BEDIENING*

### 1. KERKLIKE TRIBUNALE

(vgl Agenda Deel I bl 325 pt 1.4 en Agenda Deel II bl 24)

#### AANBEVELING: KERKLIKE TRIBUNALE

Die ATR beveel by die Algemene Sinode aan dat die verslag oor Kerklike Tribunale vir bespreking na die sinodes (met die versoek dat hulle verder raadpleeg in die sinodale gebied) verwys word vir kommentaar aan die ATR, met verslag aan die volgende vergadering van die Algemene Sinode. Die saak moet ook via die ASM met die NG kerkfamilie en die kerke binne die TKR bespreek word.

### 2. BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE

Die ATR wag die verslag van ADGO in en sal na bevind van sake handel.

#### AANBEVELING: BEVOEGDHEID VAN PROPONENTE TOV SAKRAMENTE

Die Algemene Sinode neem kennis.

### 3. KONTRAKPOSTE

(vgl Agenda Deel I bl 338 pt 2)

Die ATR hou die volgende studiestuk aan die Algemene Sinode voor:

Iemand kan slegs predikant wees indien hy/sy behoorlik beroep is, die nodige approbasie verkry het en bevestig is (Art 7). Die amp as predikant funksioneer binne gemeentelike verband (Regl 3:1.3). Die bevoegdheid vir die uitvoering van die werk van die bedienaar van die Woord is nie geleë in bepaalde vermoëns of besondere kwaliteite, of 'n aparte geestelike stand wat beklee is met 'n blywende eer of mag en wat deur die daad van ordening verkry word nie. Daar bestaan nie so iets soos 'n ampstatus wat aan die persoon kleef en aan hom/haar sekere regte en bevoegdhede verleen sonder dat hy/sy hulle amp binne gemeentelike of kerkverband beklee nie (Regl 3.1.2).

Alle predikantsposte is kontrakposte, want vir elke moontlike predikantspos word 'n diensooreenkoms of dienskontrak, hetsy vir 'n onbepaalde periode of 'n vasgestelde termyn, opgestel.

Die faktore wat in ag geneem moet word wanneer 'n predikantspos in die gemeente geskep of gevul word is:

- Die konteks en bedieningsbehoefte van die gemeente
- Die omstandighede van die leraar/proponent
- Die belang van die kerkverband

#### Moontlike predikants- of leraarsposte

##### 1. Permanente leraarsposte

**1.1 'n Permanente leraarspos as 'n "Volle pos" (KO Art 4, 6, 7, 8 en 11)** Dit beteken dat die predikant voltyds vir die gemeente beskikbaar is en volledig deur die gemeente onderhou word. So 'n predikant word deur die gemeente beroep en in sy/haar amp as predikant van die gemeente bevestig. Dit is 'n permanente pos en diensbeëindiging geskied net by dood, aftrede (Art 14), tughandeling (Art 64), wangedrag (Art 12b2.1), onbekwaamheid of ongeskiktheid (Art 12b2.2) en finansiële onvermoë van die gemeente (Art 12b2.3). Wanneer so 'n predikant bedank, is dit met verlies van bevoegdheid, behalwe in gevalle waar hierdie predikant 'n berekking aanvaar wat 'n geestelike karakter dra wat regstreeks verband hou met die verkondging van die Woord en ten bate van die NG Kerk geag word. Dan kan hy/sy by die ATR verof ontvang om proponentsbevoegdheid te behou – Art 11). So 'n predikant kan ook as afgevaardigde van die gemeente volledig deelneem aan die werksaamhede van meerdere vergaderings.

**1.2 'n Permanente predikantspos as Tentmaker (KO Regl 19 Algemene Sinode)** Indien 'n gemeente 'n behoefte het aan 'n (verdere) predikantspos in die gemeente, maar nie in staat is om 'n volle predikantspos te dra nie, mag daar tot die beroeping van 'n predikant vir tentmakerbediening oorgegaan word. Reglement 19 (KO 2004) gee volledige riglyne vir die implementering van so 'n pos. Soos met 'n volle pos word die leraar as tentmaker na die gemeente beroep en as predikant van die gemeente bevestig. Daar



is ook nie 'n termyn gekoppel aan so 'n pos nie. Diensbeëindiging geskied soos by 1.1 hierbo (Regl 19:4.9). Wanneer die predikant bedank, is dit met verlies van bevoegdheid (met die uitsondering soos uiteengesit in Art 11). Die predikant kan ook afgevaardig word en deelneem aan die werksaamhede van die kerkverband. Die probleem met so 'n pos is wel dat die voortbestaan van so 'n pos direk afhanklik is van die voortbestaan van die ander werkgewer en/of besigheid waaraan die predikant kontraktueel verbind is.

## **2. 'n Termyn- en taakbepaalde pos (KO Art 11b1-3)**

Hierdie tipe pos het die afgelope paar jaar sy verskyning op die kerklike toneel gemaak. Die bedoeling van die pos is nie soseer om 'n predikant vir 'n bepaalde termyn aan te stel nie, maar eerder vir 'n bepaalde taak wat binne 'n bepaalde termyn afgehandel kan word. Die feit dat daar bitter min voorskrifte rakende die pos is, maak dat die betrokke pos soms tot misbruik lei. Die aantreklikheid vir die pos is geleë in die feit dat die persoon predikantsbevoegdheid kry, beroep word en vrystelling kry van die gemeente se pensioenaandeel. Die bedoeling van die pos is dat 'n persoon vir 'n bepaalde tyd (verkieslik nie meer as 1 jaar nie) en vir 'n bepaalde (gespesifiseerde) taak beroep word. Die oomblik wanneer daar aan so 'n pos die moontlikheid van verlenging of permanensie gekoppel word, skep dit arbeidsregtelike probleme met gepaardgaande risiko's. Elke werknemer het die reg om billik ontslaan te word. Volgens ART186(b) van die Wet op Arbeidsverhoudinge beteken ontslag dat 'n werknemer redelikerwys van die werkgewer verwag het om 'n vaste termynkontrak op dieselfde of soortgelyke voorwaardes te hernieu, terwyl die werkgewer aangebied het om dit op minder gunstige voorwaardes te hernieu, of dit nie hernieu het nie. Met 'n termynbepaalde pos verval die kontrak dus aan die einde van die termyn. Die kerkraad kan wel aan die einde van die termyn met die betrokke leraar onderhandel om vir nog 'n termyn aan te bly of die pos weer bekend te stel en 'n nuwe ooreenkoms met 'n persoon vir 'n volgende termyn aangaan. Hierdie termynbepaalde pos kan of 'n voltydse pos (soos 1.1 hierbo) of 'n tentmakerpos (soos 1.2 hierbo) wees. Hierdie is 'n pos wat tot groot misbruik kan lei, want as so 'n pos jaar na jaar hernu word, is dit nie meer 'n termynbepaalde pos nie, maar 'n permanente pos. 'n Leraar wat in so 'n pos is, kan die gemeente as afgevaardigde op meerdere vergaderings verteenwoordig. 'n Predikant in so 'n pos kan nie kwalifiseer as 'n lid van die pensioenfonds nie. Om dus so 'n beroep aan te neem, moet hy/sy toestemming kry om nie deel van 'n pensioenfonds te wees nie.

## **3. 'n Pastorale hulp**

Die bedoeling van 'n pastorale hulp is nie om 'n voltydse leraarspos te vervang nie, maar om 'n leraar van hulp te wees of ten tye van 'n vakature in die leraarspos die gemeente, met goedkeuring van die ring, behulpsaam te wees. Daar is nie sprake van 'n beroep nie. 'n Leraar wat vir die pos in aanmerking kom, is óf 'n afgetrede leraar, óf 'n leraar wat met behoud van bevoegdheid (vgl KO Art 12), of 'n leraar wat in 'n termynbepaalde pos was (vgl KO Art 11b3). Hierdie pos is hoofsaaklik tydelik van aard en behels gewoonlik 'n afgebakende posoms krywing. Die persoon dien slegs op die kerkraad indien hy/sy as ouderling of diaken verkies word. Indien daar slegs so 'n pos binne die gemeente is, is die predikantspos(te) binne die gemeente dus vakant en KO Art 26.2 bepaal dat 'n kerkraad bestaan uit die bedienaars van die Woord, asook ouderlinge en diakens wat as kerkraadslede verkies is. Wanneer 'n leraarspos vakant is, benoem die ring 'n konsulent om die noodsaaklike ampspligte in oorleg met die kerkraad waar te neem. Die kerkraad is dus kerkordelik verplig om, wanneer hulle 'n kerkraadsvergadering hou, dit in die teenwoordigheid van die konsulent sal wees (KO Art 28.4).

## **4. Gekoppel aan die gemeente (KO Regl 3:1.3-1.4 Algemene Sinode)**

Predikante in diens van die kerkverband (PSD's) en teologiese dosente het beperkte ampsbevoegdheid wat beperk is tot die bediening van Woord en sakramente tensy hulle, benewens hulle verbandswerk, ook per ooreenkoms met 'n gemeente na die gemeente beroep en bevestig is as predikant. In laasgenoemde geval verkry hulle volle ampsbevoegdheid. Daar is 'n sekere voorwaardelikheid aan hierdie koppeling. Sodra die diens by die ander instansie beëindig word, eindig dit ook die koppeling aan die gemeente – of daar moet 'n nuwe dienskontrak opgestel word. As die diens by die ander instansie eindig, eindig dit ook by die gemeente. Leraars wat by Christelike organisasie werksaam is, kan nie aan die gemeente “gekoppel” word nie. Hulle kan wel as tentmakers beroep word, mits hulle ook binne die gemeente werksaam is.

## **5. Uitgestuur as sendeling deur die gemeente (KO Regl 18 Algemene Sinode)**

Daar is twee maniere waardeur 'n leraar as sendeling uitgestuur kan word en in

Regl 18 word al die implikasies van beide maniere uitgespel:

- Uitgestuur deur die kerkraad in oorleg met die ring/sinode.
- Uitgestuur deur die kerkraad in samewerking met ander kerke en ander sendingorganisasies.

## **AANBEVELING: KONTRAKPOSTE**

**Die Algemene Sinode neem kennis van die stuk en versoek die ATR om 'n reglement vir termyn- en**

#### 4. BEDANKING VAN 'N LERAAR – REGLEMENT 3 – 6.1.4

Die ATR het die versoek van die Noordelike STR bespreek om ook weer te kyk na punt 6.1.4 van Reglement 3 (Bevoegdheid van Predikante en Proponente) in die lig van die vraag: "Is dit te alle tye nodig dat 'n predikant, wat om een of ander geldige rede as predikant van 'n gemeente bedank, ook daarmee sy bevoegdheid verloor?", en het die STR van die Noordelike Sinode versoek om hierdie studie te doen saam met die ATPB. Die volgende studiestuk is ontvang:

##### Achtergrond

Die navraag het gehandel oor'n leraar wat in 'n gemeente werksaam is en met *bona fide* redes die bediening wil verlaat. Geen tug of dissiplinêre optrede is hier ter sprake nie. In die praktyk beteken dit dat leraar met ampsbevoegdheid net nie meer sy weg oopsien om in die bepaalde werkkring voort te gaan met sy bediening nie. So leraar spreek hom dan ook uit dat hy/sy nie die behoefte het om die bediening permanent te verlaat nie, maar moontlik later weer tot die bediening sal terugkeer.

In die praktyk beteken dit dat so leraar bedank en sy ampsbevoegdheid verloor. Om weer ampsbevoegdheid te verkry, moet 'n hele proses deurloop word soos beskryf in Reglement 3 punt 7 omskryf word.

##### Huidige proses

Hierdie saak kan nie in isolasie hanteer word nie. Verslae wat voor die komende Algemene Sinode (Junie 2007) gaan dien wat ter sprake is, is die A-Z beleid en die verslag oor die tribunale.

In die A-Z beleid asook die Kerkorde word verwys dat die predikant sy ampsbevoegdheid verloor deur bedanking. Die behoefte/leemte is om die Kerkorde so te wysig dat daar ook gevalle kan wees waar'n leraar met *bona fide* redes uit die bediening kan tree sonder dat die verlies van ampsbevoegdheid ter sprake is.

#### **AANBEVELING: BEDANKING VAN 'N LERAAR**

##### **Wysig artikel 11 om te lui:**

- 11.1 Predikante kan die kerkdiens slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.
- 11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.
- 11.3 Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame *bona fide*<sup>1</sup> redes is om 'n ander betrekking<sup>2</sup> te aanvaar.

##### **Besluit by Artikel 11**

- 11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie.
- 11b2 'n Emeritus, ouer as 65 jaar maar jonger as 70 jaar, kan vir 'n bepaalde taak en termyn van hoogstens twee jaar beroep word.
- 11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.
- 11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.

#### 5. ARTIKEL 48.2

5.1 Die ATR het die versoek van Natal bespreek dat ondersoek gedoen word dat *Kerkorde* Art 48.2 so gewysig word dat 'n oper liturgie moontlik kan wees om ook die gebruik van ander liedere as die *Liedboek* moontlik te maak.

Die ATR het die ASM dringend versoek om 'n proses voor te stel oor hoe die *Kerkorde* Teologies-ekklesiologies verantwoord herskryf kan word. Gedagtes wat oorweeg kan word, is onder meer die volgende:

1. Die bydrae wat Teologiese opleiding in hierdie verband kan lewer.
2. Die fasilitering van 'n gesprek tussen die ATR en ander Taakgroepe.

3. Die rol van die Roepingsverklaring in die *Kerkorde*.
4. Vergelyking met ander hedendaagse *Kerkordes*.
5. Assosiasie met die NG Kerkverband.
6. Eietydse interpretasie van die Belydenisskrifte en Formuliere.
7. Besondere aandag aan Art 48.2
8. Die implementering van godsdiensvryheid in die kerkverband.

Die ADGO het intussen 'n studiestuk opgestel oor Ekklesiologie. Die ATR beveel aan dat die nuwe ATR in die lig van die besluit van die Algemene Sinode na aanleiding van die studiestuk handel.

#### **5.2 AANBEVELING: ARTIKEL 48.2**

**Die Algemene Sinode versoek die ATR om met *Kerkorde* Art. 48.2 te handel in die lig van die besluit van die Algemene Sinode by die studiestuk van ADGO oor *Ekklesiologie*.**

## **6. BEROEPING VAN EMERITI**

**6.1** Na aanleiding van die navraag rondom die moontlikheid van beroeping van 'n afgetredene, het die ATR geantwoord dat Emeriti tans nie na die bereiking van die ouderdom van 65 jaar weer beroep mag word nie. Vir die huidige kan sy dienste as pastorale hulp gebruik word. Daar word egter aanbevelings gedoen oor wysigings by die besluite by *Kerkorde* Art.11.

#### **6.2 AANBEVELING: BEROEPING VAN EMERITI**

**Sien die aanbevelings by punt 3 en 4 van hierdie verslag.**

## **7. TOELATING VAN DOWE TOT DIE AMP**

'n Volgende studiestuk wat vra om besinning oor die moontlike toelating van dowes tot die amp, is deur die ATR ontvang:

Ons is dankbaar vir die aandag wat van AKTO en die ATR se kant aan hierdie "nuwe" saak gegee word. Ons weet dat 'n aangeleentheid soos hierdie by die eerste aanhoor dikwels vreemd klink. Daarom versoek ons u vriendelik om die kort uiteensetting hieronder te lees, en ons te help om hierdie belangrike saak ten beste te dien.

1. Dit is vir ons jammer dat die versoek tot toelating van Dowe studente saam met ander versoeke tot toelating (soos geestelike werkers en jeugwerkers in die horende kerk) hanteer word, dat daar verskillende aspekte is wat nog ondersoek moet word, en dat die saak nie nou afgehandel kan word nie.

U moet daarop let dat die bediening aan Dowes nie op dieselfde vlak lê as die bediening deur ander geestelike werkers nie. Geestelike werkers wat nie sakramente mag bedien nie, kan ten minste in dieselfde dorp 'n ander gemeente (selfs van buite die NG kerk) of 'n geordende predikant kry om vir hul lidmate sakramente te bedien. Dowe afgestudeerdes wat nie georden is om sakramente te bedien nie kan sodanige hulp slegs van ander gemeentes vir Dowes ontvang, en die Dowes sal tussen 300 en 800 km. moet reis na die naaste gemeente vir Dowes om in die sakramente te deel. Neem ook in ag dat daar tans in ons land tussen 600 000 en 800 000 Dowes is vir elke geordende leraar vir Dowes, en dat afgestudeerde Dowe studente, selfs as vervoer beskikbaar is, nie sal kan reken op hulp van ander leraars vir Dowes wat so 'n groot werklading het nie.

→ Kan die kerk asseblief vir ons help om 'n antwoord te kry: Wat moet ons doen met Dowes wat tot geloof kom indien daar niemand is wat naby genoeg is om aan hulle sakramente te bedien nie?

2. Die grootste rede hoekom ons glo dat ons studente georden moet word, en nie slegs as geestelike werkers kan gaan werk nie, is die Dowes se siening van 'n geordende predikant of pastoor.

By Dowes beteken die amp van predikant veel meer as wat die geval is by horendes. Die amp is vir hulle meer as 'n gevolmagtigde van die betrokke kerkgenootskap, dit funksioneer vir hulle baie soos 'n gesalfde, 'n God-gestuurde persoon wat die reg het om met jou te praat oor die Here, terwyl ander mense vir hulle nie daardie reg of toegang het nie.

- Daar is Dowes wat lidmate was in ons Gemeente, maar wat afgesny is, en wat nog altyd gehoor gee wanneer die predikant hulle besoek, terwyl hulle die ouderling (wat ook 'n geestelike werker is) totaal ignoreer.

- Nie-lidmate, selfs Dowes van ander kerke, neem die predikantsamp so ernstig

op, dat hulle die predikant inroep as finale gesaghebbende vredemaker in persoonlike of kerklike geskille.

- Selfs Moslem-Dowes aanvaar die predikantsamp so ernstig dat hulle bo-oor die godsdienverskil spring vir berading by die predikant van die NG kerk omdat hulle nie so 'n amptelike geestelike leier vir Moslem Dowes het nie.

Daar is geestelike werkers (selfs gegradueerdes) wat Dowes bedien wat self bely dat hulle nie werklik by die Dowes ingang sal kry totdat hulle georden is en as gevolmagtigde van die Here kan werk nie.

3. Die meeste van ons afgestudeerde studente sal moet gaan werk in areas waar daar tans geen kerk vir Dowes is nie, en hulle sal gemeentes vir Dowes moet gaan stig. Hulle sal nuwe lidmate moet gaan soek, ook Dowes wat uit families kom wat aan ander denominasies behoort. Hulle sal strukture moet aanlê en ondersteuning moet kry vir hul bediening en vir hul nuwe gemeente, sodat hulle vanuit daardie basis kan begin met hul groot werk om die ander onbereikte en weggesteekte Dowes op te spoor en te bearbei. Die eerste vraag wat Dowes en baie horendes vra wanneer strukture in die gemeenskap geskep en ondersteuning gevra word, is of hy of sy 'n predikant of pastoor is. Sonder hierdie amptelike erkenning van die kerk is bereidwillige medewerkers nie maklik bekombaar nie. Veral in 'n arm area waar Dowes die grootste las sal moet dra van die nuwe gemeente, is ordening van uiterste belang vir hierdie werk, en sal dit in party gevalle die verskil maak of die betrokke bediening of sending sal slaag of nie.

4. Dit is aan ons gesê dat 'n presedent geskep sal word indien Dowe afgestudeerdes georden sal word, en dat van die horende geestelike werkers ook dan sal versoek om georden te word.

→ Ons versoek is dat ons afgestudeerde studente nie toegelaat word tot 'n algemene ordening wat vir hulle magtig om by enige kerk te bedien nie (beperkte bevoegdheid). Ons Dowes kan nie goed genoeg kommunikeer met horendes in gewone gemeentes nie, daarom is hulle ingeskakel by 'n kerk vir Dowes. Die afgestudeerdes sal nie kan preek vir horendes nie, bloot omdat die horendes hulle Gebaretaal nie sal verstaan nie. Daar is dus geen grond vir die vrees dat hierdie studente later kan versoek dat hulle ordening ook vir horende lidmate en gemeentes geldig is nie: die kultuurkloof tussen dowe en horende is 'n natuurlike grens en beskerming hierteen. Dowes is in die verlede totaal afgeskeep deur die kerk (die oudste gereformeerde gemeente vir Dowes in Afrika is nou eers 33 jaar oud). Dit sal hartseer wees as ons nie hierdie geleentheid benut wat ons nou het om hulle te help nie.

→ Ons vra daarom dat die kerk nie hierdie versoek saam met die versoek van horende geestelike werkers sal hanteer nie, maar as 'n spesiale versoek.

5. Die nood by Dowes is so groot dat minder as 0,5% van die Dowes in ons land bereik word deur 'n kerk (enige denominasie). Ons glo nie daar is enige groep waar daar so baie onbereiktes en so 'n groot behoefte is nie. Ons glo ook nie daar is enige groep wat so moeilik bereikbaar is nie. En hier is vir die eerste maal nou Dowe studente wat hulleself aanbied om predikante en pastore vir Dowes te word wat gemeentes gaan stig en onbereikte Dowes gaan bearbei, iets wat die kerk lank gelede reeds moes begin het.

6. Ons gebruik die leerstof van Veritas Internasionaal. Dit is leerstof waarmee baie van ons kerk se predikante (ook van die lede van die kuratorium en regs kommissie) vertrou is en wat deur sommige in hul eie gemeentes aangebied word. Ons is baie dankbaar dat die interkerklike beheerraad van DCMA eenstemmigheid bereik het in hierdie keuse van lesmateriaal. Elke kerk het egter die geleentheid om gedurende die vierde jaar ekstra stof aan te bied indien hulle voel dat hulle studente meer moet weet of verder moet studeer. Die kerk het die geleentheid om binne die vermoëns van Dowes, die kursus soos wat hulle goeddink aan te vul.

7. Daar is afgevaardigdes van 12 kerke wat op ons komitee dien of ons ondersteun en met hulle onderskeie kerkgenootskappe skakel. Maar al die werk by DCMA word tans gedoen vanuit die strukture en geledere van die NG kerk. Die lesings word aangebied deur twee voltydse predikante van die NG kerk, die kampus, koshuise, hulpdosent, die administrasie, die voorsitter van die beheerraad en die ander tydelike dosente is almal van die NG kerk. Ons kerk kan met reg trots wees op dit wat tot stand gekom het en ons is dankbaar dat mense so positief reageer het op die roeping van die Here, selfs sonder waarborge vir hul toekoms.

Omdat ordening vir ons so belangrik is en ons eerste groep studente reeds in hulle tweede jaar is, sal daar waarskynlik nie weer 'n geleentheid vir die Algemene Sinode wees om oor hierdie saak te besin voordat die eerste studente aan die einde van 2009 afstudeer nie. Die vraag is: Wat moet hulle doen wanneer hulle klaar is en ons kerk hulle nie wil toelaat nie? Daar word reeds gesê dat indien hulle nie binne ons kerk georden kan word nie, hulle dalk onder die vaandel van ander kerke sal moet werk. Van die ander kerke wat betrokke is, is nie ongeneë om die studente as volwaardige bedienaars te aanvaar nie. Maar ons sal dit as 'n groot verlies ervaar vir ons kerk indien dit sou moet gebeur. Ons bid dat ons kerk ons noodroep sal hoor.

→ Ons vra dat ons kerk asseblief 'n geleentheid aan ons moet bied om ons saak te stel.

#### **7. AANBEVELING: TOELATING VAN DOWE TOT DIE AMP**

. Die Algemene Sinode neem kennis dat AKTO aandag aan die saak gegee en na die kuratorium van Stellenbosch verwys het. Die ATR wys die skrywers daarop dat die moontlikheid van legitimasië met beperkings bestaan en dat die ATR elke aansoek op meriete oorweeg

#### **8. KERKORDE ARTIKEL 63.3**

(vgl Agenda Deel 1 bl 339 pt 5)

Die ATR het besluit: indien 'n ampsdraer in die loop van die ondersoek bedank, gaan die ondersoek volgens 'n vorige besluit van die Algemene Sinode voort.

#### **AANBEVELING: KERKORDE ART 63.3**

**Die Algemene Sinode keur die volgende byvoëging by Art.63 goed:**

**63.3.1.7 Indien 'n ampsdraer voor of tydens 'n ondersoek na aanleiding van 'n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoëgte kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.**

#### **9. INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

(vgl Agenda Deel I bl 288 pt 9.2 (ook ADGO Bylaag 9 bl 318) en Agenda Deel II bl 18)

**9.1** Tans bestaan gemeentegrense om die verantwoordelikhëds- en invloedseer van die betrokke gemeente aan te dui. Dit maak dit gerieflik om te bepaal waar 'n betrokke gemeente aandag moet gee aan pastorale en selfs sosiale aangeleenthede; waar die ampte pastoraal betrokke behoort te wees by die lidmate wat binne daardie grense daar inskakel en diegene wat nie elders inskakel nie. Gemeentegrense is egter nie beperkend ten opsigte van die keuse van lidmaatskap-betrokkenheid nie. Die feit dat daar onderlinge kennisgewing is tussen die ontvangende gemeente en die "geografies-bepaalde" gemeente oor die inskakeling lei tans nie tot enige wrywing nie.

Daar word voorgestel dat met die huidige reëlings volstaan word.

#### **9.2 AANBEVELING: INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE**

Die Algemene Sinode neem kennis.

#### **10. PREDIKANTE A-Z**

(vgl Agenda Deel I bl 132 pt 4, bl 232 asook Agenda Deel II bl 21)

#### **AANBEVELING: PREDIKANTE A-Z**

**10.1** Die ATR wys die Algemene Sinode daarop dat in die bespreking van hoofstuk 6 van die Predikante A-Z Agtergrond, die verslag oor Ekklesiologie (Agenda 44-56) in berekening gebring moet word.

**10.2** Die ATR wys die Algemene Sinode daarop dat in die bespreking van hoofstuk 6, die sake ter sprake omvattende ekklesiologiese en daarom ook diep grypende kerkordelike implikasies het.

**10.3** Die ATR stel voor dat hoofstuk 6 van die Predikante A-Z Agtergrond saam met die verslag oor Ekklesiologie vir verdere studie na ADGO en die ATR verwys kan word.

**10.4** Die saak moet ook via die ASM met die NG kerkfamilie en die kerke binne die TKR bespreek word.

## **A.4.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: NOOD EN GENESING**

### **1. ZIMBABWE**

(vgl Agenda Deel I A.4.1 bl 359 en Agenda Deel II bl 14)

#### **1.1 AANBEVELINGS: ZIMBABWE**

**1.1.1 Die Algemene Sinode verklaar dat hy op grond van die Roepingsverklaring 2002 'n profetiese stem moet laat hoor oor die miskenning van menseregte, lyding, ineenstorting van die ekonomie asook verwoesting van die ekologie in Zimbabwe.**

**1.1.2 Die Algemene Sinode wil saam met die kerke in Zimbabwe en Suider-Afrika aan die kant van die onderdrukte en lydendes in Zimbabwe staan, en saam met ons ekumeniese vennote alles moontlik doen om die mense van die land by te staan. 'n Besondere fokus is die honderde duisende vlugteling uit Zimbabwe in die lande in Suider-Afrika.**

**1.1.3 Die Algemene Sinode betreur die skynbare onwilligheid van Suider-Afrikaanse regerings om daadwerklik betrokke te raak by die krisis in Zimbabwe.**

**1.1.4 Die Algemene Sinode versoek die Sinode van Namibië om met die Namibiese regering hieroor in gesprek te tree, en dra dit aan die verteenwoordigers van die Moderamen in die National Religious Leaders Forum op om via die NRLF met die Suid-Afrikaanse regering hieroor in gesprek te tree.**

**1.1.5 Die Algemene Sinode versoek die ekumeniese liggame WRK, WARC, GER, AACC, SAARC/ARCA, NCC, SARK en TEASA om alle kontakte en middele te gebruik om 'n verandering in Zimbabwe te weeg te bring.**

**1.1.6 Die Algemene Sinode versoek sinodes om steeds betrokke te wees by gemeentes in Zimbabwe: gemeentes van die NG Kerk via die Noordelike Sinode, gemeentes van die RCZ en CCAP (Harare) via die Sinode van Wes-en Suid-Kaapland.**

## **A.5.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE MODERAMEN: VERHOUDINGS**

### **1. KERKHERENIGING**

(Hierdie aanvullende verslag sluit aan by Agenda Deel I, A.5.1 Verslag van die Moderamen bl 382 pt 2 asook Agenda Deel II bl 15)

#### **1.1 GESAMENTLIKE GESPREK TUSSEN DIE VIER KERKE**

(vgl Agenda Deel I, A.5.1, bl 394 pt 2.6)

##### **1.1.1 ACHTERBERGH II**

**1.1.1.1** Na die gereedmaak van die Agenda Deel I het die Achterbergh II byeenkoms vanaf 23-25 April 2007 plaasgevind. 115 Verteenwoordigers van die vier kerke van die NG Kerk-familie het aandag gegee aan die werk van die vier Taakspanne (vgl Agenda Deel I bl 395 pt 2.6.4).

**1.1.1.2** Die dokumente waaroor daar konsensus of 'n ooreengekome manier van hantering bereik is, is as **Bylaag 1** direk hierna aangeheg. Die ooreenkoms tussen die vier kerke is dat die dokumente na die onderskeie kerke deurgegee word sodat al die gemeentes van al vier kerke dit as deel van die konsultasieproses kan bespreek. Die bedoeling is om nou 'n oop gesprek op gemeentevlak aan die gang te kry en die insette van gemeentes te verkry met die oog op die verdere onderhandelingsproses tussen die vier kerke. Die bedoeling is nie dat daar nou besluite geneem word of dat gemeentes nou moet stem oor die voorstelle nie- dit volg later in die proses (vgl vorige besluite van die Algemene Sinode in die verband). Gemeentes word nou gevra om dit deeglik te bespreek en hulle mening en insette oor die voorstelle te gee.

##### **1.1.2 TRUSTFONDS KERKHERENIGING**

**1.1.2.1** 'n Taakgroep van die Moderamen het met sakeleiers onderhandel ten einde fondse te bekom om die proses moontlik te maak.

**1.1.2.2** 'n Groot deel van die koste is tot op hede deur die NG Kerk gedra- ons het alle koste van die NG Kerk en Afrika en die Reformed Church in Africa gedra. Die fondse wat hiervoor opsy gesit is, is uitgeput. Daar moes ook al uit ander fondse in die verband geleen word.

**1.1.2.3** Bepaalde positiewe aanduidings is ontvang dat 'n Trustfonds gestig sal word wat deur Trustees buite die leierskappe van die vier kerke bestuur sal word.

##### **1.1.3 GESPREK OP GEMEENTEVLAKE**

**1.1.3.1** Een van die leemtes in die huidige momentum is dat nie dieselfde energie en tyd op plaaslike vlak aan die gesprek en prosesse bestee word nie. Dit moet elke sinode se erns wees om dit te fasiliteer.

**1.1.3.2** Kontinue kommunikasie oor die proses is soms ook op sommige vlakke/ plekke gebrekkig en verdien die aandag van alle rolspelers.

##### **1.1.4 AANBEVELINGS: GESAMENTLIKE GESPREK TUSSEN DIE VIER KERKE**

**1.1.4.1** Die Algemene Sinode ondersteun die inisiatiewe wat die Moderamen sedert Junie 2006 in oorleg met die Moderamens/Sinodale Kommissies/Sinodale Diensrade van al die sinodes asook die Moderamens/ Sinodale Kommissies van die VGKSA, NGKA en die RCA geneem het tot hereniging van die vier kerke in die NG Kerk-familie.

**1.1.4.2** Die Algemene Sinode is dankbaar teenoor die Here vir die nuwe gesindheid wat die Here sedert Junie 2006 tussen die vier kerke gegee het in hierdie eenheidstrewen en die vordering wat gemaak kon word ten opsigte van die bou van verhoudings en die vind van konsensus.

**1.1.4.3** Die Algemene Sinode neem kennis van die Achterbergh II-dokumente en aanvaar die volgende as die hooflyne van konsensus daarin:

##### **1. Belydenisgrondslag**

**1.1** Die Belydenis van Belhar is nie 'n voorwaarde vir kerkhereniging nie.

**1.2** In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen. In 'n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is verwag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.

**1.3** Die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

##### **2. Model**

**2.1** Gemeentes is regspersone in sigself en behou hulle verantwoordelikheid mbt besluitneming en bediening. 'n Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie.

**2.2** Een nuwe Algemene Sinode (kerkverband) word gevorm deur die bestaande Algemene Sinodes.

**2.3** 'n Organiese en vrywillige proses, as noodsaaklike deel van die proses, volg op die totstandkoming van die Algemene Sinode waarin streeksinodes en ringe nuwe streekstrukture vorm op 'n manier soos voorgestel deur die nuwe Kerkorde van die nuwe Algemene Sinode. Streeksinodes en ringe word aangemoedig om, selfs voor die nuwe Algemene Sinode konstitueer, gesprek en

onderhandeling te begin oor hoe nuwe streekstrukture gevorm sou kon word. Dit staan streeksinodes en ringe wat gereed en bereid is, egter vry om nou reeds een sinode of ring te vorm alhoewel hulle voor die konstituering van 'n nuwe kerkverband elkeen steeds aan hulle eie kerkverbande behoort. Die bestaande Bepalings en Reglemente in die onderskeie Kerkordes word gebruik vir die vorming van hierdie eenheidstrukture.

2.4 Gemeentes sal aangemoedig word en gehelp word om op plaaslike vlak in eenheid na mekaar te groei, en waar hulle dit so verkies selfs een struktuur te vorm. Hulle sal nie in een struktuur forseer word nie. Daar sal 'n spesifieke en voortgaande program in die nuwe kerkverband wees om gemeentes in die verband by te staan.

2.5 Die moontlikheid van assosiasie-lidmaatskap van die nuwe kerkverband word verder ondersoek. Hierdie kategorie wil ruimte skep vir kerke wat wil deel word van die herenigde kerk maar om verskeie redes nie gereed is om ten volle deel te wees van die nuwe kerkverband nie. Indien ons so 'n kategorie skep, is dit vanselfsprekend met die hoop dat assosiasie-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid.

### 3. Gesamentlike projekte

3.1 Die vier kerke doen soveel as moontlik goed op alle vlakke saam met mekaar.

3.2 Die volgende waardes behoort ernstig geneem te word in gesamentlike projekte tussen die vier kerke:

3.2.1 Kerkeenheid is 'n proses

3.2.2 Dit sal tyd neem. Ons moet geduld met mekaar ontwikkel.

3.2.3 Dit is 'n proses wat van "bo" en "onder" moet geskied.

3.2.4 Gebed is onverhandelbaar in die proses.

3.2.5 Wat ookal gedoen word, moet tot voordeel van die plaaslike gemeentes wees.

3.3 Die Interimkomitee stel 'n sentrale kantoor/sekretariaat daar wat die hele proses kan administreer, befonds en begelei.

3.3 Gesamentlike projekte moet in die nouste samewerking met streeksinodes geskied en desentralisasie van werksaamhede moet waar moontlik plaasvind.

3.4 Die sekretariaat moet so gou as moontlik vertalingstoerusting bekom wat vertaling tydens gesamentlike vergaderings moontlik sal maak en elke lid die ruimte sal laat om in sy of haar moedertaal te kommunikeer.

3.5 Hierdie kantoor moet so spoedig moontlik een kommunikasienetwerk/-stelsel daar stel wat sal seker maak dat almal (tot die kleinste gemeente in die mees afgeleë konteks) op die hoogte met verwickelinge bly.

3.6 Daar moet so spoedig moontlik ten minste tien klein nuwe loodsgemeentes oor die hele land gevestig word wat die hele droom van 'n versoenende geloofsgemeenskap, wat hoop vir Suid-Afrika kan bring, sal modelleer.

3.7 Daar moet gewerk word aan die totstandkoming van gespreksgroepe, bestaande uit lede van die verskillende kerke, waar lidmate mekaar beter sal leer ken.

3.8 Die relevante diensgroepe begin werk aan gesamentlike liturgiese materiaal (byvoorbeeld liederbundels) en kategesemateriaal.

3.9 'n Gesamentlike teologiese werkgroep word in die lewe geroep wat gesamentlik oor die teologiese beginsels van eenheid, versoening en geregtigheid besin en die kerk daarin begelei.

3.10 'n Gesamentlike werkgroep word in die lewe geroep wat besin oor ekonomiese en sosiale sake wat die verskillende kerke raak.

3.11 'n Gesamentlike en onafhanklike trustfonds word geskep wat die hele proses kan befonds en nie verdere druk op die sinodale sisteme plaas nie.

3.12 Lede van die teologiese fakulteite word so ver as moontlik by bogenoemde prosesse betrek.

### 4. Versoening

4.1 'n Proses word van stapel te stuur wat gerig is op die versoening tussen vervreemde lidmate, gemeentes of ander liggame van die NG Kerk-familie. Die beoogde uitkomst is om 'n versoeningsproses in alle areas binne die NG Kerk-familie te koester. 'n Spesifieke fokus is al die dispute wat ontstaan het tussen die NGKA en VGKSA primêr in die Vrystaat en Phororo en die persepsies van moontlike NG Kerk-betrokkenheid.

4.2 'n Kommissie word benoem om die proses te bestuur (vgl volledige dokument vir samestelling).

4.3 Die beoogde proses verloop soos volg:

4.3.1 Die proses sal afskop met 'n korttermyn-loodspojek om die geloofwaardigheid van die versoeningskommissie te bepaal en die formaat van die kommissie se handeling te verfyn.

4.3.2 Die kommissie sal prioriteit verleen aan plekke waar hofgedinge oor eiendom ingestel is.

4.3.3 Die kommissie kan 'n navorser (of 'n span) kontrakkeer om 'n gesamentlike geskiedenis oor die vervreemding tussen die kerke te skryf (die groter prentjie).



4.3.4 Die kommissie kan ook 'n konsultant(e) kontrakteeur om met die proses behulpsaam te wees.

4.3.5 Al vier kerke van die NG Kerk-familie sal by die versoeningsproses betrokke wees, maar primêr die NGK, NGKA en VGKSA.

4.3.6 Al drie kerkrade op 'n plek waar daar spanning of 'n geding aan die gang is, sal voorleggings maak aan die versoeningskommissie wat hulle in staat sal stel om na maniere vir versoening in daardie plaaslike konteks te soek.

4.3.7 Die doel van die kommissie is om 'n mediërende rol te speel, magstryde te ontloot en om te poog om 'n verdere spanningsopbou te voorkom.

5. Die doelwitte van die proses is:

5.1 Korttermyn doelwitte: a) om 'n responsspan daar te stel (moderators van al vier kerke, met secundi) om brandpunte te besoek indien nodig; b) om goedkeuring vir die proses van al vier kerke te verkry.

5.2 Mediumtermyn doelwit: om die loodsprojek teen September 2007 te voltooi.

5.3 Langtermyn doelwitte: a) om sittings op alle plekke te voltooi waar daar spanning is tussen die VGKSA, NGK en die NGKA; b) om 'n omvattende verslag oor die proses teen die einde van 2008 (met 'n verlengingstydperk indien nodig) te produseer.

6. Die Gesamentlike Herenigingskommissie (Achterbergh) sal verantwoordelikheid neem vir die werk van die kommissie en sy Interimkomitee sal gereelde verslae van die kommissie ontvang.

7. Die voortgaande versoeningsproses moet breed genoeg wees om 'n gesamentlike benadering tot kwessies soos grondhervorming, misdaad, armoede en sosio-ekonomiese geregtigheid te bevorder.

8. Met spesiale verwysing na die kwessie wat met die eiendomme in die Vrystaat en Phororo verband hou, word die volgende reëling getref:

8.1 Die NG Kerk in Afrika sal 'n dokument opstel gerig aan die VGKSA oor die kwessie van waarheid en geregtigheid. Dit sal ook aan die ander twee kerke beskikbaar gestel word.

8.2 'n Respons uit hierdie dokument sal tot mediasie aanleiding gee sodat die huidige konflik oor eiendomme op 'n regverdigde manier bygelê kan word.

8.3 Die proses van eenheid en versoening, asook waarheid en geregtigheid, moet gelyklopend met die oorhoofse herenigingsproses wees.

1.1.4.4 Aangesien die proses tussen die vier kerke sodanig gevorder het dat daar iets konkreet op die tafel is, versoek die Algemene Sinode sinodes om die Achterbergh II-dokumente aan die hand van bogenoemde hooflyne, saam met die besluite van die Algemene Sinode 2004, aan gemeentes deur te gee vir bespreking en kommentaar aan die hand van die volgende proses:

- \* die Moderamen voorsien teen einde Julie 2007 'n dokument met riglyne vir gemeentes oor hoe om sulke gesprekke op die mees konstruktiewe manier te voer;
- \* die Moderamen stel 'n pro-forma verslagwyse op, wat ook in die riglyne aan gemeentes opgeneem word, aan die hand waarvan kerkvergaderings hulle mening en insette kan gee;
- \* die sinodes versamel alle kommentaar en insette van gemeentes nie later nie as 1 Desember 2007 en gee dit deur aan die kantoor van die Algemene Sekretaris vir verwerking;
- \* hierdie fase is slegs vir konsultasie, bespreking en insette/ kommentaar.

1.1.4.5 Die Algemene Sinode dra dit verder aan die Moderamen op om, in die lig van die kommentaar en insette van gemeentes asook die besluite van die Algemene Sinode 2004, verder met die ander drie kerke te onderhandel oor konkrete voorstelle aan kerkrade/ gemeentes van al vier die kerke. Hierdie konkrete voorstelle word, indien moontlik, gedurende die tweede helfte van 2008 deur elke kerk aan kerkrade/gemeentes voorgelê met die oog op hulle goedkeuring. Dit word deur elke kerk gedoen in ooreenstemming met die prosedures wat tans in daardie kerk se Kerkorde/ besluite daarvoor voorgeskryf word (Die NG Kerk se proses word uitgespel in Agenda Deel I A.5.1 bl 384 pt 14).

1.1.4.6 Die Algemene Sinode dra dit aan die Moderamen op om in hierdie proses verder leiding te neem en om, soos die afgelope maande sedert Junie 2006, telkens die moderature van al die sinodes te betrek in konsensus-soekende onderhandelinge met die ander kerke. Die onderhandelinge geskied aan die hand van die besluite van 2004 asook die uitkoms van die proses in pt 1.1.4.4 hierbo.

## **1.2 GESPREK BINNE DIE NG KERK SELF**

(vgl Agenda Deel I, A.5.1, bl 396, pt 2.7)

### **1.2.1 KONSULTASIEPROSES**

1.2.1.1 Die Algemene Sinode 2004 se besluit pte 12-14 hieroor is baie duidelik, asook die advies wat die Moderamen in 2005 aan die kerkverband hieroor gegee het.

1.2.1.2 Terugvoering oor konsultasie is gegee in Agenda Deel I bl 397.

1.2.1.3 Die aanbevelings in pt 1.1.4 hierbo plaas die konsultasieproses in 'n volgende rat. Die sukses van die proses is die verantwoordelikheid van die hele kerkverband.

**1.2.1.4** Dit is belangrik dat die kerkverband kennis neem dat die proses op die oomblik by *konsultasie* is en dat die kerkverband nog nie by 'n punt is waar daar oor sake besluite geneem en *gestem* kan word nie. Sedert 1994 is by baie algemene sinodes besluit dat lidmate en kerkrade se mening (dit waaraan nou aandag gegee word) en uiteindelik goedkeuring vir voorstelle ten opsigte van kerkhereniging ('n approbasieproses op die pad vorentoe) verkry sal word en dit sal volkome eerbiedig word.

#### **1.2.1.5 AANBEVELING: KONSULTASIEPROSES**

**Die Algemene Sinode versoek sinodes om verantwoordelikheid te aanvaar vir die hantering van die konsultasieproses binne die kerkverband.**

#### **1.2.2 POSISIE TOV KERKEENHEID/ KERKHERENIGING**

**1.2.2.1** In die terugvoering van konsultasieprosesse kom dit telkens na vore dat daar nog steeds gevra word vir gesprek oor die "of" van kerkhereniging. Die Moderamen oordeel dat die gesprek reeds lank terug en ook deeglik gevoer is. Die Moderamen konstateer net weer die volgende in hierdie verband:

1. Reeds in 1994 is die ernstige begeerte uitgespreek om "saam te werk met die ander lede van die Familie van Ned Geref Kerke aan die daarstelling van een kerkverband op die grondslag van 'n goedgekeurde kerkorde." Verder word gesê dat in hierdie konsepkerkorde aandag gegee moet word aan onder andere die volgende sake: "belydenisskrifte, die naam van die voorgestelde nuwe kerkverband, liturgiese formuliere en gebruike ....bedieningsbehoefte... oorgangsreëlings, grense, ...administratiewe, finansiële en verbandhoudende aangeleenthede, samestelling van die stigting/verenigingsinode en ander sake" (Handelinge 1994 bl 569 (Besluiteregister)).

2. Hierdie besluite ten gunste van hereniging en die vorming van een kerkverband asook oor daadwerklike inisiatiewe om dit te bereik, is by die Algemene Sinodes van 1998, 2002 en 2004 herhaal. In 2002 spreek die AS "die oortuiging uit dat daar so spoedig moontlik oorgegaan moet word tot die stigting van hereniging tot een kerkverband vir die Familie en verklaar die Algemene Sinode hom bereid en gereed vir so 'n proses." Daar word ook besluit dat "die vorming van een kerkverband in die NG Kerkfamilie eers kan plaasvind na 'n proses van behoorlike oorleg- en raadpleging met kerkrade, wat daarop gemik is om die grootste moontlike konsensus in die NG Kerk te bevorder" (Handelinge 2002 bl 602 (Besluiteregister))

3. Na 'n soortgelyke besluit in 2004 was daar 'n wye proses van konsultasie in al die sinodale streke. Uit die terugvoer wat ontvang is, blyk dat kerkrade oorweldigend ten gunste is van die vorming van een kerkverband met die presbiteriaal-sinodale kerkregeringstelsel as model. Uit dieselfde opname blyk dit dat daar oor die Belydenis van Belhar egter nog baie vrae en weerstand by lidmate was.

4. Alle (streek)sinodes van die NG Kerk het sedert 1990 ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem.

5. As **motivering** vir hierdie duidelike besluite oor hereniging is daar oor die jare onder andere op die volgende gewys:

5.1 Die baie duidelike Bybelse oproep en beklemtoning van hoe belangrik die eenheid onder die volgelingen van Jesus Christus vir die geloofwaardige getuieis van Christelike geloof is, kom duidelik uit verskeie plekke in die Nuwe Testament na vore. Joh 17 leer ons ook dat hierdie eenheid in die eenheid van God self gewortel is (... Ek bid dat hulle een sal wees, sodat die wêreld kan glo...(Joh 17). Christene moet daarom altyd hierdie eenheid soek en handhaaf – soveel te meer wanneer hulle dieselfde konteksuele geskiedenis deel en dieselfde belydenis het. So iets kan nie sonder strukture gereël en gehandhaaf word nie en daarom beteken dit dat ook sigbare en strukturele eenheid, waar dit enigsins moontlik is, altyd 'n prioriteit behoort te wees.

5.2 Reeds in 1990 word in *Kerk en Samelewing* die volgende motivering vir die soeke na groter sigbare eenheid gegee: "Die kerke van hierdie Familie is kragtens hulle historiese verbondenheid in 'n gemeenskaplike oorsprong, hulle gemeenskaplike geloof in en verbondenheid aan dieselfde Here en sy Woord, en kragtens die erkenning van dieselfde gereformeerde belydenis en kerkregering, wesenlik een. Hoewel hierdie kerke institutêr onderskeie is, roep die belydenis van die eenheid van die kerk hulle daartoe op om, as saak van die grootste erns en in ooreenstemming met die gereformeerde sindodaal-presbiteriale opvatting van kerkverband, aan hulle wesenlike eenheid 'n volledige sigbare uitdrukking te gee (Par 234 en 235).

5.3 Die herstel van een kerkverband as getuieis van die versoenende krag van die Evangelie, word ook telkens as motivering genoem. Vir die eerste twee eeue van haar bestaan was die NG Kerk *een*: in die NG Kerk-familie kan minstens die ontstaan van die ou NGSK as aparte kerk herlei word na faktore (oa kultuurverskille, ras en rassevooroordele) waarvan die Bybel duidelik sê dat sulke faktore nie die eenheid mag ondermyn nie – en daarom vanselfsprekend ook nie tot aparte kerkformasie mag lei nie. Die duidelike Bybelse uitsprake oor die konflik tussen Christene uit die heidendom en die Jodendom en hoedat hulle die eenheid binne die een gemeente (dus tog vanselfsprekend ook in die meervoud daarvan: die kerk) moet handhaaf, is in hierdie opsig glashelder. Die boodskap van eenheid te midde van verskeidenheid is feitlik 'n

sentrale, deurlopende tema van al die briewe aan gemeentes in die Nuwe Testament (Galasiërs, Kolosense, Korintiërs en Efesiërs). Hierdie eenheid vorm ook die onderbou van die besluite wat deur die eerste gemeentes en kerkvergaderings van die vroeë kerk in Hand 6 en Hand 15 geneem is.

5.4 Van die ander lede van die kerkfamilie het oor die jare ook die duidelike begeerte tot hereniging uitgespreek. Hierdie begeerte het o.a. gelei tot die stigting van die VGKSA in 1994 deur die ou NGSK en NGKA. Daar moet baie fundamentele Bybelse of geloofsredes wees wanneer 'n kerk hierdie soort versoeke sou weer.

5.5 Telkens in die motivering vir besluite tot hereniging, word naas die belangrike getuienis en versoeningsrol daarvan, ook klem gelê op die roeping en taak van die kerk in die Suider-Afrikaanse samelewing en wêreld. Kerkhereniging moet ons juis in staat stel om ons roeping en taak as Christelike en gereformeerde kerk geloofwaardig en meer effektief uit te voer.

#### **1.2.2.2 AANBEVELING: POSISIE TOV KERKEENHEID/ KERKHERENIGING**

Die Algemene Sinode bevestig weereens dat ten opsigte van die saak van kerkhereniging dit by vergaderings van Algemene Sinodes nie meer oor die “of” (maw die wenslikheid) van kerkhereniging gaan nie, maar oor die “hoe” daarvan (maw die beste manier waarop dit bereik kan word) aangesien uitvoerige besluite waardeur die NG Kerk haarself verbind het tot hereniging met die ander drie kerke van die NG Kerk-familie reeds sedert 1990 by verskillende Algemene Sinodes geneem is, en al die (streek)sinodes ook duidelike besluite ten gunste van kerkeenheid geneem het.

### **1.3 MODERAMEN**

#### **AANBEVELING: OPDRAG AAN MODERAMEN**

Die Algemene Sinode bekragtig dat die Moderamen sy mandaat uitgevoer het aangesien by die Algemene Sinode van 2002 opdrag aan die Moderamen gegee is om “ die proses van kerkereniging verder te begelei”. Die Algemene Sinode herhaal die opdrag aan die Moderamen.

## **2. HEIDELBERGSE KATEGISMUS VR EN ANTW 80**

(vgl Agenda Deel I bl 402 pt 3.3.1.3 asook Agenda Deel II bl 16)

2.1 Hierdie saak kon as gevolg van die omvang daarvan nie sinvol afgehandel word nie.

#### **2.2 AANBEVELING HK 80**

Die Algemene Sinode dra die studie oor die saak aan die Taakspan Leer en Aktuele Sake op met verslag aan die Moderamen en die volgende Algemene Sinode.

# KERKHERENIGINGSPROSES NG KERK-FAMILIE

Die vier sake in hierdie dokument is tydens die Achterbergh II-byeenkoms, 23-25 April 2007, hanteer deur die verteenwoordigers van die VGKSA, NG Kerk, NGKA en die RCA. Vier taakspanne, bestaande uit twee lede van elke kerk per taakspan, het 31 Januarie tot 1 Februarie 2007 vergader om die eerste voorbereidingwerk te doen. Die Taakspanne het daarna ook telefonies vergader met die oog op die afronding van hulle werk vir die Achterbergh II-byeenkoms. Tydens die Achterbergh II-byeenkoms is die sake verder bespreek in uitgebreide taakspanne waarin al vier die kerke verteenwoordig was. Die vergadering het konsensus oor die eerste drie sake bereik. Die verslag oor *versoening* is na die Interimkomitee vir Kerkhereniging verwys.

## 1. KONFESSIONELE BASIS

Die volgende is aanvaar as die eerste punte van konsensus tussen die vier kerke:

1. Belhar moet nie 'n voorwaarde vir kerkeenheid wees nie.
2. Gesprek tussen die vier kerke word voortgesit met die oog daarop om ooreenkoms te bereik oor die Bybelse inhoud van Belhar en om 'n gesamentlike kommentaar daarop te skryf. Dit sal dit moontlik maak dat die Bybelse inhoud van Belhar in 'n nuwe kerkverband gepreek, onderrig en in die bediening gebruik kan word.
3. In die vorming van 'n nuwe kerkverband moet die belydenisgrondslag al vier kerke, sinodes en gemeentes akkommodeer sonder om enigiemand te forseer om Belhar te aanvaar of daarvan afstand te doen.
4. Die waarde wat Belhar as 'n belydenis vir die VGKSA het, word respekteer.

*Die volgende punte gee konsensus tussen die VGKSA en die NG Kerk weer. Die RCA en die NGKA is gewillig om dit te oorweeg nadat deelgeneem is aan die proses in pt 2 hierbo ooreengekom:*

5. In 'n nuwe kerkverband word Belhar as vierde belydenisskrif in die belydenisgrondslag ingesluit, maar dit sal nie van leraars of lidmate wat nie gereed of gewillig is ver wag word om dit te onderskryf (aanvaar) as 'n belydenisskrif nie.
6. Die groei na 'n volle aanvaarding van Belhar is 'n integrale deel van die prosesse van die nuwe kerkverband.

## 2. MODEL

Konsensus is bereik tov die volgende voorlegging:

1. **As 'n Bybelse kerk van Jesus Christus** verstaan ons dat die plaaslike kerk ten volle kerk van God is maar dat dit nooit as kerk in isolasie bestaan nie. In ons gereformeerde tradisie word hierdie beginsel uitgedruk in die eenheid en gemeenskap (kerkverband) met mekaar. Dit is iets wat altyd 'n prioriteit vir plaaslike gemeentes moet wees. Ons bely dat ons mekaar nodig het om ook op plaaslike vlak ten volle kerk van God te wees, en dat dit gereflekteer moet word in die model van 'n nuwe kerkverband.
2. Soos dit 'n gereformeerde kerk hoort, is **gemeentes** regspersone in sigself en **behou hulle verantwoordelikheid** mbt besluitneming en bediening. 'n Algemene Sinode skryf nie aan gemeentes voor hoe hulle hul bediening uitvoer nie.
3. Gemeentes sal aangemoedig word en **gehelp word om op plaaslike vlak in eenheid na mekaar te groei**, en waar hulle dit so verkies selfs een struktuur te vorm. Hulle sal nie in een struktuur forseer word nie. Daar sal 'n spesifieke en voortgaande program in die nuwe kerkverband wees om gemeentes in die verband by te staan.
4. Ons is dit met mekaar eens dat ons **een nuwe Algemene Sinode** moet vorm. Die bevoegdhede van die Algemene Sinode sal onder andere wees om besluite te neem oor moontlik die volgende sake:
  - \* Leerstellige sake (Dit vewys na belydenismatige en etiese sake. Die wyse waarop die Algemene Sinode met hierdie sake handel, moet deur die Algemene Sinode self besluit word)
  - \* Teologiese opleiding
  - \* Bybelvertaling
  - \* Liedboeke

- \* Beleid aangaande .... (bv MIV/Vigs, ens)
- \* Kerkorde
- \* Ekumeniese verhoudings
- \* Kerk en Staat
- \* Kommunikasie en Media

*(Die spesifieke lys moet gefinaliseer word voordat na gemeentes gegaan word soos voorgestel word in pt 7)*

5. Hierdie een Algemene Sinode moet deel wees van 'n organiese model van eenheid waar werklike eenheid reflekteer word in alle strukture, dus ook op die vlak van streeksinodes, ringe en uiteraard ook gemeentes op die basis van pte 2 en 3 hierbo. Ons verstaan dat die beste regsgeldige manier om een kerkverband te vorm, is dat as 'n begin een nuwe Algemene Sinode deur die bestaande Algemene Sinodes gevorm word. Wat dan moet volg, as 'n noodsaaklike deel van die proses, is 'n organiese en vrywillige proses waarin streeksinodes en ringe nuwe streekstrukture vorm op 'n manier soos voorgestel deur die nuwe Kerkorde van die nuwe Algemene Sinode. Streeksinodes en ringe word aangemoedig om, selfs voor die nuwe Algemene Sinode konstitueer, gesprek en onderhandeling te begin oor hoe nuwe streekstrukture gevorm kan word.

6. Dit staan streeksinodes en ringe wat gereed en bereid is vry om nou reeds een sinode of ring te vorm alhoewel hulle voor die konstituering van 'n nuwe kerkverband elkeen ook steeds aan hulle eie kerkverbande behoort. Die bestaande Bepalings in die onderskeie Kerkordes word gebruik vir die vorming van hierdie eenheidstrukture.

7. Al vier die kerke begin 'n proses om die toestemming van al die gemeentes van die kerk te verkry (op die presiese manier soos voorgeskryf in die Kerkorde van die spesifieke kerk) vir die volgende:

7.1 die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode as uitdrukking van 'n nuwe kerkverband

7.2 die formulering van die belydenisgrondslag vir die nuwe kerkverband (omdat die nuwe Algemene Sinode 'n belydenisgrondslag moet hê)

7.3 om wysiginge aan die bestaande Kerkordes goed te keur wat benodig word vir die vorming van 'n nuwe kerkverband

7.4 om goed te keur dat, na die vorming van 'n nuwe Algemene Sinode, daar 'n proses volg waarin die streeksinodes en ringe betrokke raak in vrywillige prosesse wat uitdrukking gee aan die die een kerkverband op hulle onderskeie terreine.

7.5 die naam van die nuwe kerkverband

7.6 die posisie van gemeentes mbt die bediening, eiendom, ens (vgl pte 1-3 hierbo)

7.7 dat daar ruimte behoort te wees vir assosiasie-lidmaatskap (*Moet nog verder bespreek word*)

8. Die vier aktuarie van die vier Algemene Sinodes vorm 'n Taakspan om die bestaande Kerkordes te evalueer en 'n proses te begin om hulle op die korrekte wyse te wysig ten einde so 'n proses moontlik te maak.

9. Ons is dit eens dat ons die **moontlikheid van assosiasie-lidmaatskap** verder moet bespreek. Die rede hiervoor is dat ons glo eenheid moet nie eksklusief wees nie maar so inklusief as moontlik. Hierdie is 'n praktyk wat ook in ander gereformeerde kerke gevolg is, bv onlangs in die *Protestantse Kerk in Nederland*. Ons moet nog die detail en praktiese implikasie hiervan navors. Hierdie kategorie wil ruimte skep vir kerke wat wil deel word van die herenigde kerk maar om verskeie redes nie gereed is om ten volle deel te wees van die nuwe kerkverband nie. Indien ons so 'n kategorie skep, is dit vanselfsprekend met die hoop dat assosiasie-lede met verloop van tyd sal groei tot volle eenheid.

10. Daar is **ander kerke** wat aangedui het dat hulle **geïnteresseerd is in ons eenwordingsproses**. Ons beveel aan dat die Interimkomitee hulle ontmoet en hulle inlig oor waar ons op die oomblik in ons proses is.

### **Vir verdere bespreking**

11. Daar is lede wat aangedui het dat dit hulle sou help indien daar in die model van die herenigde kerk ruimte gemaak sou kon word dat hulle sommige van hulle huidige strukture kan behou terwyl hulle ook ten volle deel is van alle nuwe strukture. Ons wil verdere gesprek met kerke of sinodes hê wat baie sterk voel tov hierdie behoefte. Soos hierbo gestel, wil ons hê dat eenheid so inklusief as moontlik sal wees. Ons wil daarom werklike behoeftes tegemoet kom maar vanselfsprekend nie op so 'n manier dat dit die eenheid in gevaar stel of verdelings van die verlede voortsit nie.

12. Duidelikheid moet verkry word oor hoe die sake wat in pte 5, 6 en 7.4 behandel is in die praktyk sal werk.

### 3. GESAMENTLIKE PROJEKTE

Konsensus is bereik ten opsigte van die volgende:

#### Eerste Verslag:

#### **1. Die volgende beginsels/waardes wat moontlike gesamentlike projekte rig, is deur die werkgroep aanvaar en dien as aanbevelings :**

- 1.1 Kerkhereniging is 'n **PROSES!**
- 1.2 Dit neem tyd – laat ons geduldig wees.
- 1.3 Ons werk beide van “onder na bo ” en “bo na onder”.
- 1.4 Gebed is die bousteen regdeur die proses.
- 1.5 Alle take moet ook die plaaslike gemeentes bevoordeel.

#### **2. Die volgende konkrete aksiestappe dien as aanbevelings**

##### **2.1 Die totstandkoming van 'n Sekretariaat wat vanaf 'n sentrale kantoor funksioneer en die vier kerke verteenwoordig**

Om enigsins iets substansieel van die grond te kry, word kapasiteit benodig. Die oprigting van die bogenoemde kantoor is dus van die uiterste belang. Agv groot verskille in ekonomiese kapasiteit kan sommige vennote dalk nie in staat wees om finansieel by te dra soos ander nie. Ons erken dat die verskillende vennote verskillende bydraes tot die proses lewer. Die werksgroep voel baie sterk oor dié punt en moedig die Interimkomitee aan om voort te gaan met die implementering van hierdie voorstel as 'n saak van groot dringendheid.

Dit moet duidelik verstaan word dat ons nie vir 'n aparte kantoor vra nie, maar vir 'n enkele kantoor wat die verskillende aktiwiteite van die kerk se herenigingsproses kan hanteer, insluitende dié van die Interimkomitee.

##### **2.2 Oprigting van gesentraliseerde, effektiewe kommunikasiekanale**

Daar is 'n behoefte aan 'n massiewe befondsde kommunikasiestrategie wat op kreatiewe wyse die herenigingsproses aan die wyer kerk en selfs die publiek sal verduidelik. Een van die belangrikste take van so 'n sekretariaat sal wees om gesinkroniseerde en duidelike kommunikasie rakende elke aspek van die kerkherenigingsproses van 'n sentrale kantoor te laat vloei tot by die kleinste gemeente op die mees landelike gedeelte van die platteland en na elke gemeente van die vier verskillende kerke.

##### **2.3 Die totstandkoming van nuwe loodsgemeentes wat ons diversiteit reflekteer**

Dit is die droom van die werkgroep dat ten minste tien klein loodsgemeentes (geloofsgemeenskappe) gevestig word in tien verskillende streke van die land. Hierdie geloofsgemeenskappe moet ons intensies modelleer vir 'n werklik nie-rassige kerk van die toekoms.

##### **2.4 Die totstandkoming van gespreksgroepe waar lede van die kerke kan ontmoet en mekaar leer ken**

Die werksgroep verstaan ten volle dat nie al die lidmate van die verskillende kerke gereed is vir so 'n uitdaging nie en stel dus voor dat 'n aantal gespreksgroepe tot stand kom, ook in die tien verskillende streke van die land. Die idee is dat gespreksgroepe 'n veilige ruimte skep waar lidmate van die kerke kan ontmoet en mekaar leer ken, en ook geleenthede kan skep waar ons ander se geskiedenis en agtergrond kan aanhoor.

##### **2.5 Die publikasie van gemeenskaplike liturgiese materiaal, insluitende 'n gemeenskaplike liederebundel**

Ons glo opreg dat baie mure afgebreek word as ons saam sing en saam bid. Ons versoek dus die verskillende kommissies van die verskillende kerke om by die vroegste moontlike geleentheid bymekaar te kom om aan hierdie materiaal te werk.

##### **2.6 Die totstandkoming van 'n gesamentlike werkgroep wat kan nadink oor sosiale en ekonomiese sake (bv die Accra-Verklaring)**

##### **2.7 Die totstandkoming van 'n werkgroep wat besin oor die teologiese begroning vir kerkhereniging, insluitend fundamentele gesprekke oor geregtigheid en versoening**

##### **2.8 Die totstandkoming van gesamentlike streeksinodes**

Die werkgroep verstaan ten volle dat die proses van kerkhereniging op verskillende vlakke en verskillende

stadiums van vordering in die verskillende streke van die land is. Die vraag ontstaan hoe ons die momentum behou in gedeeltes waar streeksinodes gereed is vir kerkhereniging sonder om die proses in die res van die land te benadeel. Die werkgroep vra dus die werkgroep wat nadink oor modelle om riglyne te formuleer oor hoe sulke sinodes in die interimperiode kan herenig. Dit is belangrik om dit so te doen om te verseker dat moontlike samesmeltings in goeie orde en op gekoördineerde wyse plaasvind.

In die tussentyd vra ons ook sinodes om die opsies te ondersoek om werkgroepe te herenig en kommissies (bv Diens en Getuienis, Teologiese Opleiding, KGA) waar moontlik gesamentlike sinodale werk te laat doen.

### Finale Verslag:

1. Die groep herbevestig die eerste verslag (soos genotuleer op 24.4.2007) maar voeg onderstaande by tot die verslag.
2. Die groep bevestig die noodsaaklikheid vir kapasiteit op algemene sinodale vlak om aktiwiteite te sinkroniseer en te fasiliteer, maar is ook oortuig dat daar 'n aantal aksies is wat op 'n **gedesentraliseerde wyse deur die streeksinodes** hanteer moet word. Dit moet so ver as moontlik gedoen word. Streke, agv kontekstuele verskille, sal sommige praktiese sake verskillend hanteer. Dit is ook belangrik om voortdurend in gedagte te hou dat hierdie proses 'n internasionale proses is wat ander buurstate betrek.
3. Ons vra die Interimkomitee om so gou moontlik ondersoek in te stel na die verkryging van **vertalingstoerusting**.
4. Die groep bevestig die geleentheid wat die totstandkoming van **loodsgemeentes** kan bied, maar vra dat :
  - 4.1 Dit gedoen word in oorleg met die model-werkgroep.
  - 4.2 Die verskillende streeksinodes ook gekonsulteer moet word in die proses.
5. Die verskillende sinodes moet so spoedig moontlik gekonsulteer word rakende die moontlike **hereniging van sommige streeksinodes** aangesien alle streke nie by dieselfde vorderingspunt in die proses is nie.
6. Die totstandkoming van 'n **werksgroep om te werk aan 'n teologiese basis vir die hele voortgaande proses**. Dit sal 'n studie van Bybelse metafore vir hereniging insluit. Ook belangrik is dat daar duidelikheid verkry word oor 'n *holistiese (praktiese) ekklesiologie* vir 'n nuwe kerk. Dit moet leerstellig suiwer en kontekstueel relevant wees. Deel van die visie en missie van 'n nuwe verenigde kerk moet wees om, as 'n verenigde geloofsgemeenskap, 'n positiewe impak op die samelewing as 'n geheel te maak.
7. Al die bogenoemde het implikasies vir kerkleierskap en bediening. Ons voel dus dat dit belangrik is om **lede van ons teologiese fakulteite in die proses te betrek** om te verseker dat hulle in die opleiding van nuwe leiers sensitief sal wees vir bogenoemde uitdagings en behoeftes.
8. Die totstandkoming van 'n **onafhanklike trustfonds** om bogenoemde te finansier moet daargestel word deur die Interimkomitee en die sekretariaat.
9. Laastens stel ons voor dat al die deelnemende sinodes verseker dat hul **Kerkorde** aangepas word om die bogenoemde voorstelle te fasiliteer.

In 'n ideëberaad het die volgende gedagtes na vore gekom:

- \* Jeug: informele byeenkomste van verskillende kerke, oorslaap, ens.
- \* Preekwerkgroepe op ringsvlak
- \* *Saam gee ons om* en forums (Noordelike Konvent)
- \* Gekombineerde aanddienste
- \* Gesamentlike bediening: weeskinders, MIV/Vigs
- \* Multikulturele gemeentes
- \* Gesamentlike projekte: optogte, geweld
- \* Forum vir werkloosheid
- \* Vaardigheidsontwikkeling
- \* Bemagtig vroue om vorentoe te beweeg
- \* Ons benodig natuurlike, spontane prosesse – doen praktiese dinge saam: kampe met die jeug, vroue-aksies
- \* Uitreikforums
- \* Gebedsbyeenkomste
- \* Waarheid en liefde moet seëvier in gesamentlike projekte
- \* Naburige gemeentes kan mekaar help – deelname kan ongelyk wees; versteekte griewe kan na oppervlak

gebring word; werk aan ons gesindhede

\* Gesamentlike kerkraadsvergaderings

\* Wonderlike dinge gebeur op grondvlak – vragmotorbediening in Harrismith, ook aan prostitute

\* Leer mekaar ken – begin met een projek en kyk wat gebeur!

\* Leef ons eenheid – dit is 'n voertuig tot groter eenheid!

\* Gesamentlike fondsinsamelings (basaar)

## 4. VERSOENING

Die volgende verslag is voorgelê en na die Interimkomitee verwys:

1. Die aangehegte dokument oor 'n voorgestelde versoeningsproses is hersien om onlangse ontwikkelings in die herenigingsproses en nuwe insigte oor hoe om die sittings te verbeter en die koste te verminder te weerspieël. Die nuwe weergawe word aangeheg vir goedkeuring deur die vergadering.
2. Die proses sal afskop met 'n korttermyn-loodsprojek om die geloofwaardigheid van die versoeningskommissie te bepaal en die formaat van die kommissie se handelinge te verfyn.
3. Die kommissie sal prioriteit verleen aan plekke waar hofgedinge oor eiendom ingestel is.
4. Die kommissie kan 'n navorser (of 'n span) kontrakkeer om 'n gesamentlike geskiedenis oor die vervreemding tussen die kerke te skryf (die groter prentjie).
5. Die kommissie kan ook 'n konsultant(e) kontrakkeer om met die proses behulpsaam te wees.
6. Al vier kerke van die NG Kerk-familie sal by die versoeningsproses betrokke wees, maar primêr die NGK, NGKA en VGKSA.
7. Al drie kerkrade op 'n plek sal voorleggings maak aan die versoeningskommissie wat hulle in staat sal stel om na maniere vir versoening in daardie plaaslike konteks te soek.
8. Die doel van die kommissie is om 'n mediërende rol te speel, magstryde te ontloot en om te poog om 'n verdere spanningsopbou te voorkom.
9. Korttermyn doelwitte: a) om 'n responsspan daar te stel (moderators van al vier kerke, met secundi) om brandpunte te besoek indien nodig; b) om goedkeuring vir die proses van al vier kerke te verkry.
10. Mediumtermyn doelwit: om die loodsprojek teen September 2007 te voltooi.
11. Langtermyn doelwitte: a) om sittings op alle plekke te voltooi waar daar spanning is tussen die VGKSA, NGK en die NGKA; b) om 'n omvattende verslag oor die proses teen die einde van 2008 (met 'n verlengingstydperk indien nodig) te produseer.
12. Die Gesamentlike Herenigingskommissie (Achterberg) sal verantwoordelikheid neem vir die werk van die kommissie en sy uitvoerende komitee sal gereelde verslae van die kommissie ontvang.
13. Die voortgaande versoeningsproses moet breed genoeg wees om 'n gesamentlike benadering tot kwessies soos grondhervorming, misdad, armoede en sosio-ekonomiese geregtigheid te bevorder.
14. Met spesiale verwysing na die kwessie wat met die eiendomme in die Vrystaat en Phororo verband hou:
  - 14.1 Die NG Kerk in Afrika sal 'n dokument opstel gerig aan die VGKSA oor die kwessie van waarheid en geregtigheid. Dit sal ook aan die ander twee kerke beskikbaar gestel word.
  - 14.2 'n Respons uit hierdie dokument sal tot mediasie aanleiding gee sodat die huidige konflik oor eiendomme bygelê kan word op 'n regverdige manier.
  - 14.3 Die proses van eenheid en versoening, asook waarheid en geregtigheid moet gelyklopend wees met die oorhoofse herenigingsproses.
15. 'n Beroep word op elke lid van die familie gedoen om 'n vennoot te word op die pad van hereniging.

### VOORGESTELDE VERSOENINGSPROSES VIR DIE NG KERK-FAMILIE

Status: Dit is 'n konsensusdokument waarop op 1 Februarie 2007 by 'n vergadering op Achterberg ooreengekom is deur die versoeningstaakspan van die NG Kerk-familie. 'n Vroeëre weergawe van hierdie dokument is in Junie 2006 deur die Algemene Sinodale Kommissie van die VGKSA goedgekeur in uitvoering van 'n besluit van die Algemene Sinode van die VGKSA in September 2005. Dit word nou aan die gesamentlike sessie van die herenigingsproses van die NG Kerk-familie voorgelê vir goedkeuring en implementering.

#### 1. INLEIDING

Die bedoeling van hierdie voorstel is om deur 'n narratiewe proses 'n proses van stapel te stuur wat gerig is op die versoening tussen vervreemde lidmate, gemeentes of ander liggame van die NG Kerk-familie. Wanneer mense wat vervreem geraak het hulle stories vir mekaar vertel, word ruimte geskep vir versoening om plaas te vind, met as voorwaarde dat hulle mekaar nader:



- met wedersydse respek
- in eerlikheid en weerloosheid
- as gelykes, gelyk gemaak deur die genade van God
- met 'n gedeelde Christelike verbondenheid tot eenheid
- met die ferm begeerte om versoening te bereik, nie om punte te verdien of argumente te wen nie

## 2. BEGINPUNTE VAN DIE PROSES

### 2.1 Doel

Die beoogde uitkomst is om 'n versoeningsproses in alle areas binne die NG Kerk-familie te koester. 'n Spesifieke fokus is al die dispute wat ontstaan het tussen die NGKA en VGKSA primêr in die Vrystaat en Phororo, en die persepsies van moontlike NG Kerk-betrokkenheid. Aangesien die vervreemding in die Vrystaat en Phororo so kompleks is, is dit belangrik om nie onrealistiese verwagtinge van hierdie versoeningsproses te koester nie. Daar is egter 'n vaste geloof dat die versoenende krag van die verrese Christus aan die werk is onder ons en dat konflik opgelos kan word deur eerlike en nederige ontmoeting onder leiding van die Heilige Gees. Indien die NG Kerk-familie dit nie glo nie, verloor ons – en die evangelie self – geloofwaardigheid. Ons skuld aan Suider-Afrika 'n voorbeeld van die krag van die evangelie in die vind van 'n weg om versoen en verenig te raak.

### 2.2 Bybelse basis

Hierdie proses gaan uit van die teologiese verstaan van die kerk as een Liggaam van Christus, wat bestaan uit verskillende lede maar verenig is in 'n gemeenskaplike doel en 'n etos van respekvolle samewerking, waarin die swakker dele van die liggaam groter eer en aandag ontvang (1 Kor 12:24). Houdings van minderwaardigheid en onttrekking (1 Kor 12:14ff) of meerderwaardigheid en disrespek (1 Kor 12:21ff) verloën die ware aard van die Liggaam. Hierdie kern Bybelse beeld vir die lewe van die kerk, waarin die dimensies van eenheid, gelykheid, diversiteit en geregtigheid geïntegreer is, verskaf die basis vir die proses wat hier voorgestel word.

Die apostel Paulus het die lidmate van die gemeente van Korinte berispe wat mekaar na die openbare howe geneem het deur daarop te wys dat God aan Christene ("die heiliges") die gesag en verantwoordelikheid gegee het om die wêreld (1 Kor 6:2) en selfs die engele (1 Kor 6:3) te oordeel, maar hulle was oënskynlik nie in staat om die (redelike klein) konflikte in eie geledere op te los nie. Deur ons dispute oor te gee aan regsprosesse waarin die logika van die evangelie dikwels nie geld nie, erken ons dat ons misluk het (kyk 1 Kor 6:7) en maak ons die evangelie kragteloos.

In Johannes 17 het Jesus *gebid* vir die eenheid van sy dissipels. In vv. 9-19 het Jesus gebid dat die Vader hulle moet beskerm van die Bose (v.11, 12, 15), aan hulle moet blydschap gee (v.13), dat hulle aan Hom toegewy moet wees deur die waarheid (v.17), hulle een moet maak (v.11, 21, 22), hulle met Hom moet wees in heerlijkheid (v.24), en die liefde wat aan Hom bewys is ook in hulle kan wees (v.26). Wanneer hierdie seëninge 'n werklikheid word in die lewens van die dissipels, sal hulle 'n invloed hê op die gemeenskap waarin hulle leef omdat God 'n God is wat mense uitstuur (v.8, 18, 23, 25), wat graag wil hê dat mense tot geloof sal kom deur die getuienis (in woord en daad) van Jesus se dissipels (v.20, 21, 23). Die verkryging van eenheid en versoening onder Christene is daarom 'n onontbeerlike dimensie van die kerk se getuienis in die gemeenskap. Voortdurende verdeeldheid is dus afbrekend vir die getuienis van die kerk. Ons in die NG Kerk-familie moet onself verbind tot aanhoudende gebed vir eenheid en versoening om hierdie visie te laat realiseer. Ps 127:1-2 herinner ons daaraan dat dit God is wat die kerk bou en dat ons mees intense bou pogings tevergeefs is tensy hulle deel vorm van God se werk op aarde en in ooreenstemming is met God se agenda van genade (v.2).

In die Bybel word versoening primêr gesien as God se werk wat voortvloei uit God se liefde vir die wêreld. In Christus het God die inisiatief geneem en aan ons gewys hoe vervreemding oorkom kan word deur lyding en opofferende liefde (2 Kor 5:16-21). God betrek ons en sluit ons in in die missie van versoening, en maak 'n appèl deur ons op almal wat wil luister. Versoening beteken daarom dat ons verantwoordelikheid neem deur gewilliglik deel te word van God se versoenende werk op aarde. Dit behels die herstel van verhoudings en om ander nie langer te bejeën "volgens 'n menslike maatstaf" nie (2 Kor 5:16), maar om hulle te aanvaar as broeders en susters, as volwaardige lede van die huisgesin van God en mede-erfgename van die belofte van redding, nie langer as vreemdelinge of bywoners (Ef 2:19) nie. Sulke herstelde verhoudings word in die Ou Testament *shalom* genoem wat harmonie, heelheid en geregtigheid vir almal beteken. Versoening sluit daarom die herstel van die verhouding tussen mense en God, tussen elke mens en hom/haar self, tussen mense en tussen mense en die natuur in.

Sonder die waarheid en geregtigheid is versoening nie moontlik nie. Dit kan slegs in 'n gees van nederigheid bereik word wanneer ons nie ander blameer nie, maar die waarheid aan hulle in liefde bring (Ef 4:15). Tensy ons mekaar nader as "bedelaars", met leë hande, sal ons nie uit God se genade optree nie, maar bloot kom om met almal af te reken en 'n argument (of 'n hofspraak) te wen. Indien ons na mekaar toe kom uit 'n magsposisie en op ander neersien, vernietig ons die moontlikheid van versoening. God se genade

stel ons almal gelyk aan die voet van die kruis om saam deur die Gees van Gof verhoog te word tot 'n lewe van gedeelde gehoorsaamheid en vreugde.

Ons kry in die Bybel ten minste drie direkte versoeningsrolle wat ons van tyd tot tyd moet vervul, afhange van die situasie waarin ons onself bevind. Daar is eerstens die *Saggeus*-opsie, wat verwys na die rol van 'n bewerker van ongeregtigheid of onregverdigheid wat sy of haar oortredings bely, daarvoor verskoning aanteken en konkrete stappe neem om restitusie uit te oefen teenoor dié wat hy of sy benadeel het (Lk 19:1-10). Daar is ook die *Ananias*-opsie, die pynlike reis van die (potensiële) slagoffer om vergiffenis en heling te bied aan 'n oortreder wat haar/hom of sy/haar geliefdes te na gekom het (Hand 9:10-19). Dertens is daar die *Barnabas*-opsie, waar 'n derde persoon wat nie betrokke is in die vervreemding tussen twee ander mense nie, die inisiatief neem en hulle saam bring (Hand 9:26-30).

Dit is duidelik dat versoening geensins eenvoudig is of 'n kitsoplossing het nie. Soos ons uit Matt 18:15-20 sien, kan dit lank neem om harmonie in 'n gemeenskap te herstel. Versoening is 'n lang reis (Luk 24:13-35) waarin dit vir ons belangrik is om: a) ons verhare van teleurstelling en verlies, woede en frustrasie te deel; b) ons aan die lewende Christus en sy woord bloot te stel; c) saam te eet (of ander rituele te beoefen) voor die aangesig van die Here.

Hierdie poging om versoening tussen ons drie kerke te bewerkstellig is gebaseer op 'n gesamentlike aanvaarding dat dit 'n skande is, en 'n verloëning van Christus, om voort te gaan met ons kerke wat verdeel is, veral wanneer ons mekaar begin hof toe neem oor eiendomme. Dit is 'n simptoom van hoe wêrelds ons is (Grieks: *sarkikos*) (1 Kor 3:3): betrokke by "jaloesie en twis"; en hoe ons aan hierdie sondige wêreld (Rom 12:1-2) met sy besitlike verstaan van eiendomeienaarskap gelyk geword het. Ons bly in gebreke om op te tree as getroue rentmeesters (*oikonomoi*: opsieners en bestuurders) van *God se eiendom* wat God bloot aan ons *toevertrou* het. Ons loop die risiko om beheer te word deur gierigheid en selfsugtigheid sodat ons God nie verheerlik of goeie nuus bring aan die samelewing rondom ons nie. Ons sout het sy smaak verloor (Matt 5:13) omdat ons nie in staat is om ons verskille by te lê in die naam van Jesus nie en God se hulpbronne (soos grond en geboue) met medelidmate van die een Liggaam van Christus te deel nie.

### 2.3 Historiese faktore

Die proses van versoening binne die Nederduitse Gereformeerde Kerk-familie het te kampe met die gevolge van ons Suider-Afrikaanse ekonomiese en politieke geskiedenis. Niemand kan ontken dat die veranderende politieke omstandighede oor die afgelope 150 – 350 jaar die NG Kerk-familie op 'n fundamentele wyse beïnvloed het nie. In werklikheid was die NG Kerk-familie sleutelrolspelers in daardie geskiedenis, soms aan teenoorgestelde kante van die politieke skeidslyn. Dit het natuurlik groot skade veroorsaak aan verhoudings en magsverskille ingebed regoor die NG Kerk-familie. Verdeling, wantroue en manipulasie het wyd voorgekom. In die onlangse verlede het baie ten goede verander, maar daar bestaan steeds spanning, veral rakende kwessies van armoede, gemeenskapsfasiliteite, misdaad, plekname en taal.

Die totstandkoming van die VGKSA in 1994 het daartoe gelei dat die verdeling in die NG Kerk-familie gedeeltelik oorkom kon word, maar het ook die onbedoelde gevolg gehad dat 'n nuwe verdeling veroorsaak is. Die aanvaarding van die Belhar Belydenis en die prosedures wat gevolg is in die vereniging van die NGKA en NGSK het veroorsaak dat sommige gemeentes in die Vrystaat en Phororo onttrek het van die VGKSA ten einde die NGKA te laat voortbestaan. Dit het wydverspreide spanning oor kerkeiendom veroorsaak en aanleiding gegee tot verskeie hofsake. Die periode 1994-2006 kan beskou word as een van groter-wordende vervreemding, met opvolgende golwe van pyn, woede en gekrenktheid wat oor die NG Kerk-familie gespoel het. Die Konvent-vergaderings van die streeksinodes in die Kaap en Suid-/Noord-Transvaal het tydelik positiewe momentum vir eenheid in daardie streke teweeg gebring, maar die skadu van die spanning in Vrystaat en Phororo het voortdurend oor hierdie prosesse bly val. Dit is nou vir almal wat betrokke is duidelik dat 'n bevredigende oplossing van hierdie eiendomsdispute en 'n versagende houding van alle kante wat by die konflik betrokke is, 'n voorvereiste is vir die hereniging van die NG Kerk-familie. Versoening is 'n voorvereiste vir – en 'n essensiële dimensie van – hereniging.

Mense in arm en landelike gemeenskappe heg dikwels groot waarde aan grond as gevolg van die feit dat hulle mank gaan aan so baie ander vorme van sekuriteit in die lewe. Dit is verstaanbaar dat die kerkgebou en pastorie van 'n arm gemeente sleutelsimbole is van sy identiteit, wat vir mense pynlik is om te verloor, en waarvoor hulle bykans enigiets sal doen om te behou indien hulle gevaar loop om dit te verloor. Hierdie verknogtheid aan kerkeiendom is dus nie in wese sleg nie, maar dit kan te ver gevoer word.

Ons neem dit verseker te ver wanneer ons groot bedrae van die swaarverdiende tiendes en offers van God se mense neem om prokureurs en advokate te betaal en in die proses die kosbare hulpbronne vermors wat mense van ons kerk gegee het om God se koninkrykswerk te laat voortgaan in die gemeenskappe. Dit kan as "steel" beskou word om fondse weg te neem van die dringende projekte van evangelisasie, MIV/vigs-voorkoming, armoedeverligting, werkskepping, ensovoorts wat ons aan ons lydende gemeenskappe skuld. Dit is nie net 'n fout nie - dit is 'n totale ongehoorsame en onverantwoordelike gebruik van God se hulpbronne. Paulus se streng woorde in Gal 5:15 is op ons van toepassing: "Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemaal verslind nie."

### 2.4 Slot

Hierdie proses het dus die volgende vertrekpunte:

- a) Ons doen die naam van God oneer aan deur ons verdeeldheid en ons geveg oor eiendom, veral as ons hierdie geveg na die howe toe neem.
- b) Ons misluk as God se beeldraers – toesighouers, opsieners en bestuurders van God se eiendom – as ons nie daarin slaag om ons konflik in terme van die evangelie op te los nie.
- c) Elk van ons drie kerke het op die een of ander wyse bygedra tot die verdeling en die hofsake. Hierdie proses gaan nie daarvoor dat een of twee onskuldige kerk(e) die ander kerk(e) skuldig bewys nie. Ons kom almal in nederigheid en berou om saam na 'n nuwe begin te soek voor die aangesig van God.
- d) Daar is 'n beter manier om konflik onder Christene op te los en dit is die weg van die liefde (1 Kor 12:31). Liefde laat ons die waarheid praat met mekaar (Ef 4:15), versoening najaag as 'n essensiële deel van ons aanbidding van God (Matt 5:23-24), en opreg vir mekaar in woord en daad om te gee (1 Joh 3:18).
- e) Hierdie proses is 'n oproep tot die bekering van ons drie kerke: weg van die pad van konfrontasie en negatieweiteit wat ons begin loop het; terug na die pad van liefde en eenheid, vergiffenis en versoening, medelye en geregtigheid, wat die Here van die kerk vir ons in die Bybel uiteengesit het:

*\* dat God aan sy kerk die boodskap van versoening in en deur Jesus Christus toevertrou het; dat die kerk geroep is om die sout van die aarde en die lig van die wêreld te wees; dat die kerk salig genoem word omdat hulle vredemakers is; dat die kerk deur woord en daad getuies is van die nuwe hemel en die nuwe aarde waarop geregtigheid woon;*

*\* dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees die magte van sonde en dood, en daarom ook van onversoendheid en haat, bitterheid en vyandskap, oorwin het; dat God deur sy leweskeppende Woord en Gees sy volk in staat stel om te leef in 'n nuwe gehoorsaamheid wat ook in die samelewing en wêreld nuwe lewensmoontlikhede kan bring.*

(Soos in die Belhar Belydenis geformuleer).

### **3. DIE VERSOENINGSPROSES**

#### **3.1 “Neem eienaarskap” van die proses**

Dit is van kardinale belang dat die hele NG Kerk-familie gesamentlike verantwoordelikheid neem vir hierdie versoeningsproses. Vir die proses om te slaag, moet die Algemene Sinodale Kommissies van al vier kerke, asook die streeksinodes van Vrystaat en Phororo/Noord-Kaap van die NGK, NGKA en VGKSA hierdie dokument onderskryf. Die direkte toesig oor en verantwoordelikheid vir die proses sal in die hande wees van die “Achterberg”-Gesamentlike Herenigingskommissie (GHK).

Die vier deelnemende kerke sal 'n ooreenkoms onderteken (op elke nuwe stadium of "vlak" van die proses), deur hulself plegtig te verbind tot die proses as 'n geloofshandeling, in gehoorsaamheid aan die God van die kerk. Die bewoording van hierdie verbintenis (gesamentlike verbondsverbintenis) moet die teologiese insigte wat in hierdie dokument ontwikkel is, weerspieël (2.1 hierbo). Hierdie verbintenis sal gemaak word deur elke Algemene Sinode, streeksinode en deelnemende plaaslike gemeente. Dit sal 'n onderneming deur elke kerk bevat om alle hofsake op te skort, ten minste vir die duur van die kommissie se werksaamhede, sodat die drie partye werklik "aan vrede 'n kans kan gee".

#### **3.2 Geskiedenis van die vervreemding**

Die gebeure rondom die vervreemding wat in elke plaaslike situasie ontvou het, is grondiglik beïnvloed deur die groter gebeure rondom die totstandkoming van die VGKSA in 1994. Die taakspan beskou dit as essensieel dat die hele storie van die verenigingsproses tussen die NGSK en NGKA, gevolg deur die latere onttrekking van sommige gemeentes om die NGKA weer te herstel, neergeskryf moet word as een van die eerste stappe in die versoeningsproses. Hierdie verslag sal elke plaaslike proses help deur vooraf die "groter prentjie" te skilder sodat al daardie detail nie in elke gebied herhaal hoef te word nie, maar aanvaar kan word as bekend aan almal.

Ten einde aanvaarbaar te wees vir alle partye, moet so 'n historiese relaas waarskynlik geskryf word deur 'n span outeurs wat verteenwoordigend is van alle standpunte oor die gebeure. Indien dit deur een persoon geskryf word, sal dit bespreek en geredigeer moet word deur 'n span wat die NGK, NGKA en VGKSA verteenwoordig sodat almal van hulle daarmee kan identifiseer. Die GHK sal die persoon/persone wat hiervoor verantwoordelikheid neem, aanstel of kontrakkeer.

### **4. DIE PROSEDURES BY DIE SITTINGS**

#### **4.1 Samestelling van die kommissie**

Die taakspan stel voor dat die kommissie moet bestaan uit sewe (7) persone: a) 'n voorsitter wat 'n gerespekteerde versoenende figuur van 'n ander kerk is; b) twee lede wat deur elk van die deelnemende kerke genomineer is (moontlik afgetrede leraars) en wat gerespekteer word as versoenende figure. Geen kerklidmaat wat 'n voorlegging aan die kommissie wil maak mag op die kommissie dien nie. Die voorsitter moet vir al drie kerke aanvaarbaar wees.

Dit kan nuttig wees om 'n groep waarnemers te betrek wat genooi word uit die ekumeniese vennote van

die drie kerke, om die proses mee te maak in 'n adviserende en ondersteunende hoedanigheid. Hulle moet ook vir al drie kerke aanvaarbaar wees ten einde hulle geloofwaardigheid te verseker en hulle bydrae tot die proses uit te bou.

#### **4.2 Loodsprojek**

Om die geloofwaardigheid van die kommissie te toets en die formaat van die sittings en verslagdoening te bepaal, sal die kommissie eers 'n "loodsprojek" vir 'n maand lank bedryf. Dit sal 'n eerste groep van vier of vyf dorpe omvat waar die narratiewe versoeningsproses getoets en verfyn word. Na hierdie loodsprojek sal die kommissie 'n interimverslag aan die GHK voorlê vir evaluasie en 'n daaropvolgende verslag aan die uitvoerende komitees van die vier Algemene Sinodes. Die verslag sal aanbevelings oor die weg vorentoe bevat. Indien die evaluasie positief is, sal die proses na ander gebiede uitgebrei word. Indien die kommissie enige veranderinge tot sy samestelling of funksionering voorstel, sal dit deur die GHK bespreek en aanvaar word. Indien die kommissie van mening is dat die proses nie werk nie, moet dit aan die GHK voorstel dat die projek beëindig word.

#### **4.3 Die voortgaande projek**

Indien die loodsprojek suksesvol is, sal die kommissie met sy werk voortgaan deur een gebied op 'n slag te besoek en, ideaal geproke, die "sitting" in daardie area binne twee of drie dae ('n maksimum van een week) te voltooi. Die plaaslike kerkrade van die NGK, NGKA en VGKSA sal twee weke voor die sitting elk 'n geskrewe voorlegging maak aan die kommissie (met al die nodige dokumentasie soos briewe en kerkraadsnotules om hulle siening te motiveer) waarin elke kerk "sy kant van die storie" verduidelik: wat gebeur het, wanneer dit gebeur het, waarom dit gebeur het, in wie se naam die kerkeïendomme geregistreer is, hoe die partye op die optrede van die ander partye gereageer het, ensovoorts. Gevoelens van woede, pyn en teleurstelling sal almal in hierdie voorleggings uitgedruk word, maar van kerkrade word ook verwag om konstruktiewe voorstelle te maak oor hoe versoening bereik kan word.

Nadat al die voorleggings aangehoor is, sal daar 'n geleentheid wees vir die kommissielede (en deelnemers) om vrae te vra aan die ander deelnemers ten einde duidelikheid te kry indien enige onduidelikheid nog bestaan. Die kommissie behoort ook verskille van opinie of interpretasie te identifiseer. Die kommissie sal geen spreker toelaat om 'n ander deelnemer aan te val of te beledig nie (duidelike "grondreëls" vir interaksie sal deur die kommissie opgestel word), maar dit sal aan die deelnemers die geleentheid gee om in interaksie met ander deelnemers te gaan deur vrae te vra of standpunte te bevraagteken ten einde die kommissie te help om die ware "feite" van die situasie te bepaal.

Die kommissie sal die reg hê om spesifieke persone uit te nooi om hulle stories te vertel indien die kommissie van mening is dat die bydrae van hierdie persone meer lig op sekere vrae kan werp. Mense wat hulle stories vertel sal nie onder eed "getuig" nie aangesien die kommissie geen statutêre of regsfunksie het nie, maar elke deelnemer sal gevra word om 'n plegtige verklaring in die naam van die Drie-enige God af te lê om die waarheid in liefde te praat.

#### **4.4 Kommissieverslae**

Na elke sitting sal die kommissie uit die openbaar onttrek om 'n interimverslag te skryf. In hierdie verslag sal die kommissie drie dinge doen: a) 'n gedetailleerde storie vertel van wat gebeur het en wat saamgestel is uit die drie geskrewe voorleggings en die interaksies gedurende die sitting; b) die faktore identifiseer en analiseer wat die verdeling en konflik veroorsaak het; c) konkrete voorstelle maak oor die pad na versoening in daardie spesifieke stad/dorp.

Een keer per maand sal die kommissie 'n gekonsolideerde verslag aan die Interimkomitee van die GHK bied oor die sittings in die gebiede wat dit besoek het. Indien enige dringende optrede in 'n plaaslike situasie deur die kommissie voorgestel word, word dit aan die plaaslike kerkrade deur die Interimkomitee van die GHK oorgedra. Alle ander aanbevelings van die kommissie word in volle sessies van die GHK bespreek.

### **5. KORT-, MEDIUM- EN LANGTERMYNBEPLANNING**

Die taakspan het die volgende tydraamwerk vir die versoeningsproses wat hierbo uiteengesit is, geïdentifiseer: Die loodsprojek is 'n mediumtermyn doelwit wat teen Desember 2007 voltooi behoort te wees. Die volle uitvoering van die versoeningsproses is die langtermyn doelwit wat teen die einde van 2008 voltooi moet wees.

Die taakspan het gevoel dat voorsiening op die kort termyn gemaak moet word vir dringende situasies wat kan opduik. Wanneer spanning in 'n spesifieke gebied tussen gemeentes van die drie kerke ontwikkel, moet 'n nood-versoeningspan beskikbaar wees om die gebied op kort kennisgewing te besoek. Die taakspan stel voor dat die noodspan moet bestaan uit die moderators van die Algemene Sinodes van die vier NGK-kerke, wat elk 'n lys van sekundiêre plekke te gaan indien hy/sy nie beskikbaar is nie. As "sigbare kerkleierskap" stem dit ooreen met die idee van "sigbare polisiëring" in misdadervoorkoming met die doel om dringende situasies te ontloot en verdere vervreemding tussen ons kerke, indien moontlik, te voorkom.

## 6. FINANSIËLE OORWEGINGS

Die kommissie sal geld kos aangesien 'n aantal mense hulle ander verantwoordelikhede eenkant moet skuif en tyd aan die sittings moet toewy. 'n Aantal sleutelbesluite sal die begroting beïnvloed: Neem al die sittings op 'n sentrale plek plaas (bv Bloemfontein), of beweeg die kommissie fisies van dorp na dorp? Miskien kan die loodsprojek in Bloemfontein gedoen word om die veranderlikes in die vroeë stadiums van die kommissie se werk te beperk.

Die volgende items behoort op die begroting vir die loodsprojek te verskyn:

Reiskoste van kommissielede na en van 'n sentrale plek	2 X 7 X R1 000	R14 000
Huur van vervoer (kombi?) in Bloemfontein gedurende sittings		R10 000
Verblyfoste 7 X 30 X R300		R63 000
Vergoeding vir voorsitter (@ R500 per dag) 1 X 30 X R500		R15 000
Administrasie (fotokopiëring, ens.)		R5 000
Die skryf van die geskiedenis van die groter proses – kontraknavorsers (?)		R10 000
Onvoorsiene uitgawes		R10 000
Sub-totaal		R127 000
Kompensasie aan kerkrade vir leraars op kommissie (?) 6 X 30 X R250		R45 000
TOTAAL		R172 000

'n Benaderde bedrag van R130 000 behoort toereikend te wees om 'n maandlange loodsprojek van die kommissie te befonds.

## A.5.4.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: VERHOUDINGS

### 1. APPROBASIE BY KERKEENHEID

(Vgl Agenda Deel I bl 384 pt 14 en bl 398 pt 2.8)

1. Approbasie is 'n baie ou gebruik in kerklike reg.en beteken dat 'n betrokke kerklike liggaam/groep mense, bv die lidmate van 'n gemeente hulle goedkeuring/instemming verleen aan die besluit of optrede van 'n ander kerklike liggaam. Die gemeente keur die verkose kerkraadslede se name goed en verleen sodoende hulle instemming dat die name wat aan hulle voorgehou is in die amp bevestig mag word. In die vroeër jare van Gereformeerde kerkregering het dit ook gebeur dat die owerheid bv die kerkorde van 'n kerk moes goedkeur/approbeer. So was daar ook die approbasie van kandidate vir die bediening asook van beroepe predikante. In lg twee gevalle sou die approbasie ook instemming met die leer en lewe van die betrokke behels anders sou approbasie geweier kon word. (Jansen,Korte verklaring van de Kerkenordening,1937, p 96-97).

2. Soortgelyke vorme van approbasie as wat in die geskiedenis van gereformeerde kerkregering voor kom, vind ons ook in die orde van die NG Kerk.

**3. Die kerklike orde van die NG Kerk (2004) maak in Reglement 6 voorsiening vir approbasie by die vermeerdering, kombinering, eenwording,en samesmelting van gemeentes** (Kerkorde, 2004,Regl 6, pp 45 – 51. Die volgende reëlings geld in elke betrokke geval

**3.1 Vermeerdering van gemeentes:** “*Slegs indien 'n meerderheid van die betrokke ongesensureerde belydende lidmate* die versoekskrif ten gunste van afstigting onderteken het en die waarborglys in orde is , stuur die kerkraad die versoekskrif en die waarborglys kragtens art 31.4saam met aanbevelings oor die volgende sake aan die skriba van die ringskommissie: -----.” (Kerkorde,2004, Regl 6:1.1.3.2)

#### 3.2 Kombinering van gemeentes

**3.2.1** “In alle gevalle van kombinasie word 'n geskrewe ooreenkoms opgestel en aan die betrokke kerkrade vir goedkeuring voorgelê. Indien van toepassing moet Artikel 13 van *Die Kerkorde* in ag geneem word. **Ten minste 66% van die kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet die ooreenkoms goedkeur.**” (Kerkorde, 2004, Regl 6:2.1.2).

**3.2.2** “Nadat die kerkrade die kombinasie-ooreenkoms goedgekeur het, word **die ooreenkoms op twee agtereenvolgende Sondae tydens die erediens aan elkeen van die betrokke gemeentes vir approbasie bekend gemaak**, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.” (Kerkorde,2004,Regl 6:2.1.3)

**3.2.3 Nadat die gemeente approbasie verleen het**, word die kombinasie –ooreenkoms aan die betrokke Ring/Ringskommissie vir goedkeuring en bekragtiging voorgelê.” Nadat die Ring die ooreenkoms bekragtig het, word dié ooreenkoms van krag of op 'n datum wat in die ooreenkoms bepaal word.” (Kerkorde,2004, Regl 6:2.1.4).

#### 3.3 Eenwording van gemeentes

**3.3.1** Die kerkraad van die gemeente wat wil ontbind, moet 'n besluit tot ontbinding neem en die kerkraad(e) van die gemeente(s) waarby die betrokke lidmate ingelyf word, moet toestemming tot inlywing gee. **Ten minste 66% van die dienende kerkraadslede van elke betrokke kerkraad moet ten gunste van eenwording besluit.**” (Kerkorde 2004,Regl 6:3.1.1).

**3.3.2** Die ooreenkoms waartoe die kerkrade gekom het, moet vir approbasie op twee agtereenvolgende Sondae by al die openbare eredienste van die betrokke gemeentes bekend gemaak word, met vermelding dat besware daarteen binne sewe dae na die laaste bekendmaking skriftelik by die skriba ingedien moet word.” (Kerkorde 2004, Regl 6:3.1.3).

#### 3.4 Samesmelting van gemeentes

**3.4.1** “Samesmelting beteken dat twee of meer gemeentes, wat nie langer selfstandig wil of kan voorbetsaan nie, afsonderlik ontbind om saam een totaal nuwe gemeente te stig binne dieselfde geografiese gebied as waarbinne die onderskeie samestellende gemeentes aanvanklik voor ontbinding bestaan het” (Kerkorde 200, Regl 6:4).

**3.4.2** “Die kerkrade van die onderskeie samesmeltende gemeentes neem afsonderlik 'n besluit tot samesmelting” Kerkorde 2004, Regl 6:4.1.1)

**3.4.3 “Aan alle ongesensureerde belydende lidmate van die onderskeie samesmeltende gemeentes**

**word aan die hand van 'n vraelys-stembrief geleentheid gebied om skriftelik aan te dui of hulle ten gunste van die samesmelting is al dan nie.**" (Kerkorde 2004, Regl 6:4.1.2.)

**3.4.4** "Die genoemde vraelys stembrief word persoonlik en sonder enige stemwerwing deur die onderskeie kerkrade van die samesmeltende gemeentes aan elke ongesensureerde belydende lidmaat binne die bepaalde gemeente beskikbaar gestel." (Kerkorde, 2004, Regl, 6:4.1.2.1)

**3.4.5** "Dit is elke lidmaat se eie verantwoordelikheid om toe te sien dat sy/haar voltooide vraelys-stembrief die kerkkantoor van sy/haar gemeente bereik voor/op die sperdatum wat deur die kerkrade bepaal is" (Kerkorde 2004, Regl 6:4.1.2.2).

**3.4.6 Goedkeuring moet van 'n meerderheid van die lidmate wat vraelys-stembriewe ingehandig het, verkry word alvorens met die proses van samesmelting voortgegaan kan word.**" (Kerkorde 2004, Regl 6:4.1.2.3).

4. By die vereniging van kerkverbande met mekaar is die betrokke Kerkorde artikels vir die verandering van die belydenis-identiteit van 'n kerk ook baie belangrik. In die geval van die NG Kerk is KO (2004) arts 44.1, die nuwe 44.1 en 44.2 ter sprake: die betrokke artikels lees:

**4.1** "KO (2004) art 44.1 "Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het"

**4.2** "KO (2004) Nuwe 44.1 "Die wysiging van die Belydenis kan alleen geskied nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheid én twee derdes van alle kerkrade elk met 'n twee tweederdemeerderheid ten gunste daarvan besluit het. (Die nuwe 44.1 word van krag nadat al die sinodes hierdie wysiging met 'n tweederdemeerderheid goedgekeur het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het)."

**4.3** "KO (2004) Art 44.2 Artkel 44.1 en 44.2 word gewysig nadat elke sinode afsonderlik met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit het en die Algemene Sinode daarna met 'n tweederdemeerderheidstem ten gunste daarvan besluit."

5. In die verlede, ook die jongste verlede, het die howe van die land kerke se interne reëlings mbt die wysiging van belydenis ernstig geneem en toegesien dat daar nougeset aan die reëls vir wysiging van belydenis uitvoering gegee word.

6. Dit is egter ook waar dat in gevalle van kerkskeuring of wanneer lidmate daarop aanspraak gemaak het dat hulle die wettige voortsetting van 'n kerkverband is, die howe nog altyd die lidmate wat bv as NG Kerk bly voortbestaan het, die reg op die eiendom van die oorspronklike gegee het – selfs al was dit 'n minderheid lidmate wat agter gebly het. Hierdie beregtiging is nog deurgaans gedoen met verwysing na die verenigingsreg. Die kerk is dus as 'n vrywillige vereniging gesien en ook in dié sin bereg.

7. Dit laat uiteraard die vraag ontstaan wat sal gebeur indien bv dié lidmate wat beswaar gemaak het teen die samesmelting van hulle gemeente met 'n ander NG gemeente verklaar dat hulle die wettige voortsetting is van die oorspronklike NG Gemeente. Daar sou heelwaarskynlik geargumenteer kon word dat die howe sal aanvaar dat daar besluite is wat tans vervat is in Reglement 6 van die Algemene Sinode - maw as 66 persent van die lidmate wat stembriewe ingelewer het ten gunste van die samesmelting is, kan dit deurgaans en moet die lidmate wat beswaar het die besluit aanvaar of ander reëlings tref maar hulle sal nie aanspraak hê op enige bates van die gemeente nie..

8. 'n Volgende vraag is egter wat die houding van die howe sal wees indien dit gaan om gemeentes uit verskillende kerkverbande wat saamsmelt en wat gebeur wanneer die verenigings gesprekke tussen die Familie van NG Kerke sou deurgaans en 'n nuwe kerkverband gevorm word. Tot dusver was die houding van die howe dat die kerke aan die vereistes van hulle .eie Kerkordes moet voldoen (KO 2004, art 44). Op die oomblik sou beteken dat daar letterlik aan die vereistes van art 44 voldoen moet word. Daar is tans geen voorsiening in die Kerkorde (2004) van die NG Kerk vir die approbasie deur lidmate vir 'n kerkeenheidsproses tussen kerkverbande nie. Daar is wel voorsiening vir die situasies in 3 hierbo genoem.

9. Verder egter is daar besluite, deur die Algemene Sinode van 2004 geneem, wat dit het oor "raadpleging" en "toetsing" van gemeentes in die proses van kerkeenheid tussen kerke van verskillende verbande. Die besluite lui ondermeer soos volg:

**9.1** "Raadpleging van gemeentes: Hoewel die Algemene Sinode en sy kommissies 'n taak het om leiding teneem, onderhandelings te voer en voorstelle te maak ten opsigte van hierdie proses, bevestig ons weer eens dat ons verbind is om ons gemeentes te raadpleeg en te toets sodat ons saam hierdie pad kan loop." (Besluiteregister, Algemene Sinode 2004, Handeling 2004, bl 428, pt12."

**9.2** "Hierdie aanbevelings word in 'n konsultasieproses deurgegee na die sinodes, kerkrade en gemeentes vir kommentaar en verdere aanbevelings." (Besluiteregister, Algemene Sinode 2004, Handeling 2004, bl 429, pt 13.2). Opmerking: Die verwysing na gemeentes in hierdie konteks kan nie iets anders beteken as

die lidmate nie. Dit moet dus myns insiens deeglik in ag geneem word dat dit die lidmate is wat ook gekonsulteer moet word en nie net die kerkvergadering nie.

**9.3** “Die toetsing van kerkrade en sinodes oor “finale” of eindvoorstelle vir die herstel van hierdie verband word gelaat tot ‘n behoorlike proses van konsultasie en saampraat met sinodes en gemeentes na die oordeel van die Algemene Sinode of die ADL plaasgevind het.” (Besluiteregister AS 2004, Handeling AS 2004, bl 429, pt 13.4).

**9.4** “Die kerkrade maak hulle konsensus-mening, of hulle gedebateerde besluit met tweederdemeerderheid aan die gemeente op twee Sondae bekend vir approbasie. Indien die besware uitloop op ‘n besluit tot toetsing van die gemeente, word dit gedoen. Uiteindelik maak die kerkrade hulle geaprobeerde besluit aan die sinode bekend.” (Besluiteregister AS 2004, Handeling AS 2004, p 429, 14.4).

**10.** Persoonlik dink ek dat die nuwe Grondwetlike bedeling met die gewaarborgde godsdiensvryheid dit vir kerke moontlik maak:

**10.1** om hulle eie interne orde te reël en dat dit nie meer so hoef te wees dat kerke bereg word in terme van die verenigingsreg nie – wat tot gevolg het dat ‘n minderheid lidmate met al die bates kan agterbly nie. Ek dink kerke kan met vrymoedigheid eie reëlings tref wat bepaal dat nie net in die geval van die samesmelting van NG gemeentes ‘n meerderheid van die belydende lidmate wat die vraelys–stembriewe ingehandig het die samesmelting van NG gemeentes moet goedkeur nie maar dat bv. 66% (of watter persentasie ookal) van belydende NG Kerk lidmate wat “vrae-lys” stembriewe ingehandig het die voorstelle tot kerkeenheid kan probeer met dien verstande dat die huidige voorgestelde reëlings van KO art 44 ook nagekom moet word.

**10.2** Ten einde sodanige reëling te kan tref, sal dit egter vir die NG Kerk, en ook ander kerke wat aan die proses deelneem, nodig wees om dusdanige reëlings in hulle Kerkorde (dit sou seker ook in ‘n reglement kon wees) in te skryf sodat alle lidmate kan weet dit is die kerkregtelike reëling wat getref word en sodat daar geleentheid vir appèl kan wees. Dit sal heelwaarskynlik baie wys wees om ‘n reëling soos hierdie in die Kerkorde in te skryf wat sal beteken dat dit deur ‘n tweederdemeerderheid van die Algemene Sinode goedgekeur moet word.

#### **11. Om saam te vat.**

**11.1** Die NG Kerk het tans reëlings wat die eenwording, samesmelting ens van NG gemeentes reël. In hierdie reëlings word sekere regte aan lidmate gegee en dit moet eerbiedig word.

**11.2** Die NG Kerk het tans géén Kerkordelike reëlings wat die eenwording of samesmelting van kerkverbande reël nie behalwe dit wat in art 44 staan.

**11.3** Die besluite van die AS 2004 bepaal duidelik dat lidmate geraadpleeg en getoets sal word – hierdie ondernemings moet twv goeie trou nagekom word.

**11.4** Dit sal m.i. wys wees om, volgens die neergelegde reëlings, ‘n artikel in die Kerkorde te plaas wat dit duidelik sal stel hoeveel lidmate ‘n eenheidproses tussen kerkverbande moet goedkeur voordat dit kan deurgaen.

**11.5** Ek dink kerke het die volste reg hiertoe in terme van die Grondwet art 15. Dit sal verhoed dat kerkverbande wat een wil word in terme van die verenigingsreg bereg word en dit sal kerke se reg om hulle eie orde te reël bevestig.

P Coertzen  
Stellenbosch  
Januarie 2007

#### **AANBEVELING: APPROBASIE BY KERKEENHEID**

**1. Die Algemene Sinode neem kennis van die verslag oor approbasie by kerkeenheid.**

**2. Die Algemene Sinode wysig Reglement 6 soos volg:**

**2.1 Voeg in by die opskrif van Reglement 6 na “samesmelting van gemeentes” die woorde “uitbreiding van die kerkverband”.**

**2.2 Voeg die volgende nuwe punt 6 in by Reglement 6 :**

**“6.1 Uitbreiding van die kerkverband beteken dat die NG Kerk met ander kerkverband(e) saamgevoeg word.”**

**“6.2 Hierdie uitbreiding van die kerkverband is afhanklik van die goedkeuring deur ten minste ‘n twee-derde meerderheid van twee-derdes van die kerkrade, van elke sinode en die Algemene Sinode.”**

**“6.3 Die goedkeuring deur die kerkrade is afhanklik van die approbasie van die meerderheid van die**





## **A.6.4.1 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE ALGEMENE TAAKSPAN REGTE: *BESTUUR, ADMINISTRASIE EN NAVORSING***

### **1. INTERPRETASIE VAN ART 40.2**

(Vgl Agenda Deel I bl 458/9 en Agenda Deel II bl 7)

#### **1.1 Agtergrond**

##### **1.1.1 Artikel 40 lui:**

“40.1 Voor die verdaging van die Algemene Sinode word ’n Moderatuur verkies en ’n Moderamen van die Algemene Sinode saamgestel.

40.2 Lede van die Moderatuur kan vir meer termyn in dieselfde posisie verkies word.

*Besluit by Art 40.2*

*Indien die huidige 2 jaar-siklus verander word na ’n 3 of 4 jaar-siklus, kan die moderatuur vir 2 termyn in dieselfde posisie verkies word. Indien die huidige 2 jaar-siklus behou word, kan die moderatuur vir 3 termyn in dieselfde posisie verkies word. Die persoon mag daarna wel in een van die ander posisies verkies word.”*

##### **1.1.2 Posisie van dr CW Burger en prof PJ Strauss**

Beide dr Burger en prof Strauss dien reeds elkeen twee termyn in die poste waarin hulle tans op die moderatuur dien, d.w.s. as voorsitter en ondervoorsitter onderskeidelik. Die vraag is nou is dit moontlik dat een van hulle of beide herkies kan word.

Die ATR het in sy eerste verslag aan die Algemene Sinode aangedui dat die besluit van die Algemene Sinode in 2004 beteken dat beide dr Burger en prof Strauss herkiesbaar is vir ’n volgende termyn. Die vraag of dit ’n twee jaar of ’n drie jaar termyn is sal wel by die Sinode opgeklar moet word, maar beide is herkiesbaar.

1.2.5 By navraag oor die interpretasie van die ATR van Art.40.2, het die Dagbestuur van die ATR die volgende gestel:

*“Die ATR-BD wys daarop dat dit in die bepaling van termyn nie in beginsel oor ’n tegniese jaartelling gaan nie, maar om die onderliggende beginsel van waak teen oorheersing. Verder is die huidige termyn weens praktiese oorwegings verleng, maar dit geld steeds as termyn – wat tegniese jaartelling onwenslik maak in hierdie beredenering. Nogtans het die Algemene Sinode geoordeel dat ’n maksimum van ongeveer 8 jaar nie oorskry behoort te word nie.*

*Indien in gedagte geneem word dat die volgende termyn waarskynlik vier jaar gaan wees, sou dit beteken dat die totale tydspan/periode met die drie termyn, met herkiesing in dieselfde posisie op die moderatuur, na ongeveer 8½ jaar uitgebrei word, wat nog steeds binne die breë bedoeling van die onderliggende beginsel is.*

*In die lig van die bogenoemde volstaan die ATR-DB met sy advies aan die ASM gegee in hierdie verband.”*

By die laaste vergadering van die Dagbestuur van die ATR het dr Gerber die advies van die ATR versoek oor interpretasie van KO Art 40.1 en KO Regl.15:1.4 in die lig van twee beskrywingspunte (B.6.1 en B.6.4) wat ontvang is wat versoek dat die verkiesing van die moderatuur net na die konstituering sal geskied. Die ATR beveel aan dat die beskrywingspunte ingevolge die Reglement van Orde saam met die ander beskrywingspunte hanteer word, aangesien daar geen versoek is dat dit by die konstituering van die Algemene Sinode van Junie 2007 hanteer moet word nie (sien Regl.15:7.5). Die ATR is van oordeel dat die ordelike verloop van die vergadering die beste gedien word as die beskrywingspunte behoorlik beredeneer word deur die vergadering.

#### **1.2 AANBEVELING: MODERATUURSVERKIESING**

**1.2.1 Die ATR adviseer die ASM dat al die lede van die moderatuur herkiesbaar is vir ’n volgende termyn.**

**1.2.2 Die ATR beveel aan dat by die Reglement van Orde gehou word ten opsigte van die hantering van die beskrywingspunte.**

## 2. GRONDIGE HERSIENING VAN DIE KERKORDE

(vgl Agenda Deel I bl 459)

2.1 Die ATR het die *Kerkorde* 2004 grondig hersien.

### 2.2 AANBEVELING: HERSIENING VAN DIE KERKORDE

2.2.1 Die ATR beveel aan dat persone wat wysiginge aan die Kerkorde wil bespreek, die Tydelike Regskommissie vooraf ontmoet.

2.2.2 Die ATR beveel die volgende wysigings aan die *Kerkorde* by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring:

2.1 Dat die volgende artikels van die Kerkorde wat die Algemene Sinode raak, onveranderd gelaat word: 39-45.

2.2 Dat ADGO bv ook in die verandering van hulle reglement na die opname van die jeugbediening en andere sal kyk.

2.3 Dat ADD beide die “Diens van Barmhartigheid” en “Getuienis” – komponente sal verreken.

2.4 Artikel 7 (Wysiginge in “bold”):

7.3.1 'n ~~Verteenwoordiger~~ **Lid** van die Ringskommissie, wat nie lid van die betrokke gemeente is nie, adviseer die kerkraad.

7b2.1.2 Die kerkraad kan ook geskikte name van die ringskommissie en die Algemene Kommissie vir ~~Gemeentebediening~~ **Predikantebediening** aanvra om die groslys aan te vul EN

2.5 Artikel 11 (Wysiginge in “bold”):

11.1 Predikante kan die kerkdien slegs om ernstige en gewigtige redes verlaat. Hulle hou op om predikant te wees indien hulle hulle gemeente of werkring in die kerkverband verlaat om 'n ander betrekking te aanvaar. Hulle kan egter vooraf van die ATR verlof ontvang om hulle bevoegdheid as proponent te behou.

11.2 Sodanige behoud van die bevoegdheid kan alleen verleen word indien die betrekking wat hulle aanvaar, 'n geestelike karakter dra wat regstreeks met die verkondiging van die Woord in verband staan en ten bate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk geag word.

11.3 **Indien daar ander gewigtige redes is, kan sodanige behoud van die bevoegdheid alleen verleen word indien die ATR, op grond van aanbevelings van die kerkraad en die ring, oordeel dat daar genoegsame bona fide<sup>1</sup> redes is om 'n ander betrekking<sup>2</sup> te aanvaar.**

Besluit by Artikel 11

11b1 Dit staan kerkrade vry om predikante vir 'n bepaalde termyn en vir 'n bepaalde taak te beroep in gevalle waar dit nie gaan om 'n permanente pos nie.

11b2 'n Emeritus, ouer as 65 jaar en jonger as 70 jaar, kan vir 'n bepaalde taak en termyn van hoogstens twee jaar beroep word.

11b3 Die termynbepaalde pos word geskep met approbasie/goedkeuring van die Ring/Ringskommissie wat die meriete daarvan moet oorweeg.

11b4 Aan die einde van die termyn behou so 'n persoon die bevoegdheid wat hy/sy gehad het voor hy/sy in die pos bevestig is.

2.6 Artikel 28 (Wysiginge in “bold”):

28.4 Indien die plaaslike leraar(s) nie by 'n gewone of buitengewone kerkradsvergadering teenwoordig kan wees nie, moet die konsulent of 'n ander ringsleraar deur ~~hom/haar~~ **die ring** daartoe ~~versoek~~ **goedgekeur**, die vergadering adviserend namens die ring bywoon **met verslag aan die ring**. Die ~~konsulent~~ **persoon** kan ook op versoek van die kerkraad as voorsitter optree.

2.7 Artikel 30 (Wysiginge in “bold”):

30.1 Die ring word saamgestel uit die leraar(s) en een ouderling/diaken as afgevaardigdes deur die kerkraad van elke gemeente binne die ringsgebied. **Waar die predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word.**

30.2 As 'n gemeente meer as een predikantspos het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling/diaken vir elke bykomende predikantspos af te vaardig, indien die sinode daartoe besluit. **Waar in sodanige gemeente 'n predikantspos vakant is, mag die kerkraad 'n ouderling/diaken vir die vakante pos afvaardig.**

2.8 Artikel 32 (Wysiginge in “bold”):

Die sinode word saamgestel uit afgevaardigdes van gemeentes wat geografies 'n eenheid vorm en maklik vergader. Die groepering kan deur die Algemene Sinode/~~Moderatuur~~ **Moderamen** gewysig word op versoek en met goedkeuring van die betrokke Sinode(s)/Sinodale Kommissie(s).

2.9 Artikel 33 (Wysiginge in “bold”):

33.1.1 'n Gelyke aantal leraars en ouderlinge/diakens uit elke gemeente in die sinodale gebied as afgevaardigdes van elke kerkraad. **Waar 'n predikantspos vakant is, kan 'n ouderling/diaken vir die predikantspos afgevaardig word.** Die sinode besluit op die aantal afgevaardigdes per gemeente; of

2.10 Artikel 35 (Wysiginge in “bold”):

- 35.6 die aanwysing van afgevaardigdes na die Algemene Sinode ~~uit sy lede.~~
- 2.11 Artikel 50 (Wysiging in “bold”):
- 50.4 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem.**
- 2.12 Artikel 52 (Wysiging in “bold”):
- 52.3 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband onderneem**
- 2.13 Artikel 53 (Wysiging in “bold”):
- 53.3 Sending is die roeping van elke lidmaat asook die gemeente. Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, word dit in kerkverband ~~van ring en sinode~~ onderneem.
- 2.14 Artikel 54 (Wysiging in “bold”):
- 54.2 Waar die omvang en ander omstandighede van die werk dit vereis, onderneem die gemeentes in kerkverband ~~van ring en sinode~~ barmhartighedsbediening.
- 2.15 Artikel 55 (Wysiging in “bold”):
- 55.3 Die Kerk het die onvervreembare reg om sy eie lidmate vir bepaalde werksaamhede te organiseer deur ~~kommissies van~~ die kerkraad, ring óf sinode óf te laat organiseer deur organisasies wat van die Kerk daartoe opdrag gekry het.
- 55.5 Organisasies wat in hierdie verband tot stand kom, lê hulle bepalinge aan die betrokke kerkvergadering vir goedkeuring voor. ~~Die voorlegging geskied deur die kerklike kommissie wat verantwoordelik is vir die afdeling van die Kerk se werk waarby die organisasie die nouste betrokke is.~~
- 2.16 Artikel 63 (Wysiging in “bold”):
- 63.3.1.7 Indien ’n ampsdraer voor of tydens ’n ondersoek na aanleiding van ’n tugklag of gerug teen hom/haar bedank, die bevoegde kerkvergadering voortgaan om die ondersoek te hanteer en die nodige besluit(e) te neem.**

### 3. HERSIENING VAN REGLEMENTE

(vgl Agenda Deel I bl 461 pt 6 asook Agenda Deel II bl 29)

**3.1** Die ATR het die volgende reglemente ontvang: ADGO; ADD; GDN; ADO; AKAI; ASM.

#### **REGLEMENT: ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE-ONTWIKKELING (ADGO)**

##### **1. NAAM**

Algemene Diensgroep Gemeente-Ontwikkeling (ADGO)

##### **2. SAMESTELLING**

Die diensgroep word soos volg deur die Algemene sinode saamgestel:

- 2.1 Een verteenwoordiger uit elk van die sinodes. Sinodes wys self 'n geskikte persoon met 'n sekondus aan.
- 2.2 Die voorsitters van die taakgroepe van die fokusareas. Die taakgroepe is Jonk, Erediens, Predikantbegeleiding, Evangelisasie (NEK), Lidmaatbemagtiging. In die samestelling van die taakgroepe word die volgende in berekening gebring:
- Kundigheid
  - Sinodale verteenwoordiging sover moontlik.
  - Taakspanne sal nie 'n maksimum van 15 lede oorskry nie.
- 2.3 Een verteenwoordiger uit elkeen van die steungroepe, naamlik Kerkspieël, Taakspan vir Teologiese Opleiding (AKTO), Bybel-Media, Forum for Intercultural Ministries (FIM) en twee verteenwoordigers van Vrouelidmate.

##### **3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

- 3.1 Die ADGO voer opdragte van die Algemene Sinode en ander werksaamhede uit in ooreenstemming met die roepingsverklaring van die Algemene sinode, met verslag van al sy werksaamhede aan die Algemene Sinode.
- 3.2 Die ADGO adviseer die Algemene Sinode in verband met die roeping en beleid wat gevolg moet word ten opsigte van gemeentebediening.
- 3.3 Die ADGO dra sorg vir navorsing, koördinerings, beplanning en gee voorligting en inligting ten opsigte van gemeentebediening wat die Ned Geref Kerk in staat stel om sy roepingsverklaring uit te voer op die

terreine van erediens, gemeentelike versorging en opbou, jeug, predikanteversorging, die bemagtiging van lidmate, kerklos en kerkloos lidmate, en teologiese opleiding.

3.4 Die ADGO hanteer skakeling soos nodig en kan in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes spesifieke projekte deur taakspanne loods wat ten doel het om die werksaamhede van sinodes en gemeentes te stimuleer.

3.5 Die ADGO koördineer 'n netwerk van dienste en praktiese bedieningshulp en help nuwe produkte soos nodig ontwikkel.

3.6 Die ADGO beheer en verantwoord die fondse aan die diensgroep toevertrou.

#### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

4.1 Die ADGO konstitueer tydens elke gewone vergadering van die Algemene Sinode met die lede soos aangewys deur die sinodes, taakgroepe en steungroepe. Die lede teenwoordig vorm 'n kworum.

4.2 Die konstitueringsvergadering verkies 'n dagbestuur bestaande uit 'n voorsitter, ondervoorsitter, skriba (wat verkieslik die persoon in die kantoor van die ADGO is), en een of twee addisionele lede (na gelang van behoefte)

4.3 Die dagbestuur vul sy eie vakatures aan, tot die volgende jaarvergadering.

4.4 Die diensgroep kan taakspanne na behoefte benoem.

4.5 Die ADGO vergader een keer per jaar en die dagbestuur en taakspanne na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

### **REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE DIENSGROEP DIENS EN GETUIENIS (ADD)**

#### **1. NAAM**

Die Algemene Diensgroep Diens en Getuienis van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (ADD)

#### **2. SAMESTELLING**

Die Diensgroep word soos volg deur die Algemene Sinode saamgestel:

2.1 een lid (met 'n sekundus) uit elk van die sinodes (verkieslik die voorsitter, ondervoorsitter of skriba van die betrokke sinode se ooreenstemmende kommissies) – 10 lede

2.2 tien kundiges op die terrein van Diens en Getuienis

2.3 twee vroue verteenwoordigers

2.4 die sekretaris(se) vir Diens en Getuienis (in diens van die Algemene Sinode)

#### **3. OPDRAG EN BEVOEGDHEDE**

Die Diensgroep

3.1 voer opdragte van die Algemene Sinode en ander werksaamhede uit in ooreenstemming met die roepingsverklaring van die Algemene Sinode, met verslag van al sy werksaamhede aan die Algemene Sinode.

3.2 adviseer die Algemene Sinode oor die roeping tot Diens en Getuienis

3.3 dra sorg vir navorsing, beplanning, koördinerings, gee inligting en voorligting en hanteer skakeling op die gebied van Diens en Getuienis en dit kan, in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes, projekte loods wat ten doel het om die aksies van sinodes en gemeentes te stimuleer

3.4 beheer en verantwoord die fondse aan die diensgroep toevertrou

#### **4. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

Die Diensgroep vergader hoogstens een maal per jaar

4.1 By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel, bestaande uit die voorsitter, ondervoorsitter, drie addisionele lede en die sekretaris(se).

4.2 Die Diensgroep benoem taakspanne na behoefte

4.3 Die Dagbestuur en Taakspanne vergader na behoefte en soos wat die begroting dit toelaat

4.4 Vakatures word gevul volgens die bestaande ordereelings van die Algemene Sinode (Reglement van Orde)

**REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE DIENSGROEP VIR  
ONDERSTEUNINGSDIENSTE  
(ADO)**

**1 Samestelling, konstituering en vergaderings**

- 1.1 Die Diensgroep word deur die Algemene Sinode saamgestel uit:
- 1.1.1 1 verteenwoordige van die taakgroepe vir Fondse, Regte, Argiefbewaring en Inligtingsdienste, Kerklike Media, Leer- en Aktuele Sake, Bybelvertaling, Bybelverklaring en Bybelverspreiding, Diensverhoudinge en Algemene Bedieningsfonds.
- 1.1.2 Die Algemene Sekretaris van die Algemene Sinode.
- 1.2 Die Diensgroep konstitueer opnuut tydens elke gewone vergadering van die Algemene Sinode. Die teenwoordige lede vorm 'n kworum van die konstitueringsvergadering.
- 1.3 By die konstitueringsvergadering word
- 1.3.1 'n voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris verkies. Die Algemene Sekretaris tree verkieslik as sekretaris op;
- 1.3.2 een addisionele lid verkies wat saam met die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris as dagbestuur optree.
- 1.4 Die ADO kan taakspanne aanwys wat op spesifieke terreine fokus of met spesifieke projekte die leiding neem.
- 1.5 Die ADO vergader hoogstens een maal per jaar en die dagbestuur en taakspanne na behoefte en soos die begroting dit toelaat.

**2 Funksies**

Die ADO

- 2.1 doen navorsing oor, en koördineer die aksies wat die Algemene Sinode in staat kan stel om sy roepingsverklaring uit te voer op die terreine van die taakgroepe in punt 1.1 hierbo genoem;
- 2.2 kan, in die uitvoering van sy funksie en ter ondersteuning van sinodes, projekte loods wat ten doel het om die aksies van sinodes en gemeentes te stimuleer;
- 2.3 sien toe dat aksies wat voorheen hanteer is deur spesifieke kommissies wat deur die Algemene Sinode getermineer en wie se terreine nou by die ADO ressorteer, die nodige aandag kry.

**REGLEMENT VAN DIE GEMEENTEDIENSTE NETWERK (GDN)**

**1. NAAM**

Gemeentedienste Netwerk (GDN)

**2. STATUS**

GDN is 'n selfstandige entiteit binne die struktuur van die Algemene Sinode van die NG Kerk. GDN rapporteer aan die Koördineringsliggaam van die Algemene Sinode en doen verslag deur hulle aan die Algemene Sinode van die NG Kerk.

**3. DOELSTELLINGS**

- 3.1 **Missie:** GDN fokus op die ontwikkeling van hulpmiddels vir gemeentes, wat teologies verantwoord, navorsingsgebaseerd en prakties is.
- 3.2 **Visie:** Gemeentes en gemeenteleiers in Suidelike Afrika kry hulle bedieningshulp by voorkeur deur GDN.
- 3.3 **Strategie:** Dit sal gedoen word deur: bestaande diensleweraars aan gemeentes en predikante in 'n netwerk te plaas om kundigheid en bronne te deel tot voordeel van die kerk en koninkryk.

Dit sluit in:

- *Forums* – die bemagtiging van diensleweraars aan gemeentes;
- *Navorsing* – die ontwikkeling van hulpmiddels vir gemeentes;
- *Kruisgewys* – tydskrif vir predikante en gemeenteleiers in vennootskap met Bybel-Media;
- *Webtuiste* – inligting van beskikbare hulpmiddels vir gemeentes – [www.gemeentes.co.za](http://www.gemeentes.co.za) .

**4. PERSONEELSTRUKTUUR**

4.1 Die personeel van GDN bestaan uit:

4.1.1 Afgevaardigde lede van die Voortgesette Bedienings Ontwikkelings instansies en Bybel-Media;

4.1.2 Een afgevaardigde lid van die onderskeie deelnemende sinodes se diensgroep/kommisie wat met gemeentes en predikante ontwikkeling werk;

4.1.3 Lede uit ander instansies wat hulpmiddels vir predikante en gemeentes ontwikkel;

4.2 Die dagbestuur van GDN bestaan uit:

4.2.1 'n voorsitter, skriba en 'n addisionele lid.

4.2.2 Die dagbestuur is lede van die Koördineringsliggaam van die Algemene Sinode.

## **5. BEHEERSTRUKTUUR**

### **5.1 Lynfunksie**

5.1.1 GDN rapporteer aan die Koördineringsliggaam van van die Algemene Sinode.

5.1.2 Die GDN lede funksioneer as die beheerkomitee van GDN.

### **5.2 Funksies van die Beheerkomitee en die Dagbestuur**

5.2.1 Die Beheerkomitee is verantwoordelik vir:

5.2.1.1 die bepaling van die algemene beleid van GDN;

5.2.1.2 toesig oor en besluite rakende die jaarlikse begroting van die GDN.

5.2.2 Die Dagbestuur is verantwoordelik vir:

5.2.2.1 die voorlegging van die jaarverslag oor die werksaamhede van GDN vir goedkeuring aan die Beheerkomitee en die Koördineringsliggaam van die Algemene Sinode;

5.2.2.2 die oorweging van reglementswysigings vir goedkeuring deur die Beheerkomitee van GDN en die Koördineringsliggaam van die Algemene Sinode;

5.2.2.3 aanpassings van die begroting deur die loop van die boekjaar met verslag aan die Beheerkomitee.

## **6. FINANSIES**

6.1 GDN se skriba behartig die administrasie van GDN se fondse in oorleg met die dagbestuur van GDN.

6.2 GDN genereer inkomste deur navorsingsdienste, forumdienste, inligtingsdienste, en die lewering van ander netwerkdienste teen vergoeding, deur skenkings, borgskappe, publikasies, Internetdienste, DVD en CD verkope, boekverkope en alle wettige fondsinsamelingsmetodes.

6.3 Die Algemene Sinode van die NGK en Bybel-media mag GDN finansieel ondersteun ten einde te verseker dat die primêre navorsing van GDN en diens aan mindergegoede instansies deurlopend voortgesit kan word.

6.4 GDN se finansiële jaar stem ooreen met dié van gemeente/instansie in wie se diens die skriba is.

## **7. NAVORSING EN PUBLIKASIES**

7.1 GDN behou die reg op mede-outeurskap van enige publikasie waarvan die navorsing met die steun van GDN onderneem is.

7.2 GDN behou die reg op outeurskap van enige publikasie wat self geïnisieer is.

## **8. REGSBEVOEGDHEID**

8.1 Die gemeente/instansie in wie se diens die skriba is, tree as regs persoon namens GDN op.

8.2 Aanspreeklikheidseise word hanteer in terme van die toepaslike aanspreeklikheidspolis van die gemeente/instansie in wie se diens die skriba is.

## **REGLEMENTE VIR ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE VAN DIE NG KERK**

### **1 REGLEMENT VIR DIE ALGEMENE SINODALE TAAKSPAN VIR ARGIEF EN BESTUURSINLIGTINGSDIENSTE (ATABID)**

#### **1. NAAM**

1.1 Algemene Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die Algemene Sinode (ATABID).

#### **2. SAMESTELLING**

2.1 **Die Taakspan word soos volg saamgestel (13 lede):**

2.1.1 Sinodale Kommissie vir die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika (SKA): 4 verteenwoordigers met sekundi [1 per deelnemende sinode] – begroot deur Algemene Sinode.

2.1.2 Gesamentlike Kommissie vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk van Transvaal

(GKABID): 4 verteenwoordigers met sekundi [1 per deelnemende sinode] – begroot deur Algemene Sinode.

2.1.3 OVS, Natal en Namibië: een verteenwoordiger elk met sekundi – begroot deur Algemene Sinode.

2.1.4 Direkteur-Argivaris van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk – begroot deur die Algemene Sinode.

2.1.5 Een Kerkgeskiedenisdosent – begroot deur die Algemene Sinode.

2.1.6 Die Taakspan het die reg tot koöptering van 'n addisionele lid indien nodig – begroot deur Algemene Sinode

## **2.2 Die Dagbestuur van die Taakspan word soos volg saamgestel (3 lede) – begroot deur die Algemene Sinode:**

2.2.1 Voorsitter van Taakspan-ABID;

2.2.2 Ondervoorsitter van Taakspan-ABID; en

2.2.3 die Direkteur-Argivaris as skriba.

## **2.3 Vergaderings:**

2.3.1 Een gesamentlike Taakspan-vergadering word jaarliks so ver moontlik in Maart van elke jaar gehou.

2.3.2 Die jaarlikse SKA- en GKABID-vergaderings vind nie meer afsonderlik plaas nie, maar val saam met die Taakspan se vergadering, met eie byeenkomste soos self gereël wanneer nodig.

2.3.3 Een Dagbestuursvergadering word jaarliks so ver moontlik in November gehou met die oog op die jaarlikse begroting. Indien noodsaaklik word 'n tweede Dagbestuursvergadering en/of telefoonvergaderings gehou.

## **3. KONSTITUERING**

3.1 Die Taakspan konstitueer ná 'n gewone vergadering van die Algemene Sinode en kies 'n voorsitter en ondervoorsitter uit die lede. Die Direkteur-Argivaris van die Argief en Bestuursinligtingsdienste is ampshalwe skriba van die Taakspan.

3.2 By die konstituering word 'n dagbestuur saamgestel (Sien 2.2 hierbo).

3.3 Die Taakspan betrek kundiges op 'n ad hoc- of permanente basis in sy werksaamhede en benoem subkommissies volgens behoefte.

## **4. VERGADERINGS**

### **4.1 Taakspan**

4.1.1 Een vergadering word jaarliks gehou (verkieklik in Maart). Bykomende vergaderings kan elektronies of telefonies gehou word.

### **4.2 Dagbestuur**

4.2.1 Een vergadering word jaarliks (verkieklik in November) gehou met die oog op die jaarlikse begroting. Indien noodsaaklik, word 'n tweede dagbestuursvergadering gehou. Bykomende vergaderings kan elektronies of telefonies gehou word.

## **5. OPDRAG**

5.1 Die Taakspan adviseer die Algemene Sinode

5.1.1 in verband met die bestuur van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch;

5.1.2 in verband met die argiefreglemente en handleidings – ook vir gebruik deur sinodes;

5.1.3 in verband met relevante wetgewing van toepassing op die bewaring van en toegang tot argief- en museummateriaal;

5.1.4 in verband met rekordbeheer en

5.1.5 met betrekking tot die publisering van belangrike historiese bronne en ander kerkhistoriese publikasies.

5.2 Die Taakspan adviseer die sinodes oor die voorsiening van doelmatige fasiliteite vir 'n argiefbewaarplek en verwante dienste; asook oor die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal.



- 5.3 Die Taakspan bestuur die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch en tref die nodige reëlings
- 5.3.1 om argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en inrigtings vir bewaring in die argiefbewaarplek te versamel, te bewaar, te ontsluit en
- 5.3.2 om belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskifte/publikasies vir die argiefbewaarplek te verkry, indien nodig by wyse van afskrifte/afdrukke/kopieë daarvan.
- 5.4 Die Taakspan beslis finaal oor die moontlike vernietiging van wegdoenbare stukke.
- 5.5 Die Taakspan oorweeg en publiseer belangrike kerkhistoriese en ander materiaal.
- 5.6 Die Taakspan sien toe dat inligting vir in memoriam verslae volgens die prosedure in die Argief- en Museumbeleid tussen sinodes uitgeruil word.
- 5.7 Die Taakspan bestuur die personeel van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk:
- 5.7.1 bepaal behoeftes ten opsigte van personeel met posbeskrywings en –evaluering, personeelregulasies, verlofreëlings, salarisskale, aanpassings en keuring;
- 5.7.2 stel personeel aan in bestaande poste en sien toe dat die nodige dienskontrakte op datum is en
- 5.7.3 bepaal die werksaamhede van die Direkteur van Argief en Bestuursinligtingsdienste [sien Reglement XX] en ander personeel en hou toesig oor hulle funksionering.
- 5.8 Die Taakspan lê jaarliks 'n begroting vir sy werksaamhede voor aan
- 5.8.1 die Sinodale Kommissie vir Fondse van die NG Kerk in Suid-Afrika (SKA);
- 5.8.2 die Gesamentlike Kommissie vir Fondse van die NG Kerk van Transvaal (GKABID) en
- 5.8.3 die Taakspan Fondse van die Algemene Sinode van die NG Kerk (ATF).
- 5.9 Die Taakspan lê minstens een keer in twee jaar 'n verslag aangaande sy werksaamhede aan die sinodes voor.

## **2 REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN ARGIEF- EN MUSEUMMATERIAAL**

### **1. BEGINSELS**

- 1.1 In ooreenstemming met die karakter van die kerk, het sy argief- en museumarbeid primêr 'n Skriftuurlik-teologiese grondslag. Eerstens is dit dus op teologies-wetenskaplike en daarna op sekulêr-wetenskaplike diens ingestel.
- 1.2 Hierdie arbeid bou die geheue van die kerk uit en stel die kerk in staat om sy funksies op 'n logiese, verantwoordelike en konsekwente wyse voort te sit. Die kerk se argief huisves gevolglik ook die skriftelike en ander getuienisse wat die kerk teen ongeregverdigde aansprake en duur eise beskerm.
- 1.3 Die versameling, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal beteken die hantering van getuienisse oor die handeling van God Drie-enig in en deur Sy kerk in 'n bepaalde gebied.
- 1.4 As dienaar van die kerk, het die argief die taak om hierdie getuienisse deur die dienste van versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie te verwerk.
- 1.5 Die argiefbewaarplek en museum is 'n gesistematiseerde inligtingsbron in diens van die kerk en sy verskillende kennisvelde, met besondere klem op die teologie en meer bepaald die ekklesiologie.
- 1.6 Dit dien vanweë sy ryke inligting, ook ander wetenskappe, beantwoord as akademiese instansie akademiese navrae en gee aan navorsers voorligting in die metodiek van navorsing en geskiedskrywing.

### **2. TERMINOLOGIE EN VERANTWOORDELIKHEDE**

- 2.1 Argief- en museummateriaal beteken die dokumente of alle ander materiaal wat inligting oor gemeentes, ringe, sinodes en hulle kommissies, sowel as moontlike kerklike inrigtings binne hulle grense, bevat. Dit behels alle inligting deur alle middele oor die kerklike lewe in sy nouste en breedste verband binne 'n bepaalde gebied.
- 2.2 Vir doelmatige argief- en museumdienste het kerkrade, ringe, sinodes en ander argief- en museumlewerende instansies die volgende verantwoordelikhede ten opsigte van kopieë vir bewaring:
- 2.2.1 die voorsiening van verstaanbare, noukeurige en taalkundig goed versorgde en gedokumenteerde inligting, sowel as die gevraagde museummateriaal;
- 2.2.2 duidelike rekenaardrukke met hoë letterkwaliteit (verkieslik laserdrukwerk) of goeie tikwerk met 'n

helder swart tiklint waar tikmasjiene nog gebruik word;

2.2.3 netjiese en leesbare skrif in 'n ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie;

2.2.4 korrigeerlak (Tipp-Ex) mag onder geen omstandighede gebruik word nie;

2.2.5 die gebruik van duursame argiefpapier van A4-formaat van 100 gram per vierkante meter (dun en/of aaneenlopende rekenaarpapier mag onder geen omstandighede gebruik word nie);

2.2.6 tik- of skryfwerk of druk- of kopieerwerk verkieslik op albei kante van die papier met 'n oop ruimte van minstens 2,5 cm aan die binnekant van die teks met die oog op inbinding en 1,5 cm aan die oop kant;

2.2.7 die volledige datering, ondertekening en/of parafering en stempel van alle dokumente soos wanneer en waar wetenskaplike en gemeenregtelike argiefbeginsels dit vereis;

2.2.8 die inagneming van die noodsaaklikheid van ruimtebesparing in die argief deur die stelselmatige vernietiging van wegdoenbare materiaal soos deur die Algemene Sinode in sy beleid vir rekordbeheer beskryf en

2.2.9 die inlewering van argief- en museummateriaal by die betrokke sinodale bewaarplek onder die dekking van 'n behoorlike inventaris.

### **3. DIE KERKRAAD**

3.1 Elke kerkraad benoem 'n argiefkommissie waarvan die saakgelastigde of administratiewe beampte lid is.

3.2 Hierdie kommissie sien toe dat:

3.2.1 die gemeente oor 'n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik, waarby ingesluit is 'n doeltreffende lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in 'n brandbestande kluis of -vertrek;

3.2.2 die kerkraad aan al die kerklike, juridiese, argivaliese en museumkundige vereistes vir die betrokke materiaal en dienste voldoen:

3.2.2.1 deur 'n inventaris wat voldoen aan die vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting [Wet 2 van 2000] op te stel en jaarliks by te hou vir deursending aan die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch;

3.2.2.2 deur te voldoen aan die vereistes gestel in die Nasionale Erfeniswet [Wet 25 van 1999 en aangevul in Goewermentskennisgewing Nr 1313 van 25.10.2002]

3.2.2.2.1 wat alle strukture – of gedeelte daarvan – wat ouer is as 60 jaar, beheer en

3.2.2.2.2 wat bepaal dat geen “erfenis objek” [boeke, manuskripte, dokumente, argivalia, kaarte, afdrukke, foto's, films, klankmateriaal en enige materiaal wat uniek is en wat die mondelinge geskiedenis van Suid-Afrika aanvul] sonder toestemming of 'n permit vervreem, vernietig, beskadig, bekrap, verander, gerestoureer of herstel mag word nie;

3.2.2.3 deur in samewerking met die Direkteur-Argivaris aan die kerkraad leiding te gee met betrekking tot die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief, die vernietiging van wegdoenbare stukke, die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer soos van tyd tot tyd aangepas en by die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk in Stellenbosch beskikbaar is;

3.2.3 die getekende en gearafeerde handeling van die kerkraad, sy kommissies, diensaksies en ander gemeentelike vergaderings in 'n behoorlike, goed versorgde en argivalies aanvaarbare notuleboek of notulelêer aangeteken en die betrokke bylaes daarby gevoeg word;

3.2.4 lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op datum gehou en versorg word;

3.2.5 regstellings, wysigings of versuimde inskrywings in die registers korrek aangebring word nadat die aansoeke, met die nodige bewysstukke, deur die kerkraad en die argivaris goedgekeur is;

3.2.6 alle ander belangrike argivalia soos konsistorieboeke, afkondigingboeke, duplikate van uitgaande briewe en die oorspronklike inkomende briewe, behoorlik versorg word;

3.2.7 gemeentelike verslae volgens die kerklike bepalinge opgestel en op die bestemde tyd aan die ring besorg word.

3.2.8 jaarliks sorgvuldig gekontroleerde, gekorrigeerde, gearafeerde en ondertekende afskrifte van die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate op voorgeskrewe wyse aangebring en na die sinodale argiefbewaarplek gestuur word;

- 3.2.9 alle stukke wat deur die sinodale argiefbewaarplek vir verbetering/aanvulling/vervanging na gemeentes terugverwys is, binne vier weke na die vergadering in die verlangde toestand aan die sinodale argiefbewaarplek besorg word;
- 3.2.10 alle argief- en museummateriaal waartoe ooreengekom is, vir veilige bewaring, versorging en oordeelkundige gebruik deur navorsers aan die sinodale argiefbewaarplek toevertrou word volgens besluit van die sinode;
- 3.2.11 skriftelike en mondelinge oorkondes wat 'n bydrae kan lewer tot die getuienis van die handeling van God in Sy kerk, bewaar en aan die sinodale argiefbewaarplek besorg word;
- 3.2.12 museummateriaal versamel en versorg word en
- 3.2.13 die nodige besonderhede oor die gemeente jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.

#### **4. DIE RING**

- 4.1 Die ring benoem 'n argiefkommissie.
- 4.1.1 Die argiefkommissie sien toe dat die ring oor 'n doeltreffende en wetenskaplike argiefstelsel beskik waarby ingesluit is afskrifte van die ring se behoorlik ondertekende notules, stukke in verband met die ring se administrasiefonds, ringskommissienotules en 'n doelmatige lêersisteem, asook die nodige geriewe daarvoor in 'n brandbestande kluis of –vertrek.
- 4.1.2 Die argiefkommissie sien toe dat die ring aan al die kerklike, juridiese en argivaliese vereistes vir dokumentêre materiaal en dienste voldoen (sien 3.2 hierbo).
- 4.1.3 Die argiefkommissie sien toe dat die ringskriba behoorlik ingelig is oor sy/haar verpligtinge soos beliggaam in die Argief- en Museumreglement, naamlik:
- 4.1.3.1 Agenda
- 4.1.3.1.1 alle verslae word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring, gemeente, kommissie, diensaksie en dergelike meer en datum van vergadering en/of verslag;
- 4.1.3.1.2 oorspronklike verslae word behoorlik onderteken en in volgorde gebind;
- 4.1.3.1.3 volledige verduidelikings word verstrekk waar verslae en ander dokumente nie volledig onderteken kon word nie;
- 4.1.3.1.4 alle oorspronklike verslae en bylaes by die ringskriba ingelewer, word vir bewaring na die argiefbewaarplek gestuur;
- 4.1.3.2 Ringsnotules
- 4.1.3.2.1 word korrek en deurlopend genumereer;
- 4.1.3.2.2 elke bladsy van notules word geparafeer, die laaste bladsy behoorlik onderteken deur die voorsitter en skriba en in volgorde gebind;
- 4.1.3.2.3 alle notules word voorsien van duidelike en volledige opskrifte met vermelding van die naam van die betrokke sinodale gebied, ring en datum van vergadering.
- 4.1.4 Die argiefkommissie sien toe dat die ring die volgende argief- en museummateriaal van die gasheergemeente by ringsittings nagaan:
- 4.1.4.1 notules (kerkraad, kerkraadkommissies en gemeentelike aksies);
- 4.1.4.2 verslae van kerkraadskommissies;
- 4.1.4.3 dooplidmate- en lidmateregisters;
- 4.1.4.4 attestate en lidmaatbewyse;
- 4.1.4.5 teenblaaië of rekenaarskrywings van attestate/lidmaatbewyse en doopseels uitgereik;
- 4.1.4.6 doopaansoekvorms;
- 4.1.4.7 huweliksregisters;
- 4.1.4.8 konsistorieboeke en kerkraadsregisters;
- 4.1.4.9 aankondigingsboeke of -blaaië;
- 4.1.4.10 personeellêers: dienskontrakte en verlofregisters;

- 4.1.4.11 korrespondensie, liassering en liasseerstelsel;
- 4.1.4.12 foto's, foto-albums en plakboeke;
- 4.1.4.13 museumuitstallings.
- 4.1.5 Die argiefkommissie sien toe dat die ring argivalia by die argiefbewaarplek inlewer.
- 4.1.5.1 Inlewer van ringstukke: die volgorde van die inventaris word gebruik.
- 4.1.5.2 Binne twee maande na elke ringsitting word die oorspronklike handeling van die vergadering, asook alle bylaes en alle verslae en gemeentelike stukke wat voor die ring gedien het, onder dekking van die voorgeskrewe inventarisvorm aan die betrokke sinodale argiefbewaarplek gestuur.
- 4.1.5.3 Die notule en korrespondensie van alle ringskommissies, wat nie meer vir onmiddellike naslaan benodig word nie, moet aan die sinodale argiefbewaarplek gestuur word.
- 4.1.5.4 Alle argiefmateriaal, insluitend korrespondensie, moet van tyd tot tyd aan die sinodale argiefbewaarplek gestuur word.
- 4.1.5.5 Alle stukke wat vir verbetering/aanvulling/vervanging terugverwys is, moet so gou moontlik na ontvangs en noukeurige kontrole deur die ringskommissie, aan die betrokke argiefbewaarplek gestuur word.
- 4.1.6 Die argiefkommissie verleen hulp aan gemeentes. In samewerking met die Direkteur-Argivaris word kerkrade begelei met die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van die gemeente-argief; die vernietiging van wegdoenbare stukke; die inlewering van gemeentelike argivalia by die sinodale argiefbewaarplek; en alle ander verpligtinge ten einde te voldoen aan die vereistes gestel in die Kerk se beleid ten opsigte van rekordbeheer (Sien 6.2.7 hier onder).
- 4.1.7 Die argiefkommissie sien toe dat die nodige besonderhede oor die ring jaarliks aan die Sinodale Kerkkantoor deurgegee word vir versending aan die hoofredakteur van die Jaarboek van die Ned Geref Kerke.
- 4.1.8 Die argiefkommissie sien toe dat 'n besluiteregister tydens die ringsvergadering opgestel word en dat 'n indeks van ringsbesluite, waar moontlik, bygehou word.

## **5. DIE SINODE**

- 5.1 Die Algemene Sinode benoem 'n Algemene Taakspan vir Argief en Bestuursinligtingsdienste (ATABID) in ooreenstemming met die Reglement vir die Algemene Sinodale Taakspan vir Argief- en Bestuursinligtingsdienste (Reglement X.1: 2.1) om die NG Kerk in ooreenstemming met die Reglement vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk tot diens te wees.
- 5.2 Elke sinode wys sy eie kommissie/taakspan vir die argief aan om, in ooreenstemming met die Reglement vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk,
  - 5.2.1 die nodige advies aan die sinode vir die voorsiening van 'n doelmatige sinodale argief en moontlike museumdiens en toereikende personeel te gee;
  - 5.2.2 die nodige leiding aan die sinode in sake die versameling, versorging, bewaring en gebruik van argief- en museummateriaal en implementering en benutting van die rekenaar in die verband, te gee;
  - 5.2.3 reëlins te tref vir die versameling van argief- en museummateriaal van kerkrade, ringe, sinodes, kerklike kommissies en -inrigtings met die oog op die bewaring daarvan in die sinodale argief;
  - 5.2.4 belangrike teologiese (veral kerkhistoriese) geskryfte of publikasies vir die sinodale argief, ook by wyse van afskrifte, afdrukke of kopieë daarvan, te verkry;
  - 5.2.5 toesig te hou oor die werk van die argivaris (as uitvoerende beampte) en die argiefpersoneel;
  - 5.2.6 'n verslag oor die werk in die sinodale argief, saam met 'n begroting van inkomstes en uitgawes, aan elke vergadering van die sinode op te stel;
  - 5.2.7 finaal te beslis oor die moontlike vernietiging van efemere stukke;
  - 5.2.8 belangrike kerkhistoriese en ander materiaal te oorweeg en te publiseer en
  - 5.2.9 'n in memoriam-verslag op te stel indien die sinode dit verlang.

## **6. INLEWERING VAN ARGIVALE BRONNE**

### **6.1 Moderature, sinodale kommissies, ringskommissies, kerkrade en ander kerklike instansies**

- 6.1.1 Moderatuurslede, skribas van alle sinodale kommissies, sinodale amptenare wat verantwoordelikheid

beklee by diensaksies, verenigings, inrigtings, institute, byeenkomste, maatskappye, trusts, pensioenfondse, skemas, kerkkantore, rade, ensovoorts – en alle ander kerklike ampsdraers – moet van tyd tot tyd ingevolge beskikkingsmagtigings, en met eerbiediging van alle argiefvereistes soos in hierdie reglement gestel, alle argivalia en gevraagde museummateriaal by die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk te Stellenbosch [of die betrokke sinodale kerkargief] inlewer of daarmee handel soos skriftelik met die Direkteur-Argivaris ooreengekom. Dit behels behoorlik ondertekende, geparafeerde, gedateerde en genumereerde agendas, notules en bylaes, stelselmatig en argivalies korrek geliasseerde korrespondensie, aktes, registers, finansiële stukke, alle stukke wat betrekking het op die interne funksionering en kronologie van werksaamhede, statistiek en gegewens, manuskripte, aantekeninge, ensovoorts.

6.1.2 Die skriba van 'n sinode en die aktuaris het die verantwoordelikheid om so gou moontlik na elke sinodale vergadering die gepubliseerde (of gefotokopieerde) agenda, notule en kerkorde aan die betrokke sinodale kerkargiefbewaarplek binne die NG Kerkverband vir bewaring en navorsing te besorg. Waar sinodale kerkargiefbewaarplekke ontbrekende stukke aanvra, moet die skriba/aktuaris in die aanvraag voorsien.

## 6.2 **Rekordbeheer**

6.2.1 Gemeentes beskik oor hulle eie argivalia en lewer dit by die betrokke argief in vir bewaring, volgens die riglyne in die Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142vv.

6.2.2 Kommissies van die kerk in breër verband lewer gereeld hulle argivalia (alle stukke ouer as tien jaar) by die betrokke argief in vir bewaring.

6.2.3 Waar 'n gemeente met 'n ander gemeente verenig, word alle gemeentestukke van die gemeente wat sluit, behalwe dokumente van die laaste 5 jaar en die gemeenteregisters, by die argief ingehandig vir bewaring voor datum van eenwording.

6.2.4 Gemeentes wat ophou bestaan, lewer voor datum van ontbinding alle argivalia by die betrokke argief in.

6.2.5 Argiefskeppende instansies en amptenare moet by die inlewering van argivalia, die argief adviseer met betrekking tot stukke wat gesluit behoort te word. Sulke stukke is vir navorsers gesluit en word alleen beskikbaar gestel met goedkeuring van die argiefskeppende instansie of indien die argief deur 'n hof daartoe gelas word.

6.2.6 Argiefskeppende instansies moet behulpsaam wees met die versameling en bewaring van ongepubliseerde verhandelinge (teologiese/historiese navorsing), gemeenteblaaie, fotomateriaal en akoestiese materiaal.

6.2.7 Vir doeltreffende rekordbeheer word die Riglyne vir die Bewaring van Kerklike Dokumente (Agenda van die Algemene Sinode 1998, p 142vv) aanvaar as beleid wat van tyd tot tyd aangepas word in ooreenstemming met wetgewing. Inligting hieroor is by die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk te Stellenbosch beskikbaar.

## 3 **REGLEMENT VIR DIE DIREKTEUR-ARGIVARIS VAN DIE NG KERK**

1. Die Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste benoem 'n direkteur-argivaris (verkieklik 'n persoon wat onderleg is in die ekklesiologie en rekenaargeletterd is) wat as predikant in die Algemene Sinode se diens die koördinerende en uitvoerende amptenaar in die NG Kerk se Argief en Bestuursinligtingsdiens moet wees.

1.1 Die Direkteur-Argivaris bestuur die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk aan die hand van die bestaande en goedgekeurde reglemente met verslag aan die Taakspan (ATABID).

1.2 Die Direkteur-Argivaris bou alle dienste op sy terrein op 'n deeglike en wetenskaplike wyse uit.

1.3 Die Direkteur-Argivaris vervul alle take in verband met versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasies, met die verantwoordelikheid of reg om:

1.3.1 kerkrade, ringe, sinodes en kerklike kommissies argief- en museumbewus te maak en op die inlewering van die betrokke materiaal by die betrokke sinodale argiefbewaarplek aan te dring en

1.3.2 aan te dring op die vervanging en/of verbetering van argiefmateriaal wat nie aan die voorskrifte van die Argief- en Museumreglement en/of aan die algemeen aanvaarde argiefvereistes voldoen nie.

1.4 Die Direkteur-Argivaris bestuur die versamelings van argivalia deur onder andere

1.4.1 wetgewing wat bewaring van argivalia bepaal te bestudeer en toe te pas;

1.4.2 alle aanwinste sover moontlik skriftelik te erken;

- 1.4.3 sover moontlik alle beskadigde stukke vakkundig te laat herstel;
  - 1.4.4 mettertyd alle stukke volgens 'n aanvaarbare beginsel in te bind of te verpak;
  - 1.4.5 toe te sien dat alle bande, bundels, lêers, ander argiefstukke en museummateriaal stelselmatig genumereer, gerekenariseer en in die databasis opgeneem word en
  - 1.4.6 toe te sien dat die nodige vindmiddels vir alle argiefstukke en museummateriaal opgestel word.
  - 1.5 Die Direkteur-Argivaris bestuur toegang tot inligting uit die versamelings
    - 1.5.1 met erkenning aan bestaande wetgewing wat toegang tot argivalia/inligting bepaal;
    - 1.5.2 met erkenning van bestaande ooreenkomste met ander instansies en
    - 1.5.3 met die toepassing van goedgekeurde navorsingsgelde/tariewe.
  - 1.6 Die Direkteur-Argivaris stel volgens die beleid van die Algemene Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste die argiefstukke vir navorsing en/of kopiëring beskikbaar en oefen doeltreffende kontrole uit deur onder andere
    - 1.6.1 waar moontlik, kopieë (elektronies en andersins) uit argiefstukke teen goedgekeurde tariewe te voorsien;
    - 1.6.2 leiding te gee met betrekking tot die metodiek van navorsing en kerkgeskiedskrywing;
    - 1.6.3 die noodsaaklikheid van die versigtige hantering van argiefstukke by navorsers tuis te bring;
    - 1.6.4 met diskresie toe te sien dat argief- en museummateriaal nie uit die argiefbewaarplek gaan nie en
    - 1.6.5 binne redelike tyd gevolg te gee aan versoeke in verband met kerkhistoriese publikasies as diens aan die teologiese wetenskap en middel tot getuienis oor God se daede.
  - 2. Die Direkteur-Argivaris word as predikant by die Algemene Sinode se pensioen- en mediese fonds ingeskakel.
  - 3. Die Direkteur-Argivaris doen verslag oor die werksaamhede van die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk aan:
    - 3.1 elke gewone vergadering van die Taakspan (ATABID);
    - 3.2 elke gewone vergadering van die Sinodale Kommissie vir die Argief van die NG Kerk in Suid-Afrika (SKA) en
    - 3.3 elke gewone vergadering van die Gesamentlike Kommissie vir Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk van Transvaal (GKABID).
  - 4. Die Direkteur-Argivaris woon met adviserende stem die vergaderings by van die Algemene Sinode en die sinodes wie se argivalia deur die Argief en Bestuursinligtingsdienste van die NG Kerk (ABID) bestuur word.
  - 5. Die Direkteur-Argivaris bly student op sy/haar arbeidsterrein en behartig of reël en beheer die nodige indiensopleiding van die personeel van die Argief en Bestuursinligtingsdienste.
  - 6. Die Direkteur-Argivaris pas rekordbeheer (ingeslote beskikkingsmagtigings) oor alle argivalia binne sy/haar bedieningsgebied toe. Die Taakspan Argief en Bestuursinligtingsdienste bepaal die algemene beleid ten opsigte van beskikkingsmagtigings.
  - 7. Die Direkteur-Argivaris verleen volgens die bestaande beleid hulp aan predikante, gemeentelike amptenare en kommissies – buite of binne ringsverband – met betrekking tot die kerklike argief- en museumwetenskap, kerklike administrasie en dokumentbestuur
    - 7.1 deur sporadiese besoeke aan gemeentes en ringe;
    - 7.2 deur kursusse vir gemeentelike amptenare aan die hand van die goedgekeurde Handleiding vir Saakgelastigdes en
    - 7.3 deur besoeke van werkgroepe aan die Argief te Stellenbosch.
- 4 REGLEMENT VIR DIE HANTERING VAN REGISTERS**
- 1. ALGEMEEN**

## **1.1 Noodsaak van 'n lidmateregister**

1.1.1 Elke gemeente moet 'n lidmateregister vir Doop- en Belydende lidmate hê – óf 'n handgeskrewe (of getikte) register óf 'n gerekenariseerde register óf albei.

## **1.2 Kontrolering**

1.2.1 Kontroleer gegewens deeglik voor elke inskrywing in 'n register om te verseker dat name, vanne, gemeentename en datums korrek is. Die voorletters en vanne van leraars; die name en vanne van alle ander persone; die name van gemeentes; en alle datums moet volledig en korrek verstrekk word.

1.2.2 Ten einde die juiste geboortedatum en die spelling van name vir inskrywing in die register te verseker, moet die ouer(s) by die aanmelding vir die doop die dokument toon wat by die registrasie van die kind se geboorte uitgereik is. Ongeregistreerde dooplidmate moet vóór belydenisaflegging 'n doopseel inlewer.

## **1.3 Afkortings**

1.3.1 Die name en vanne van persone en die name van gemeentes moet volledig en korrek verstrekk word. Afkortings soos BFN vir Bloemfontein en PE vir Port Elizabeth, en populêr-gebruikte maar nie-amptelike name soos "Groote Kerk" vir Kaapstad en "Bosmanstraat-kerk" vir Pretoria is ontoelaatbaar. Die korrekte name verskyn in die Jaarboek van die NG Kerke. (Vergelyk Standaard Afkortings. Sien Handeling van die Algemene Sinode 1998, p 443.)

## **1.4 Skryfwyse van datums**

1.4.1 Datums word volgens die agtstelsel, in die orde van dag, maand, jaar geskryf en met punte verdeel. [Voorbeeld: 3 April 1992 word as 03.04.1992 geskryf]

## **1.5 Geen herhalingstekens**

1.5.1 Geen herhalingstekens of woorde soos "do" of "ditto" is toelaatbaar nie.

## **1.6 Alfabetiese inskrywings**

1.6.1 Inskrywings geskied in alfabetiese orde. Vanne soos Van der Merwe en Van Rensburg kom onder die letter V. 'n Van soos Janse(n) van Rensburg, waar die Janse(n) 'n deel van die van uitmaak en die betrokke persoon dit self so gebruik, kom onder J.

## **1.7 Ooplaat van reëls**

1.7.1 Ter wille van ruimtebesparing word daar normaalweg geen reël tussen twee inskrywings in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate oopgelaat nie. Om dieselfde rede begin die inskrywings van elke volgende nuwe jaar of termyn nie telkens op 'n nuwe bladsy nie. Waar dit nodig geag word om 'n nuwe jaar of termyn aan te dui, kan 'n reël oopgelaat word, met toevoeging van die jaartal.

## **1.8 Opmerkingskolom**

1.8.1 As algemene reël geld dat niks vermeld mag word wat lasterlik is of 'n stigma dra nie. Opmerkings soos "buite-egtelik", "vader onbekend" of "enkelouer" is heeltemal ontoelaatbaar.

1.8.2 Inligting wat in die opmerkingskolom van die dooplidmateregister verstrekk word, moet verklarend wees ten opsigte van buitengewone omstandighede wat die kerkregtelike posisie van die doopouers, dopeling of bedienaar van die doop raak, of wat op die wese en implikasie van die sakrament betrekking het.

1.8.2.1 Waar die vader of moeder byvoorbeeld nie 'n belydende lidmaat van 'n gemeente is nie, of om 'n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die dooplidmateregister aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie. In so 'n geval word met die opmerking "Vader/Moeder lê belofte alleen af" volstaan. Waar by 'n registerinskrywing addisionele inligting van nut kan wees, mag dit – met eerbiediging van die gestelde riglyn – in die opmerkingskolom aangeteken word, selfs al maak die Reglement nie spesifiek daarvoor voorsiening nie.

1.8.2.2 In die geval waar iemand na belydenis gedoop, deur doopouers aangeneem, óf na ouderdom van 7 jaar gedoop word, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeelde: "Na oud 7 gedoop. KR 10.02.2006" of "Gedoop na belydenis. KR 10.02.2006"]

1.8.2.3 Waar die kerkraad tevrede is dat 'n lidmaatbewys onopspoorbaar is en die lidmaat 'n verklaring ingedien het, word dit in die opmerkingskolom aangeteken met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingl. KR 10.02.2006]

## **2. WYSIGINGS EN/OF AANVULLINGS**

### **2.1 Begripsomskrywing**

- 2.1.1 **Rektifikasie** [regstelling] beteken om 'n fout in die register, byvoorbeeld "Johannis" tot "Johannes" of 20.04.1967 tot 21.04.1967, reg te stel.
- 2.1.2 **Naamsverandering** beteken om 'n bepaalde voornaam of van, byvoorbeeld "Petrus" deur "Hermanus" of "Conradie" deur "Nienaber", soos dikwels by aanneming gebeur, te vervang.
- 2.1.3 **Versuimde registrasie** is die aanvulling van inligting in die register vir doop- of belydende lidmate wat deur versuim direk na die gebeurtenis agterweë gebly het.

### **2.2 Vorms en adres**

- 2.2.1 Aansoeke vir wysiging/aanvulling word in tweevoud op die voorgeskrewe vorm of in die voorgeskrewe formaat en met die nodige bewysstukke/stawende dokumente ingedien
- 2.2.1.1 by die kerkraad van die gemeente waar die doop plaasgevind het,
- 2.2.1.2 of in die geval van 'n belydende lidmaat, by die kerkraad van die gemeente waar die inskrywing versuim of foutief is
- 2.2.1.3 of, wanneer die oorspronklike inskrywing nie opgespoor kan word nie, waar die belydende lidmaat tans aangeteken is.

### **2.3 Bewysstukke**

- 2.3.1 Ten opsigte van 'n rektifikasie en naamsverandering is die vereiste bewysstukke/stawende dokumente as volg:
- 2.3.1.1 In die lidmateregister: 'n identiteitsdokument of 'n geboortesertifikaat.
- 2.3.1.2 In die dooplidmateregister: 'n identiteitsdokument of 'n geboortesertifikaat.
- 2.3.1.3 In die dooplidmateregister vir 'n wettige aanneming: die aannemingsorder en 'n identiteitsdokument of 'n geboortesertifikaat. Die nommer en datum van die aannemingsorder moet agter die name van die aanneemouers geskryf word. Aangesien die moeder se nooiensvan nie op dié order verskyn nie, moet dit verkry en duidelik op die aansoekvorm ingevul word.
- 2.3.2 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir 'n versuimde inskrywing van 'n doop:
- 2.3.2.1 Skriftelike verklarings van twee betroubare en ongesensureerde lidmate, doopouers uitgesluit, dat die betrokke persoon wel gedoop is
- 2.3.2.2 of 'n skriftelike verklaring deur die leraar wat die doop waargeneem het, vergesel van 'n afdruk van die betrokke bladsy in die doopkladboek en, indien beskikbaar, 'n doop- of lidmaatskapkaart/-boekie of 'n foto van die gebeurtenis.
- 2.3.3 Vereiste bewysstukke/stawende dokumente vir 'n versuimde inskrywing van 'n belydenisaflegging:
- 2.3.3.1 skriftelike verklarings verkry van twee betroubare en ongesensureerde lidmate dat die betrokke persoon wel belydenis van geloof afgelê het
- 2.3.3.2 of 'n verklaring deur die betrokke leraar vergesel van 'n afdruk van die betrokke bladsy in die lidmaatskapkaart/-boekie.

### **2.4 Prosedure**

- 2.4.1 Tydens 'n kerkraadsvergadering gaan die kerkraad die aansoek na en keur dit goed.
- 2.4.2 Hierna word albei die voltooide aansoekvorms saam met die bewysstukke by die argivaris ingedien.
- 2.4.3 Die argivaris kontroleer of die aansoek aan al die vereistes voldoen, teken die wysiging/aanvulling in die betrokke registerafskrif aan en stel die kerkraad daarvan in kennis.
- 2.4.4 Die saakgelastigde van die kerkraad bring nou die goedgekeurde wysiging in die oorspronklike register aan.

### **2.5 Aantekening in registers**

- 2.5.1 Geen skrapings in die registers is toelaatbaar nie. Die korrekte besonderhede word met rooi ink bo die foutiewe gegewens, wat in alle gevalle met rooi ink onderstreep word, ingeskryf. In die opmerkingskolom word daar, ook met rooi ink, aangeteken dat die argivaris dit goedgekeur het, met verwysing na die datum. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Arg 10.02.2006 *KM* Saakgelastigde]



- 2.5.2 By versuimde registrasie word die inskrywing in rooi ink gedoen in die register van die jaar waarin en so naby moontlik aan die plek waar dit versuim is, met, indien nodig, 'n verwysingsnota.
- 2.5.2.1 In die opmerkingskolom word daar, ook in rooi ink, die nodige aantekening gemaak. Die amptenaar wat die wysiging aanbring, parafeer dit met vermelding van sy/haar amp. [Voorbeeld: Vers reg. Arg. 11.09.2006. ARB Saakgelastigde].
- 2.5.2.2 Indien die inskrywing nie by die spesifieke jaar waar dit versuim is, gedoen kon word nie, moet 'n verwysingsnota by die jaar waar die inskrywing moes plaasgevind het (byvoorbeeld 1983), aangebring word. [Voorbeeld: Jooste, Pieter N — sien 2006].
- 2.5.3 'n Skryffout wat in die lopende jaar begaan is, moet dadelik (sonder aansoek om rektifikasie) reggestel word deur die fout met rooi ink te onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo in te skryf. Die saakgelastigde parafeer dit.
- 2.5.3.1 In die registerafskrifte word die korrekte besonderhede dan sonder meer oorgeskryf.
- 2.5.3.2 'n Skryffout word gemaak wanneer die saakgelastigde wel die korrekte besonderhede ontvang het, maar 'n fout maak met die inskryf daarvan in die register en dit dadelik opmerk.
- 2.5.4 'n Naamsverandering in die lopende jaar word hanteer soos in 2.5.1 hier bo.
- 2.5.5 Waar die persoon se van verander is, moet 'n verwysing in rooi ink gemaak word by die relevante plek. [Byvoorbeeld: "Van der Merwe, Pieter N — Sien by Jooste, Pieter N" moet by die V's ingevoeg word as die persoon se van van "Jooste" na "Van der Merwe" verander is]
- 3. DOOPLIDMATEREGISTER**
- 3.1 Van en voornaam**
- 3.1.1 Die dopeling
- 3.1.1.1 Die dopeling word geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.
- 3.1.2 Die ouers
- 3.1.2.1 Slegs die nooiensvan van die moeder word saam met haar volle voorname ingeskryf en nie haar getroude van nie, maar as haar nooiensvan en haar getroude van dieselfde is, word "geb." duidelikheidshalwe voor haar nooiensvan geskryf. [Byvoorbeeld: Louise geb. Dippenaar]
- 3.1.2.2 Alle voorname van ouers en dopelinge word voluit geskrywe.
- 3.1.2.3 Waar die vader of moeder nie 'n belydende lidmaat van 'n gemeente is nie, of om 'n ander rede nie by die doop teenwoordig is nie, moet die lidmateregister vir dooplidmate dit aandui dat die betrokke ouer nie die doopbelofte afgelê het nie (Sien 1.7.2.1 hierbo).
- 3.2 Buite-egtelike kind**
- 3.2.1 Die dopeling word langs die gewone weg geregistreer.
- 3.2.2 Slegs die nooiensvan en voornaam van die moeder word ingeskryf. Indien dit 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld: "Susan Spies (nou Nel)"]. Die reël vir die vader se naam word oopgelaat. In die opmerkingskolom word aangebring: "Moeder lê belofte alleen af" (Sien ook 1.7.2.1 hierbo).
- 3.3 Aangenome kind**
- 3.3.1 Waar 'n dopeling voor die doopbediening aangeneem is, word die dopeling onder die van van die aannemende ouers ingeskryf en word die name van die aannemende ouers voluit in die ouerkolom ingeskryf.
- 3.3.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie. Ter wille van die alfabetiese orde moet 'n verwysing in rooi ink van die nuwe van na die ou van in die betrokke register gemaak word (Sien 2.5.5 hier bo).
- 3.3.3 Indien slegs die van van die kind verander is, sonder dat die kind wettiglik aangeneem is, kan die name van die ouers nie verander word nie.
- 3.3.4 By die uitreiking van 'n doopseel of 'n dooplidmaatskapsertifikaat word die volle name van die aannemende ouers sonder meer ingevul.

### **3.4 Kind in pleegsorg [Sien Funksionele Besluite 12.1]**

3.4.1 Waar die dopeling voor die doopbediening in pleegsorg geneem is, word die dopeling onder sy/haar eie van ingeskryf, terwyl die naam van die pleegsorgouers voluit in die ouerkolom verskyn. In die opmerkingskolom word die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

3.4.2 Indien die kind na die doopbediening aangeneem word en hy/sy 'n ander van kry, word die voorgeskrewe weg vir naamsverandering gevolg (Sien 2 en veral 2.5.5 hier bo). Onder geen omstandighede mag die naam van die oorspronklike ouers geskrap word nie.

### **3.5 Doop van kinders ouer as sewe jaar [Sien Besluite by Artikel 49: 49.1b.3]**

3.5.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van 'n kind van sewe jaar en ouer rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

### **3.6 Doop van kinderhuiskinders ouer as 7 jaar [Sien Funksionele Besluite 12.2]**

3.6.1 'n Ongedoopte kinderhuiskind van 7 jaar en ouer wie se kinderhuisplasing min of meer 'n permanente vorm aangeneem het, en wat dit begeer, kan gedoop word. Die implikasie is dat 'n persoon of persone naas die eie, pleeg- of aanneemouer by die doop op die formulier kan antwoord en vir die geestelike opvoeding van 'n kinderhuiskind verantwoordelikheid kan neem.

3.6.2 Die kinderhuis of gemeente kan nie korporatief as pleegouer optree vir doeleindes van die aflê van en die uitvoering van die doopbelofte nie. Kerkrade kan wel, nadat die biologiese ouers, waar moontlik, daarvoor geraadpleeg is, lidmate van die gemeente wat bereid is om verantwoordelikheid te neem vir die verbondsoopvoeding, aanwys om as doopgetuies of geestelike voogde op die formulier te antwoord by die bediening van die doop aan 'n kinderhuiskind van 7 jaar of ouer.

3.6.3. Die dopeling word in die Dooplidmateregister geregistreer onder die van soos dit op sy/haar identiteitsdokument/geboortesertifikaat verskyn met die name van die biologiese ouers voluit geskryf.

3.6.3.1 Indien die naam van een of albei van die biologiese ouers nie bekend is nie, word daar in die betrokke ouerkolom aangeteken: "Naam nie beskikbaar nie".

3.6.3.2 Indien die kinderhuiskind 'n buite-egtelike kind is, word slegs die voornaam en nooiensvan van die moeder ingeskryf. Indien die moeder 'n weduwee of geskeide vrou is, word haar getroude van in hakies langsaan aangebring [Byvoorbeeld: "Susan Spies (nou Nel)"]. Die reël vir die vader se naam word in hierdie geval dus oopgelaat (Sien ook 1.7 en 3.2.2 hier bo).

3.6.4 Die volle voorname en van van die doopgetuies wat as doopouers optree, kom voluit in die volgende twee reëls in die kolom vir die ouers. Die nooiensvan van 'n vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

3.6.5 In die opmerkingskolom moet van die doop van 'n kinderhuiskind ouer as sewe jaar rekenskap gegee word met vermelding van die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 26.02.2006]

### **3.8 Doop in 'n ander gemeente**

3.8.1 In die geval waar met toestemming van die plaaslike kerkraad die doop in 'n ander gemeente bedien word, registreer die saakgelastigde van die gemeente waar die doop bedien is, die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word vir registrasie in dié gemeente se dooplidmateregister.

3.8.2 Die saakgelastigde wat die dooplidmaatskap oorplaas, teken in die opmerkingskolom aan van watter gemeente toestemming vir die doop ontvang is. [Voorbeeld: Toest. Maitland]

### **3.9 Doop van kinders uit ander kerke**

3.9.1 In die opmerkingskolom moet van die doop van kinders uit ander erkende kerke rekenskap gegee word deur die kerk te vermeld in die opmerkingskolom. [Voorbeeld: Van RKK Kaapstad]

### **3.10 Doop van kinders uit buiteland**

3.10.1 As lidmate wat net tydelik in die buiteland woon, hulle kind in 'n ander gemeente as hulle tuisgemeente in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle tuisgemeente verkry. Sien verder 3.8 hier bo.

3.10.2 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en daar by 'n gemeente inskakel, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, moet hulle die skriftelike toestemming van hulle gemeente in die buiteland verkry. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die saakgelastigde die doop in die dooplidmateregister, maar reik gelyktydig 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat aan die gemeente waar die dopeling woonagtig is, gestuur word

vir registrasie. Die opmerkingskolom word voltooi soos in 3.8.2 of 3.9.1.

- 3.10.3 Waar lidmate wat permanent in die buiteland woon en nie daar by 'n gemeente kan inskakel nie, hulle kind in Suid-Afrika wil laat doop, vra die kerkraad van die gemeente waar hulle wil laat doop, hulle attestate aan vanaf die gemeente waar hulle lidmate was voordat hulle geëmigreer het. Die doopgesprek word deur die leraar waar die kind gedoop gaan word, gevoer en na die doop registreer die saakgelastigde die doop in die dooplidmateregister.

### 3.11 Volwasse doop

- 3.11.1 Waar 'n volwassene na belydenis gedoop word, word die inskrywing in beide die dooplidmateregister en die belydende lidmateregister gedoen en word dit in die opmerkingskolom aangeteken met 'n verwysing na die datum van kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Gedoop na belydenis. KR 12.03.2006]
- 3.11.2 Die name van die ouers word steeds voluit in die dooplidmateregister geskryf. Indien die name van die ouers onbekend is, word in die ouerkolom aangeteken: "Name nie beskikbaar nie". Sien ook 1.7.1 hier bo.
- 3.11.3 Die doopinskrywing van 'n getroude vrou geskied onder haar nooiensvan met die huidige van tussen hakies. [Voorbeeld: Rossouw (nou Nel)]

### 3.12 Doop na moeder se hertroue

- 3.12.1 In die geval waar 'n weduwee of 'n geskeide vrou weer trou en die kinders uit die vorige huwelik nog gedoop moet word, word die kinders geregistreer onder die van van die natuurlike (biologiese) vader. Albei die natuurlike ouers se name moet steeds in die ouerkolom aangeteken word. In die opmerkingskolom word aangeteken dat die moeder die belofte alleen afgelê het en dat die vader oorlede is of dat die egpaar geskei is. [Voorbeelde: Vader oorlede op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af / Geskei op 12.12.1981. Moeder lê belofte alleen af]
- 3.12.2 Alleen indien die kind se van langs geregtelike weë verander is, kan die kind by die doop onder die nuwe van geregistreer word en slegs indien bogenoemde ouer se nuwe man of vrou die kind wettiglik aangeneem het, kan sy /haar naam, in plaas van die biologiese ouer s'n, in die ouerkolom aangeteken word. In so 'n geval moet die dokumentêre bewys (aannemingsorder in geval van wettige aanneming) aan die betrokke kerkraad voorgelê word. Verder word presies gehandel soos in 3.3.1 uiteengesit.
- 3.12.3 Indien so 'n aanneming eers na die doop plaasvind, moet langs die voorgeskrewe weg aansoek om naamsverandering in die dooplidmateregister gedoen word (Sien 2.3.1.3, asook 2.4 en 2.5).

### 3.13 Doopgetuies

- 3.13.1 Die inskrywing van die name van doopgetuies by 'n "normale doop" word ontmoedig omdat dit eintlik geen kerklike doel dien nie.
- 3.13.2 Die name van getuies wat as doopouers optree kom in die ouerkolom en wel onder die ruimte vir die ouers se name. Dit gebeur egter slegs wanneer die ouers nie self die dopeling ten doop kan bring nie. Sulke gevalle moet hoogs uitsonderlik wees en deur die kerkraad goedgekeur word en so in die opmerkingskolom aangeteken word [Voorbeeld: Doopgetuies lê belofte af. KR 26.02.2006]. Die naam van die wettige ouers word normaalweg in die ouerkolom geskryf.
- 3.13.3 Die voorname en van van die doopgetuies word voluit geskryf. Die nooiensvan van die vrou word ingeskryf met haar getroude van in hakies.

### 3.14 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente

- 3.14.1 Wanneer 'n dooplidmaat met of sonder sy/haar ouers na 'n ander gemeente vertrek, reik die saakgelastigde 'n bewys van dooplidmaatskap uit wat in die nuwe gemeente ontvang, afgelees en in die dooplidmateregister ingeskryf word. Die geboortedatum en datum van doop en die naam van die leraar wat die doop bedien het, moet ook op die uitgereikte bewys van dooplidmaatskap verskyn.
- 3.14.2 Die dooplidmateregister word verder net soos die lidmateregister voltooi. Sien 4.2.1 tot 4.2.5 hier onder.

### 3.15 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen

- 3.15.1 Sien 4.5.1 hier onder.

## 4. DIE BELYDENDE LIDMATEREGISTER

### 4.1 Aflegging van geloofsbelydenis

- 4.1.1 Die datum van belydenisaflegging en die geboortedatum van die belydende lidmaat word in die betrokke kolom ingeskryf. Wanneer die belydende lidmaat na 'n ander gemeente vertrek, moet die geboortedatum op die uitgereikte attestaat/bewys van lidmaatskap verskyn.
- 4.1.2 Wanneer 'n vrou belydenis aflê, word dit onder haar nooiensvan in die register aangeteken en die van behou sy deurgaans in lidmateregisters vir belydende lidmate aan hoeveel gemeentes sy daarna ook al mag behoort en hoeveel male sy ook al mag trou. Dit kan alleen verander word as sy haar nooiensvan wettig laat verander en dan ook aansoek doen om naamsverandering in die lidmateregister vir belydende lidmate. Waar 'n vrou uit 'n ander gemeente of kerk kom en haar getroude van verskyn op die attestaat/bewys van lidmaatskap/verklaring, moet sy nogtans onder haar nooiensvan aangeteken word. Telkens word haar geldende getroude van in hakies bygevoeg. [Voorbeeld: Dippenaar (nou Odendaal)].
- 4.1.3 Sien 3.11.1 hier bo vir iemand wat na belydenis gedoop is.
- 4.2 Oorgekom van en vertrek na 'n ander gemeente**
- 4.2.1 In die geval van 'n lidmaat wat by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap uit 'n ander gemeente kom, word die naam van die betrokke gemeente in die regte kolom ingeskryf. Die datum van inskrywing in die register geld as datum van aankoms in die gemeente.
- 4.2.2 In die geval van 'n vertrekkende lidmaat word die datum wanneer en die gemeente waarheen hy/sy vertrek, in die betrokke kolom ingeskryf op die plek waar die naam oorspronklik in die register ingeskryf is.
- 4.2.3 Waar 'n getroude vrou by wyse van attestaat of bewys van lidmaatskap van 'n ander gemeente (Sien 4.2.1) oorkom, word haar naam en nooiensvan soos dit op die attestaat of bewys van lidmaatskap voorkom, in die register ingeskryf. Die huidige van word tussen hakies geskryf (Sien ook 4.1.2).
- 4.2.4 Aangesien 'n predikant se akte van demissie ook sy/haar attestaat is, word sy/haar bevestigingsdatum as die datum van sy/haar oorkoms aangeteken.
- 4.2.5 Wanneer 'n persoon te sterwe kom, moet dit teen sy/haar naam in die opmerkingskolom aangeteken word. [Byvoorbeeld: Oorl 10.02.2006]
- 4.3 Oorkoms van 'n ander kerk of christelike groep**
- 4.3.1 Waar 'n persoon uit 'n ander kerk wil oorkom, doen hy/sy self die nodige om te bedank/bewys van lidmaatskap van die vorige kerk te verkry.
- 4.3.2 Waar 'n persoon uit 'n ander kerk wil oorkom en – na die voorgeskrewe prosedure – lidmaat van die gemeente word (sien Reglement 21), word die korrekte naam van die vorige kerk in die kolom “VAN WAAR” geskryf en in die opmerkingskolom die datum van die kerkraadsbesluit aangeteken.
- 4.3.2.1 Lidmate uit kerke wat die Drie Formuliere van Enigheid onderskryf:
- 4.3.2.1.1 Die kerkraad besluit oor die aansoek om lidmaatskap.
- 4.3.2.1.2 In die opmerkingskolom van die register word verwys na die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: KR 10.06.2003].
- 4.3.2.2 Lidmate uit ander kerke:
- 4.3.2.2.1 Die aansoeker voltooi Vorm 6 (Verklaring vir ondertekening deur lidmate van ander kerkgenootskappe). Nadat daar aan die vereistes voldoen is wat vir die betrokke persoon geld of bepaal is, besluit die kerkraad oor die aansoek om lidmaatskap. In die opmerkingskolom van die register word verwys na die betrokke vorm en datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Vorm 6; KR 10.06.2003]
- 4.4 Vertrek na 'n ander kerk**
- 4.4.1 Waar 'n persoon na 'n ander kerk wil oorgaan, bedank hy/sy self en beteken dit die beëindiging van lidmaatskap van die Ned Geref Kerk. Die prosedure van 4.6 hier onder word gevolg.
- 4.5 Lidmaatskap oor gemeentegrense heen [Funksionele Besluit 16.3]**
- 4.5.1 In alle gevalle waar van die “kerkraad” sprake is in die Riglyne vir Praktiese Hantering van Lidmaatskap, moet die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: KR 10.02.2006]
- 4.6 Verlies van lidmaatskap en herregistrasie**
- 4.6.1 Aangesien die NG Kerk geen interkerklike attestaat of bewys van lidmaatskap het nie en die oorgaan

van lidmate by wyse van 'n "Verklaring insake lidmaatskap" (Vorm XX) moet geskied, moet verlies van lidmaatskap (byvoorbeeld: oorgaan na 'n nie-erkende kerk of afsnyding) en oorgaan na 'n erkende kerk (byvoorbeeld: om huweliksredes na 'n kerk met 'n gereformeerde belydenis) op presies dieselfde wyse hanteer word deur die uitreiking van 'n Vorm XX ná besluit deur die Kerkraad.

- 4.6.1.1 Indien verlies van lidmaatskap gedurende die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het. Die datum van die kerkraadsbesluit word ook vermeld. [Voorbeeld: Lm verval. KR 10.02.2006.]
- 4.6.1.2 Indien verlies van lidmaatskap buite die jaar van oorspronklike registrasie geskied, word dit by die oorspronklike inskrywing in die opmerkingskolom, met verwysing na die datum van die kerkraadsbesluit, aangeteken. Met vermelding van die naam, jaar van inskrywing en datum van die kerkraadsbesluit, word die saak per brief aan die argivaris oorgedra vir aantekening in die betrokke registerafskrif.
- 4.6.1.3 Indien die naam van die kerk waarheen die persoon oorgegaan het, bekend is, moet dit ook in die opmerkingskolom aangeteken word. [Voorbeeld: Lm verval. Oor na RKK. KR 10.02.2006.]
- 4.6.1.4 Wanneer 'n persoon by wyse van belydenisaflegging of oorkoms weer lidmaat word, word dit so in die register aangeteken met verwysing na die kerk en die datum van die kerkraadsbesluit in die opmerkingskolom.
- 4.6.1.5 Waar 'n persoon 'n gemeente verlaat sonder om by 'n ander kerk aan te sluit en dan weer na berou na die kerk terugkeer, moet hy/sy weer belydenis van geloof aflê en dit moet so in die register aangeteken word. By verlating word in die opmerkingskolom aangeteken dat die lidmaatskap verval het.

#### **4.7 Onopspoorbare bewys van lidmaatskap**

- 4.7.1 Waar geen lidmaatinskrywing opgespoor kan word nie, maar die lidmaat 'n verklaring ingedien het dat hy of sy wel belydenis van geloof afgelê het in 'n Ned Geref gemeente en die kerkraad daarmee tevrede is, word die persoon in die lidmateregister ingeskryf. In die opmerkingskolom word aangeteken dat 'n verklaring ingelewer is asook die datum van die kerkraadsbesluit. [Voorbeeld: Verklaring ingel. KR 10.06.2003]

### **5. HUWELIKSREGISTER (OPSIONEEL)**

- 5.1 In elke gemeente word die huwelike wat daar bevestig word in 'n huweliksregister aangeteken (gebruik die "Kerklike Huweliksaantekeningboek", uitgegee deur Lux Verbi-BM).
- 5.2 Hierdie registers word sover moontlik ook deur die kerkraad se argiefkommissie gekontroleer en kom, net soos in die geval van ander registers, na die sinodale argief wanneer dit nie meer deur die gemeente benodig word nie.

### **6. REGISTERAFSKRIFTE**

- 6.1 Alle afskrifte moet 'n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike registerinskrywings wees. Vertrekkende lidmate word nie aangeteken nie, behalwe as hulle vertrek het in dieselfde kerkjaar as wat hulle aangekom het.
  - 6.1.1 As 'n register egter gebrekkig aangelê is, beteken dit nie dat die gebreke in die afskrifte herhaal moet word nie. Die gegewens in die register moet met ander woorde in hul korrekte vorm oorgeskryf of- getik word. Die kerkraad moet die afskrifte nagaan:
    - 6.1.1.1 deur al die besonderhede in die lidmateregister vir dooplidmate met dié in die doopkladboek te vergelyk;
    - 6.1.1.2 deur die name in die lidmateregister vir belydende lidmate met die attestate/bewyse van lidmaatskap en die lys van name van persone wat belydenis afgelê het, te vergelyk;

6.1.1.3 deur die teenblaai van die lidmaatsertifikaat- en attestaatboek met die lidmateregisters vir belydende lidmate te vergelyk en

6.1.1.4 deur die besonderhede in die afskrifte noukeurig met dié in die lidmateregisters vir doop- en belydende lidmate te vergelyk.

6.1.2 Die parafering en handtekening van die kommissie/persone deur die kerkraad aangewys, beteken dat die afskrifte nagegaan, waar nodig gekorrigeer en uiteindelik as korrek gesertifiseer is. Alle wysigings moet ook geparafeer word.

#### **6.2 Voltooiing van die registerafskrifte**

- 6.2.1 Op die voorblad verskyn slegs die naam van die gemeente en die tydperk waaroor die afskrifte strek. Die naam van die gemeente en die jaartal word verder op elke bladsy aangedui.
- 6.2.2 Lê die binneblaie soos 'n boek oop. Begin met die inskrywings op die agterkant van die eerste blad en gaan dan voort soos dit in die register voorkom. Nommer die bladsy so dat wanneer die "boek" oop lê, die registrasieruimte op elkeen van die twee velle dieselfde nommer kry.
- 6.2.3 Daar mag geen bladsye tussenin ooggelaat word nie. Moet dus nie elke letter van die alfabet op 'n nuwe bladsy begin nie. Hoogstens mag daar tussen die name wat met verskillende letters van die alfabet begin, 'n reël ooggelaat word.
- 6.2.4 Geen gewone regstelling mag bo-oor 'n skryffout van die registerhouer aangebring word nie. Die fout moet met rooi ink onderstreep en die regstelling in rooi ink daarbo ingeskryf word. Alle regstellings word geparafeer. Let wel: 'n gewone regstelling of korreksie is geen wysiging of rektifikasie nie.
- 6.2.5 Op die laaste bladsy van die afskrifte en net onder die laaste inskrywing sertifiseer die kerkraad dat die afskrifte 'n korrekte en getroue weergawe van die oorspronklike register is. Elke binnebladsy word ook regs onder klein en netjies geparafeer.
- 6.2.6 Voltooides afskrifte moet nie opgerol of gevou word nie.
- 6.3 Gebrekkige registerafskrifte**
- 6.3.1 Die kerkraad moet toesien dat alle stukke wat deur die argief vir verbetering, aanvulling of vervanging na hulle kerkraad terugverwys is, binne vier weke aan die Argivaris terugbesorg word. (Sien ook Reglement X.2: 3.2.9 hierbo).
- 6.4 Registersrekenaar**
- 6.4.1 Waar gemeentes hulle registers en/of registerafskrifte op rekenaar doen, geld al die voorskrifte soos reeds genoem. Sien veral 1.2 tot 1.6 hierbo.
- 6.4.2 Let ook op die volgende vereistes (Sien Reglement X.2: 2.2.2 – 2.2.5):
- 6.4.2.1 Die papier wat gebruik word, moet duursame A4-papier wees wat 100 gram per vierkante meter weeg (ligter en/of aaneenlopende rekenaarpapier mag onder geen omstandighede gebruik word nie). Die huidige papier is in ongelinieerde formaat beskikbaar by Lux Verbi-BM.
- 6.4.2.2 Drukwerk moet met netjiese en leesbare lettertipes gedoen word met ink wat nie maklik verbleik of uitgewis kan word nie (gebruik verkieslik 'n laserdrukker). Ligte of vinnige druk ("*draft*" of "*economy*") is nie aanvaarbaar nie.
- 6.4.2.3 Die spasiëring tussen lyne mag nie kleiner as die huidige spasiëring wees nie. Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet lyne daarop aangebring word. Inskrywings moet steeds genommer word.
- 6.4.2.4 Daar moet voorsiening gemaak word vir presies dieselfde kolomme in dieselfde volgorde as in die huidige registers (dit hoef nie noodwendig dieselfde wydte te wees nie). Indien ongelinieerde papier gebruik word, moet kolomlyne daarop aangebring word.
- 6.4.2.5 Drukwerk moet op beide kante van die papier wees, met genoeg spasie vir inbinding (lê die binneblaie soos 'n boek oop — die regterkantlyn van die linkerbladsy en die linkerkantlyn van die regterbladsy moet ten minste twee sentimeter wees).
- 6.4.2.6 Sommige van die rekenaar sagteware programme wat gebruik word om afskrifte van lidmateregisters te druk, kan nie al die vereistes van 6.4.2 hier bo nakom nie. Dit word egter wel onder bepaalde omstandighede deur die Argief aanvaar. Skakel asseblief vooraf met die Argief om te verneem of 'n bepaalde pakket se drukstukke vir die Argief aanvaarbaar is.

## REGLEMENT: MODERAMEN VAN DIE ALGEMENE SINODE (ASM)

### 1. NAAM

Moderamen van die Algemene Sinode (ASM)

### 2. SAMESTELLING EN VAKATURES

**2.1 Die Moderamen van die Algemene Sinode word soos volg saamgestel:**

- 2.1.1 die moderator, assessor, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris (die Moderatuur) van die Algemene Sinode word ook die voorsitter, ondervoorsitter, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris van die Moderamen van die Algemene Sinode;
- 2.1.2 een verteenwoordiger (met sekundus) van elke sinode;
- 2.1.3 twee ouderlinge/diakens (met sekundi) wat nie oor die bevoegdheid van proponent/predikant beskik nie;
- 2.1.4 een verteenwoordiger (met sekundus) van elk van die volgende diensgroepe: Diensgetuieis, Gemeente-ontwikkeling en Ondersteuningsdienste;
- 2.1.5 die voorsitter van die Algemene Kommissie vir Vrouelidmate (met sekundus).

## **2.2 Aanvul van vakatures:**

- 2.2.1 'n Vakature ontstaan in die Moderamen deur die bedanking, emeritaat, verlies van bevoegdheid, opsegging van kerkverband, afsetting of dood van 'n lid. 'n Vakature ontstaan ook wanneer 'n lid bedoel in bepaling 2.1.2 uit sy/haar sinodale gebied vertrek of nie weer tot die moderatuur verkies word nie. Wanneer 'n lid van die moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, na 'n ander sinodale gebied verskuif, bly hy/sy lid van die Moderamen.
- 2.2.2 Indien 'n vakature ontstaan ten opsigte van 'n lid van die moderatuur wat ingevolge Artikel 39 verkies is, benoem die Moderamen uit die geledere van alle afgevaardigdes na die vorige Algemene Sinode 'n persoon om die vakature aan te vul.
- 2.2.3 'n Vakature vanweë die afwesigheid van 'n ouderling/diaken wat ingevolge bepaling 2.1.3 verkies is, word deur die Moderamen uit die sekundi aangevul. Indien een van die ouderlinge/diakens tot 'n moderatuur van 'n sinode verkies word, ontstaan nie 'n vakature nie.

## **3. OPDRAG**

Die Moderamen se opdrag is:

- 3.1 deurlopende visionering en roepingsontwikkeling vanuit die besluite van die AS.
- 3.2 tree leidinggewend op tov die werksaamhede van die Algemene Sinode tussen vergaderings. Dit geskied in oorleg met Diensgroepe en na die eis van omstandighede.
- 3.3 koördineer en integreer die werksaamhede van die Algemene Sinode.
- 3.4 gee uitvoering aan die uitsonderlike besluite van die AS wat nie verwys is as opdragte van die ander diensgroepe/ taakspanne van die AS nie.
- 3.5 hanteer voorlopig, met verantwoording aan die AS, sake van spoedeisende aard.
- 3.6 roep, indien nodig, 'n buitengewone vergadering van die AS byeen.
- 3.7 dien as die Algemene Sinode se Taakspan vir Ekumeniese Betrekkinge.
- 3.8 hanteer die NG Kerk se openbare getuieis en skakeling met die owerheid.

## **4 VERGADERINGS:**

Die Moderamen hou vergadering aan die hand van die volgende riglyne:

- 4.1 die orde vir kerklike vergaderings.
- 4.2 die vergadering skep, wanneer nodig, ruimte vir in-diepte gesprekke tov die NG Kerk se visie en roeping.
- 4.3 die Moderamen hanteer nie sake wat op 'n ander terrein afgehandel kan word nie.
- 4.4 die Moderamen hanteer slegs die bestuursake wat nie elders hanteer en/ of afgehandel kan word nie.

## **5. DIE MODERATUUR**

- 5.1 is die dagbestuur van die Moderamen en bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter, aktuaris, addisionele lid en Algemene Sekretaris;
- 5.2 hanteer sake deur die Moderamen opgedra;
- 5.3 hanteer spoedeisende sake met rapport aan die Moderamen. Wanneer moontlike omstrede sake opduik, reël die Moderatuur dat die Moderamen dit hanteer;
- 5.4 is verantwoordelik vir die funksionering van die kantoor van die Algemene Sinode.

## **6. KONSTITUERING EN VERGADERINGS**

- 6.1 Die Moderamen konstitueer tydens die vergadering van die Algemene Sinode en vergader normaalweg vier maal per jaar;

6.2 Die Dagbestuur vergader na behoefte;

6.3 Die Moderamen benoem taakspanne na behoefte vir behartiging van sy werksaamhede.

### **3.2 AANBEVELING: HERSIENING VAN REGLEMENTE**

1. Die ATR het die reglemente wat ontvang is nagegaan en beveel hulle by die Algemene Sinode aan vir goedkeuring. Die volgende reglemente word aanbeveel: ADGO; ADD; ADO; AKAI; ASM.
2. Die bestaande Regl. 5 en 17 verval en word vervang deur die Regl. vir die ADD.
3. Bestaande Regl.8, 10 en 26 verval en word vervang deur die regl. vir die ADGO.
4. Die reglement vir die ATBV is reeds gewysig en deur die ASM goedgekeur en sal in die nuwe *Kerkorde* opgeneem word.
5. Bestaande Regl.6 is aangevul met bepalinge oor nuwe gemeente ontwikkeling wat reeds deur die ASM goedgekeur is.
6. Bestaande Regl.11 is aangevul met bepalinge oor die personeel wat deur die ASM goedgekeur is.
7. Bestaande Regl.12:7 word gewysig om soos volg te lui: “*Die Kerklike Jeugwerkersvereniging doen verslag aan die ADGO*”.
8. ATR word versoek om *Kerkorde* Regl.19 in samewerking met die ADGO te hersien. Spesifieke ondersoek moet ingestel word na die bestaande beperking dat die skep en omskep van poste beperk is tot finansiële behoeftes, en of bedieningsbehoefte nie ook ’n oorweging behoort te wees nie.
9. Die numerering van die reglemente sal aangepas word in die nuwe *Kerkorde*.
10. Die ATR versoek die Algemene Sinode om die reglement van die GDN na die TRK te verwys, en die ATR sal intussen nog inligting van die GDN inwin.

## **4. OORGANG: WERKWYSE ALGEMENE SINODE**

(vgl Agenda Deel I bl 460 pt 5)

4.1 Die nodige wysiginge aan die *Kerkorde* is verreken in die hersiening van die *Kerkorde*.

### **4.2 AANBEVELING: WERKWYSE ALGEMENE SINODE**

Die Algemene Sinode neem kennis.

## **5. ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING**

(vgl Agenda Deel I bl 463 pt 2)

Na aanleiding van besluite van die Algemene Sinode van 2004 beveel die ATR die volgende by die Algemene Sinode aan:

### **AANBEVELING: ARGIEF- EN INLIGTINGSWETGEWING**

Die Algemene Sinode versoek die nuwe ATR om aandag te gee aan die wet op toegang tot inligting en kennis te neem van die werkswinkel “*Kerk en Staat*” wat 29 Oktober - 1 November 2007 in Stellenbosch gehou word. Die nuwe ATR moet sy bevindinge aan die Algemene Sinode voorlê met die oog op bepaling van die amptelike beleid van die NG Kerk hieroor.

## **6. APPÈL LLB GAUM**

6.1 Die ATR het ds JH Windell en dr PR du Toit versoek om, in oorleg met adv. JI du Toit (in opdrag van Couzyn, Hertzog, Horak en vennote), ’n ooreenkoms met LLB Gaum op te stel oor die stukke wat aan die Algemene Sinode beskikbaar gestel sal word as appèlrekord.

6.2 Die ATR is van oordeel dat die appèlrekord en die ATR se reaksie daarop op gekontroleerde basis aan die afgevaardigdes beskikbaar gestel word, met aanduiding van die streng vertroulike aard daarvan (embargo). Na afhandeling van die appèl moet die stukke weer ingehandig word by die Algemene Sekretaris.

### **6.3 AANBEVELING: APPÈL LLB GAUM**

Die Algemene Sinode:

6.3.1 neem kennis dat die appèlrekord en die ATR se reaksie daarop op gekontroleerde basis aan die



afgevaardigdes beskikbaar gestel is, met aanduiding van die streng vertroulike aard daarvan (embargo);

6.3.2 besluit dat na afhandeling van die appèl die stukke weer ingehandig moet word by die Algemene Sekretaris;

6.3.3 wys 'n tydelike appèlkommissie aan wat die Algemene Sinode adviseer oor die hantering van die appèl.

## B. (AANVULLEND) BESKRYWINGSPUNTE

### B.1 ROEPING EN IDENTITEIT

#### B.1.2 ALGEMENE SINODE

##### Noord-Kaap

Die Algemene Sinode besluit om die volgende kerkordelike veranderings tov die Algemene Sinode goed te keur:

1. “Artikel 38.1: Die Algemene Sinode bestaan uit ‘n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes” **word vervang deur:**

**Artikel 38: 1 Die Algemene Sinode is ‘n sinode van sinodes en word saamgestel uit afvaardigings van die deelnemende sinodes.**

2. “Artikel 38.1: Die Algemene Sinode bestaan uit ‘n maksimum van 400 lede wat saamgestel word uit afgevaardigdes van die sinodes” **word Artikel 38.2 en die woorde vanaf “wat saamgestel...” tot by “... sinodes” verval en lui:**

**Artikel 38.2 Die Algemene Sinode bestaan uit ‘n maksimum van 400 afgevaardigdes.**

3. “Artikel 38.2: Die afvaardiging van elke sinode moet uit ‘n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens bestaan en word soos volg saamgestel:

38.2.1 ‘n Vaste komponent van 10 predikante en 10 ouderlinge/diakens; en

38.2.2 ‘n Proporsionele komponent waarvolgens 100 afgevaardigdes aangewys word volgens ‘n formule gebaseer op die aantal gemeentes en 100 afgevaardigdes gebaseer op die aantal lidmate. Dit word telkens ‘n jaar voor die vergadering van die Algemene Sinode deur die Moderamen bereken” **word Artikel 38.3 en moet lui:**

**Artikel 38.3 Die afvaardiging van elke sinode bestaan uit ‘n gelyke getal predikante en ouderlinge/diakens en mag nie meer as 40 wees nie.**

4. “Artikel 38.3: Die teologiese opleiding word in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur een lid van die personeel van elk van die teologiese fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein” **word Artikel 38.4 en moet lui:**

**Artikel 38.4 Die Teologiese Fakulteite van Stellenbosch, Pretoria en Bloemfontein word elk in adviserende hoedanigheid verteenwoordig deur 1 lid van hul personeel wat ‘n lidmaat van die NG Kerk is.**

5. “Artikel 38.4: Elke afvaardiging moet van ‘n geloofsbrief voorsien wees” **word Artikel 38.5:**

**Artikel 38.5 Elke afvaardiging moet van ‘n geloofsbrief voorsien wees.**

6. “Artikel 39: Die moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit ‘n moderator, ‘n assessor, ‘n aktuaris en ‘n addisionele lid, lei die Sinode (artikel 25)” **bly onveranderd:**

**Artikel 39 Die Moderatuur van die Algemene Sinode, bestaande uit ‘n moderator, ‘n assessor, ‘n aktuaris en ‘n addisionele lid, lei die Sinode (Artikel 25)**

7. “Artikel 40.1: Voor die verdaging van die Algemene Sinode word ‘n Moderatuur verkies en ‘n Moderamen van die Algemene Sinode saamgestel.

Artikel 40.2: Lede van die Moderatuur kan vir meer termyne in dieselfde posisie verkies word.” **word vervang met:**

**Artikel 40.1 ‘n Moderatuurslid mag nie by twee agtereenvolgende vergaderings in dieselfde diens verkies word nie.**

**Artikel 40.2 Die termyn van die Moderatuur strek vanaf hul verkiesing tot die afhandeling van die vergadering.**

**Artikel 40.3 Die sekretaris van die Algemene Sinode tree op as skriba van die vergadering.**

8. “Artikel 41: Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is” **bly onveranderd:**

**Artikel 41. Die afgevaardigde leraar met die langste diens wat die oudste in jare is, gaan op die Algemene Sinode voor totdat die moderator gekies is.**

9. “Artikel 42.1: Die Algemene Sinode besluit self wanneer die volgende Algemene Sinode byeenkom, met

dien verstande dat die Algemene Sinode nie langer as vier jaar uitmekaar vergader nie” moet lui:

**Artikel 42.1 ‘n Algemene sinode besluit wanneer die volgende algemene sinodale vergadering byeenkom.**

**10. “Artikel 42.2: Die Moderatuur roep ‘n buitengewone Algemene Sinode byeen indien hy dit nodig ag, óf op eie inisiatief, óf op versoek van een of meer sinodes” moet lui:**

**Artikel 42.2 Een of meer van die deelnemende sinodes kan die ander sinodes versoek dat ‘n buitengewone algemene sinode byeengeroep word. Enigeen van die sinodes kan as roepende sinode optree.**

**11. “Artikel 43: Tot die taak van die Algemene Sinode behoort:**

**43.1 Wat kerklike roeping en standpunte betref:**

**43.1.1 die formulering van die roeping / leidende beginsels/ standpunte in sake van gemeenskaplike belang wat deur alle kerkvergaderings kragtens hulle deelname aan die verband gevolg moet word; die behartiging van die openbare getuienis van die Ned Geref Kerk in sy breedste verband;**

**43.1.3 die aanwysing van die Bybelvertaling(s) wat amptelik gebruik moet word;**

**43.1.4 die vasstelling van die belydenisskrifte, die Kerkorde, die liturgiese formuliere en gebruike, die liederebundel(s) en die liturgiese grondlyne van die eredienste;**

**43.1.5 die vasstelling van die formele vereistes vir die opleiding van die bedienaars van die Woord;**

**43.1.6 die bepaling op algemene sinodale terrein van verhoudinge en ooreenkomste met die staat en ander nie-kerklike lewenskringe.**

**43.2 Wat werksaamhede betref**

**43.2.1 die administrasie van vaste eiendom en fondse van die Algemene Sinode;**

**43.2.2 die behartiging van sake waar eenvormigheid en/of samewerking vir die hele kerkverband noodsaaklik is;**

**43.2.3 die behartiging van die ekumeniese belange van die Kerk op sy terrein;**

**43.2.4 die beheer oor algemene kerklike media;**

**43.2.5 die hantering van appèlsake” word vervang met artikel 43:**

**Artikel 43: Die sinodes het reeds ooreengekom om oor die volgende sake nie finale besluite te neem voordat dit nie by ‘n algemene sinode met mekaar uitgeklaar is nie:**

**Artikel 43.1 Belydenisskrifte van die kerk in ooreenstemming met art 44**

**Artikel 43.2 Vasstelling van kerkorde, liturgie, liturgiese formuliere, liederebundel**

**Artikel 43.3 Formulering van gesamentlike roeping**

**Artikel 43.4 Bybelvertaling vir amptelike gebruik**

**Artikel 43.5 Opleiding van bedienaars van die Woord**

**Artikel 43.6 Verhouding en ooreenkomste met die staat**

**Artikel 43.7 Ekumeniese verhoudinge op algemene sinodale vlak**

**Artikel 43.8 Kerklike media**

**Artikel 43.9 Appèlsake**

**Artikel 43.10 Administrasie van algemene sinodale eiendom en finansies**

**12. Artikels 44 tot 47 bly dieselfde.**

## **B.3 BEDIENING**

### **B.3.3 KERKLIKE TRIBUNALE**

**Noord-Kaap**

**Die Algemene Sinode aanvaar nie die gedagte van Kerklike Tribunale nie maar verklaar na luid van Artikels 30-32 van die Nederlandse Geloofsbelydenis en Sondag 31 van die Heidelbergse Kategismus dat hy volstaan met Artikels 62.2 en 62.3 van die Kerkorde van die NG Kerk.**

### **B.3.4 A-Z HANDLEIDING VIR PREDIKANTE**

**Noord-Kaap**

**Die Algemene Sinode keur nie die voorgestelde A-Z Handleiding vir Predikante in sy huidige vorm goed nie, maar verwys dit na sinodes met die versoek dat dit deeglik ondersoek, krities ge-evalueer en getoets word aan die hand van Skrif en Belydenis.**

Die Sinode van Noord-Kaap voer die volgende redes aan:

1. Die Handleiding vertoon duidelike tekens van sentralisering van gesag en die sekularisering van die amp van predikant. Die verantwoordelikheid van die plaaslike kerk(e) word vervang met ‘n kommissie van die

algemene en gesentraliseerde sinode.

2. Die Handleiding se siening oor die ordening van predikante is dat dit tuis behoort by 'n kommissie van die Algemene Sinode en nie by kerkraad en ring nie. Dit is 'n miskiening van die rol van die ring en die kerkraad en dus onaanvaarbaar.

3. Die kwessie van die Voortgesette Bedieningsopleiding en gepaardgaande akkreditasie, asook krediete wat in dié verband toegeken word, wek kommer. Die bevoegdheid van 'n predikant word afhanklik gemaak van die krediete wat verwerf is.

4. Die handleiding toon weinig beredenering vanuit die Skrif, die Belydenisse (veral NGB Art 28vv) en Die Kerkorde. Dit blyk in stryd te wees met die belydenis.

5. Kerkrade, ringe en sinodes het nie voldoende geleentheid gehad om 'n die inhoud van genoemde Handleiding deeglik te toets aan die Skrif en die kerk se Belydenis nie. Hulle is ook nie daartoe versoek nie

## **BYKOMENDE AANVULLENDE VERSLAE**

Hierdie verslae is kort voor die vergadering van die Algemene Sinode ontvang en dit word nou ter wille van die rekord in hierdie formele publikasie opgeneem.

## A.3.2 (AANVULLEND) VERSLAG VAN DIE ALGEMENE DIENSGROEP VIR GEMEENTE-ONTWIKKELING

### VERSLAG VAN DIE TAAKSPAN VIR VROUDELIDMATE

(Vergelyk Agenda Deel 1 bl 286, A.3.2 Verslag Algemene Diensgroep Gemeente-ontwikkeling, pt 4)

#### 1. POTENSIAAL VAN VROUE IN DIE NEDERDUISE GEREFORMEERDE KERK

Die Taakspan vir Vrouelidmate het 'n wetenskaplike navorsingprojek in al tien sinodes onder vrouelidmate gedoen om die geestelike behoeftes van vroue te bepaal. Hierdie verslag gee die resultate van die navorsing weer. Die verslag is opgestel met die idee om gesprek oor die benutting van die potensiaal van vroue te stimuleer. Leiers in sinodes, ringe en gemeentes behoort opnuut bewus gemaak te word van die onderbenutte potensiaal van vroue in die kerk.

Die Ned Geref Kerk is al vir 'n aantal jare besig om bedieningstrukture "oop" te maak sodat vroue as gelykes kan deelneem aan die bediening van die kerk. Duisende vroue het sedertdien op kerkrade en kommissies begin dien. Sedert 1990 is vroue toegelaat tot die amp van predikant en het 'n groeiende getal vroue begin dien as predikante in gemeentes. Die besluit om vroue toe te laat tot die amp van predikant was 'n belangrike mylpaal in hierdie proses. Tog toon hierdie navorsing dat slegs 62% van vroue enige blootstelling het aan vroue-predikante. Die proses van die bemagtiging van vroue in ons kerk is duidelik 'n stadige en sekerlik vir ons almal 'n té stadige proses.

In die proses van die bemagtiging van vroue is daar dikwels oor vroue gepraat maar nie altyd na hulle geluister nie. Die bedoeling van hierdie navorsing was om doelbewus te luister na wat vroue in die kerk werklik te sê het. Ons hoop dat hierdie navorsing maar net die begin sal wees en dat gemeentes gemotiveer sal wees om na vroue te luister en nie net oor hulle te praat nie.

**1. Opdrag:** Die ADGO Taakspan vir Vrouelidmate het tydens die vorige sinode opdrag gekry om navorsing te doen tov die geestelike behoeftes van vroue in ons kerk.

**2. Navorsingspan:** Die navorsing is uitgevoer deur 'n navorsingspan bestaande uit verteenwoordigers van Vrouelidmate se taakspan in die Wes-Kaap en Buvton se gemeentenavorsingspan. Daar is ook gekonsulteer met die sosioloog prof Cornie Groenewald en drr Kobus Schoeman en Jan Bischoff van Kerkspieël.

**3. Doel van die ondersoek:** Ons doel was om die geestelike behoeftes, bedieningsvoorkeure, drome, ideale en wense van vroue in ons kerk beter te verstaan. By ADGO was daar vrae oor hoe vroue werklik bedien wil word binne gemeentestrukture. Ons het in ons navorsing beter insig hieroor probeer ontwikkel.

Ons het ook gepoog om vas te stel wat die posisie van vroue in ons gemeentes is en hoe hulle gawes benut word. In die refleksieproses het ons besluit om die data só aan te bied dat veral gemeentelidmers dit kan gebruik om na te dink oor die posisie van vroue in hulle eie strukture.

#### 4. Navorsingsmetodiek

**4.1 Sinkronisasie met ander navorsing:** Ons het in die navorsing gesinkroniseer met die navorsing van Kerkspieël en Buvton se gemeentenavorsing om ons in staat te stel om die data wat ons bekom, te vergelyk met ander data oor gemeentes en die kerk in die breë. Ons het die vrae van Buvton se gemeentevraelys as vertrekpunt gebruik en aangepas waar nodig. By sekere van die vrae kon ons die data van hierdie studie vergelyk met die van die mans in Buvton se databasis. Verder het ons van Kerkspieël se kategorieë gebruik om sodoende in staat te wees om ook hierdie navorsingsbron te benut. Ons kon daarom die data van hierdie navorsing vergelyk met data waar ook manlike lidmate betrek is, om sodoende die unieke stem van vroue in ons kerk beter te verstaan.

**4.2 Ewekansige Steekproef:** Die vraelys is aan 2090 vrouelidmate (insluitend 90 studente) uit al die sinodale streke beskikbaar gestel. Die steekproef is sodanig ontwikkel dat die beginsel van ewekansigheid geld. Besoekpunte in die gemeentes is deur die aantal vrouelidmate wat per gemeente deelneem gedeel en so is die interval van ons steekproef bepaal.

**5. Terugvoer:** 'n Totaal van 1027 vraelyste uit 2090 (45%) is terug ontvang en verwerk. Studente van drie universiteitsgemeentes nl Johannesburg, Vrystaat en Stellenbosch, is betrek.

Die terugvoer uit die verskillende streke was soos volg:

Tabel 1

Sinodale streek	Aantal vraelyste verwerk	Persentasie
Wes- en Suid-Kaap	314	59%
Oos-Kaap	94	63%
Noord-Kaap	32	39%
KwaZulu-Natal	42	59%
Oranje Vrystaat	115	50,2%
Wes-Transvaal	53	24%
Noordelike Sinode	183	69%
Suid-Transvaal	74	35%
Oos-Transvaal	65	30%
Namibië	17	48,57%
<b>Totaal</b>	<b>989</b>	
Univ. Pretoria	18	60%
Univ. Johannesburg	10	33%
Univ. Stellenbosch	10	33%
<b>Totaal</b>	<b>90</b>	
<b>Groottotaal</b>	<b>1027</b>	<b>45.90% (Gem)</b>


Hierdie persentasie terugvoer is genoegsaam om 'n betroubare prentjie te gee van hoe vroue in ons kerk oor die genoemde onderwerpe voel. Ons bied hierdie verslag aan met die hoop dat die gewese en talente van vroue, as gevolg hiervan, beter benut sal word in ons kerk vir die koms van die Koninkryk.

Madelein Gerber (sameroeper)  
 Jeanne Cillie  
 Barry Lordan  
 Frederick Marais  
 Chrisna van der Merwe

## 2. RESULTATE

Aangeheg vind u 'n samevatting van die resultate van die navorsing. In hierdie afdeling haal ons die belangrikste data uit en bespreek dit kortliks. Ons het ook vroeë geformuleer wat gebruik kan word in die prosesse van gemeentes en ander kerklike strukture.

### 1. Ouderdomsverspreiding




Grafiek 1

Uit Grafiek 1 blyk dit dat die grootste persentasie respondente uit ouderdomsgroepe 35 tot 64 jaar kom.

### Vir bespreking

- Hoekom het so min vroue jonger as 35 jaar en ouer vroue bo 65 jaar deelgeneem aan die projek? Sou dit beteken dat ons gemeentestrukture die groep van 35-65 beter betrek as jonger en ouer vroue?

### 2. Huwelikstatus




Grafiek 2

Dit is opvallend dat die oorgrote persentasie respondente getroud, nooit getroud of weduwees is. Hierdie kategorieë is saam byna 85% van die respondente. Hierteenoor toon slegs 3% aan dat hulle geskei is. As ons dit vergelyk met ons gemeenskap se hoë egskedingsyfer het ons rede om te wonder wat word van vroue, en ook mans, wat skei in die NG Kerk.

### Vir bespreking

- Is dit waar dat vroue en mans wat deur egskedings gaan geneig is om nie meer by gemeentes in te skakel nie? Indien wel, wat sou u dink is die redes waarom hulle uit die gemeentesisteme onttrek. U kan dit oorweeg om met geskeide vroue en enkelouer-vroue in u gemeenskap hieroor gesprek te voer om hulle bedieningsbehoefes beter te verstaan en ook die redes waarom hulle dalk ontuis mag voel in ons gemeentes.

### 3. Aantal jare in die huidige gemeente?




Grafiek 3

Dit is opvallend dat die jonger generasie (20-34) heelwat korter in hulle huidige gemeente is as die ouer generasie.

### Vir bespreking

- Hoe welkom voel nuwe mense, veral as hulle jonger is, in u gemeente?
- Bestaan die leierskap in u gemeente uit mense wat al lank in die gemeente is of nie?
- Nuwe intrekkers kan 'n waardevolle bron van inligting wees om die gemeente iets van onself te leer wat ons nie meer raaksien nie.

### 4. Betrokkenheid in gemeente



Grafiek 4

Baie belangrike inligting is bekom tov die maniere waarop vroue in gemeentes betrokke is. Van die belangrikste tendense hier is:

- Eredienste 90%
- Dienslewering by Funksies en Fondsinsamelings 53%
- Bybelstudiegroepe 43%
- Vrouediens/bediening vir vroue 35%
- Diensgroep of bediening 20%

**4.1. Groepe:** Dit is vir ons duidelik dat vroue buiten eredienste, baie betrokke is in groepe. Baie van hierdie groepe is spontane groepe waar vroue ondersteuning ontvang.



**4.2. Dienslewering:** Dit is opvallend hoeveel vroue in 'n diensfunksie betrokke is in gemeentes. Ons vermoed dit sal veel hoër wees as by mans.

**4.3. Leierskap:** Dit is opvallend dat 12% van die respondente aandui dat hulle as leiers in die gemeente dien, terwyl 27% aantoon dat hulle gewillig is om as leiers diens te lewer. Daar word dikwels in die kerk gekla oor die gebrek aan leiers, en tog toon hierdie studie dat minder as die helfte van vroue wat gewillig is om leiding te neem as leiers benut word. In die ouderdomsgroep 20-34 is 46% van die respondente gewillig om diens te lewer as leiers!

**Vir bespreking**

- Die afleiding sou gemaak kon word dat daar nie noodwendig aan vroue gedink word as leiers nie maar eerder in 'n dienskapasiteit by funksies en fondsinsameling. Waarom sou dit die geval wees en hoe kan dit in gemeentes reggestel word?
- As in ag geneem word watter hoë persentasie jonger vroue bereid is om as leiers te dien, 46% van die respondente, is die vraag: Is gemeentes bereid/ gereed om jonger vroue in leiersposisies te gebruik en hierdie behoefte te kanaliseer? Watter waarde kan hierdie jong vroue in leiersposisies toevoeg tot die kerk?

**4.4. Inskakeling by Vrouediens/bediening (Grafiek 4)**

Een derde van die respondente is betrokke by 'n Vrouediens/Bediening. Die volgende is interessante feite:

- In die twee streke waar daar 'n Sinodale Vrouedienskantoor is, wissel die betrokkenheid: Wes-Kaap 30% en die Vrystaat 46%. Die Vrystaat het 'n meer landelike karakter, selfs in die stede teenoor die Wes-Kaap.
- 25% van vroue wat voltyds werk, is betrokke by 'n Vrouediens.
- Dit blyk dat die wyse waarop die vrou se rol/plek in die kultuur/konteks (geslagsrolle) beskou word 'n bepalende invloed het op die wyse waarop vroue in kerk betrokke is. Plattelandse respondente skakel meer in by 'n Vrouediens as stedelike vroue.
- Ouderdom en werk speel nie so 'n belangrike rol as konteks, stedelik of plattelands, nie.

**Vir bespreking**

- Op welke wyse bemagtig of inhibeer die konteks/kultuur vroue in julle gemeente om hulle volle potensiaal te ontsluit?

**5. Leierskapsbetrokkenheid van vroue**

Tabel 2

	Ja	%	Nee	%	Nie beskikbaar	%
Daar is vir vroue geleentheid om hulself uit te leef as leiers in gemeente	833	81.11	56	5.45	138	13.44
Gemeente is gereed om vroue in leiersposisies te aanvaar	773	75.27	110	10.71	144	14.02
Wil graag op kerkraad / kommissies van die kerkraad dien?	287	27.95%	587	57.16%	153	14.90
Sal graag gemeente op ring-/sinodesittings wil verteenwoordig	117	11.39	741	72.15	169	16.46
Sal leiding wil neem by groepe/byeenkomste in gemeente	281	27.36	579	56.38	167	16.26
Het ervaring van 'n vrou as predikant	249	24.25	643	62.61	135	13.15
Moet daar meer vrouepredikante in kerk wees?	548	53.36	324	31.55	155	15.09

- 81% van respondente ervaar daar is geleentheid vir vroue om hulle as leiers in gemeentes uit te leef.
- Tog is slegs 27% van respondente bereid om as leiers te dien. Wat sou die rede wees vir hierdie oënskynlike teenstrydigheid?

**Vir bespreking**

- Vroue word verkies, gebruik in verteenwoordigende leiersrolle, maar minder vroue word benut in werklike leiersposisies.
- Het dit dalk daarmee te doen dat vroue gewillig is om in aktiewe bedieninge en diensgroepe leiding te neem maar nie in verteenwoordigende leiersposisies nie, bv kerkrade/ringe/sinodes?

## Opmerking

Dit is interessant dat net 24% van respondente blootstelling aan 'n vrouepredikant gehad het. 55% het die behoefte aan meer blootstelling van vrouepredikante.

## 6. Aktiwiteite waaraan vroue deelneem

### 6.1 Vroue en werk

Tabel 3

Aktiwiteite	Aantal respondente	%
<b>Beroep</b>		
Werk voltyds	373	36.32
Werk deelyds	80	7.79
Werk deelyds – sommige dae	66	6.43
Pensioenaris	252	24.54
Tuisteskepper	292	28.43
Student	59	5.74
<b>Kerklke betrokkenheid</b>		
Woon erediens by	876	85.30
Betrokke by kleingroepe/wyk	371	36.12
Betrokke by diensaksies	234	22.78
Woon toerustingkursusse by	110	10.71
Dien op kerkraad	151	14.70
Betrokke by vrouediens	338	32.91
<b>Familielewe</b>		
Tyd met gesin	618	60.18
Versorging van kinders	309	30.09
Versorging van siek / bejaarde ouer(s)	103	10.03
Tyd met huweliksmaat	578	56.28
<b>Vrywillige gemeenskapsdiens</b>		
Armoedeverligting	155	15.09
Werkskepping	52	5.06
Gesondheidsorg	70	6.82
Skole	207	20.16
Misdaadvoorkoming	25	2.43
Fondsinsameling	320	31.16
<b>Ontspanning</b>		
Sport	245	23.86
Natuur	393	38.27
Teater / fliel / lees	506	49.27
TV	532	51.80
Hand- / kunswerk	431	41.97
Stokperdjies	300	29.21

- 36% Werk voltyds
- 28% is tuisteskeppers
- 40% het 2 uur tyd om by die kerk te bestee per week
- 25% het 2-4 ure om by die kerk te bestee per week

### Vir bespreking

- As die kerk die vrou wil bereik en potensiaal ontsluit, sal rekening gehou moet word met die situasie van die beroepsvrou wat in beroepe baie vir die Koninkryk kan beteken.

### 6.2 Diensbetrokkenheid

- versorging van siekes/bejaardes
- opvoeding/versorging van kinders

- Skole
- Fondsinsameling
- Armoede betrokke

Opvallend is dat jonger vroue meer geneig is om by skole betrokke te wees terwyl ouer vroue meer gereedlik betrokke is by gesondheidsorg.


### Vir bespreking

- 40% van respondente werk voltyds. Vermoedelik het dit 'n baie groot inpak op die tradisionele patroon van inskakeling van vroue. Het u gemeente dit al bereken in u bedieningstrategie?
- Wat is die koninkrykspotensiaal van werkende vroue en mans wat 'n voltydse beroep beoefen?
- 65% van respondente het 4 of minder ure per week vir gemeentelike betrokkenheid. Watter implikasies het dit vir u gemeente bediening?

### 7. Inpak van Tyd beskikbaar

- 2 uur beskikbaar = 40%
- 2-4 uur beskikbaar = 25%
- Ouderdom 65+ week-voormiddag
- Ouderdom 20–64 weksaande

### 8. Rede waarom respondente nie inskakel by gemeentelike aktiwiteite nie




Grafiek 5

- Grootste rede is gebrek aan tyd en oorvol programme
- Net 1.8% voel dis omdat daar nie in hulle behoeftes voorsien word nie
- Net 5% voel daar word nie in spesifieke ouderdom se behoeftes voorsien nie

**Gevolgtrekking:** Bepalendste faktor is oorvol programme en gebrek aan tyd.

### 9. Watter vorm van inskakeling verkies respondente



Grafiek 6

- Kleingroepe – 50%
- Vriendegroepe – 40%
- Vrouebelange – 40%
- Geografiese wyk relatief min

### Vir bespreking

- Hoewel oorvol programme en 'n gebrek aan tyd vir meeste respondente 'n realiteit is, is daar groot persentasies van hierdie vroue wat by kleingroepe sal wil inskakel.
- Maak u gemeente voorsiening vir hierdie behoefte aan kleingroepe ?

### 10. Hoe ervaar jy die onderlinge gemeenskap in die gemeente?

Tabel 4

	Ja	%	Nee	%	Nie beskikbaar	%
Lidmate reik regtig uit na mekaar	567	55.21	162	15.77	298	29.02

Ek ervaar die gemeente as baie onpersoonlik	132	12.85	387	37.68	508	49.46
Ek beleef sinvolle koinonia (fellowship) in die gemeente	445	43.33	162	15.77	420	40.90
Dis meestal my vriende binne en buite die gemeente wat my geestelik versterk	621	60.47	76	7.40	330	32.13
Lidmate huiwer om regtig openhartig te wees	325	31.65	207	20.16	495	48.20
In ons wyk/kleingroep is ons by mekaar betrokke en ondersteun ons mekaar.	568	55.31	123	11.98	336	32.72

In hierdie afdeling is gepoog om te probeer vasstel hoe die respondente die onderlinge gemeenskap in die gemeente ervaar en is dit in verband gebring met die voorkeurvorme van inskakeling.

- 60% van respondente ervaar geestelike ondersteuning van vriende binne en buite die gemeente. Vir die ouderdomsgroep 20–34 styg dit na 67%.
- 55% van respondente ervaar ondersteuning van die gemeente. In die ouderdomsgroep 20-34 daal dit na 49%.
- 35% van vroue ervaar dat lidmate huiwer om regtig openhartig met mekaar te wees.

### Vir bespreking

- Uit bogenoemde wil dit voorkom of vroue inisiatief neem om hulle eie netwerk van vriende te skep waarbinne hulle ondersteuning ervaar. Hoewel gemeentes ook vir 'n groot aantal vroue ondersteuning bied – 55% – wil dit voorkom asof die netwerke wat op eie inisiatief gevorm word vir meer vroue van waarde is. Klop dit met u ervaring in die gemeente?
- Die korrelasie tussen respondente wat ondersteuning in die gemeente ervaar (55%) en respondente wat ingeskakel is by kleingroepe (50%) moet nie as 'n toevalligheid gesien word nie. Is die kleingroep nie waarskynlik die plek in die gemeente waar ondersteuning ontvang word nie?
- Hoe kan vroue gemeentes help om koinonia-geleenthede te skep?
- Het dit u verbaas dat meer as 'n derde van vroue ervaar dat lidmate huiwerig is om uit te reik na mekaar? Wat sou die rede hiervoor wees?


### 11. Dinge wat vroue motiveer om in die gemeenskap betrokke te raak. (Hierdie was 'n oop vraag waar die respondente opmerkings kon maak. Die getal dui op die aantal respondente wat die spesifieke reaksie getoon het.)

- Persoonlike (eie) dankbaarheid teenoor die Here (190)
- Naasteliefde/omgee (104)
- Armoede/nood (98) – eie swaarkry en ander se swaarkry
- Opdrag van God (uit Bybel en direkte oproep vanaf kansel) (72)
- Simpatie en deernis (67)
- Diensbaarheid ('wil iets doen') (35) – veral die jonger vroue 20-49

### Vir bespreking

- Dit is interessant dat dankbaarheid teenoor God 'n belangrike motivering is.
- Meer respondente word gemotiveer deur dankbaarheid as dié wat deur 'n pligsbesef gemotiveer word.
- Armoede spreek respondente baie aan.

### 12. Areas van nood waarby respondente betrokke wil raak



Grafiek 7

- Armoede
- Ongeletterdheid
- Verbrokkeling van gesinne
- Werkloosheid (vroue 65–74) en morele verval (vroue 75 +)

In die Buvton-databasis het die manlike respondente by dieselfde vraag soos volg geprioriseer:

- Armoede
- Gesinsverbrokkeling

### Opmerkings

- ❖ Dit is opvallend dat armoede in al die ouderdomsgroepe die terrein is wat by verre die meeste respondente aanspreek.
- ❖ Dit wil voorkom asof respondente veral betrokke wil raak by areas waar hulle ervaar hulle prakties/konkreet iets kan doen, soos armoede, werkloosheid en ongeletterdheid.
- ❖ Verbrokkeling van gesinne is by al die ouderdomsgroepe hoog op die lys.
- ❖ Sake soos versoening, misdaad en korrupsie toon laer vlakke van belangstelling.
- ❖ MIV/Vigs is opvallend laag op die lys.
- ❖ Daar is 'n verband tussen ouderdom, belange en 'concerns'

### Vir bespreking

- Waarom dink u dat MIV/Vigs so laag op die lys is, terwyl dit in Suid-Afrika so 'n enorme samelewingsuitdaging is?
- Stem u saam dat die sake wat meer belangstelling geniet meer prakties en konkreet van aard is?

### 13. Dinge wat vroue nodig ag om hul geestelike lewe sinvol en bevredigend te maak

Tabel 5

	In gemeente bevredig	%	Buite my gemeen te bevredig	%	Word nie bevredig	%
Om die Bybel beter te verstaan	689	67.09	160	15.58	41	3.99
Om raad vir my lewe te ontvang	440	42.84	243	23.66	40	3.89
Om te praat oor God en dit wat Hy in my lewe beteken	600	58.42	304	29.60	20	1.95
Om persoonlik te groei	594	57.84	292	28.43	36	3.51
Om saam met ander gelowiges te bid, te deel en te verkeer	654	63.68	210	20.45	40	3.89
Om op geestelike vlak leiding te neem in die gemeente (bv kleingroep, Bybelstudie)	352	34.27	79	7.69	76	7.40
Om my gawes beskikbaar te stel tot opbou van die Gemeente	533	51.90	141	13.73	61	5.94
Om my gawes beskikbaar te stel in die gemeenskap	425	41.38	226	22.01	52	5.06
Om my kennis oor geloofsake te verbreed	589	57.35	200	19.47	46	4.48

### Die volgende het as prioriteite uitgestaan

- Om die Bybel beter te verstaan
- Om saam met ander gelowiges te bid, te deel, te verkeer
- Om te praat/getuig oor God en dit wat Hy in hul lewens beteken
- Om raad vir die lewe te ontvang (20–34jariges)
- Om persoonlik te groei (35–49 jariges)

### Opmerkings

- ❖ Die behoeftes is vir alle ouderdomsgroepe deurgaans dieselfde.
- ❖ Dit is positief om te sien dat hierdie behoeftes wel in gemeentes ontmoet word.
- ❖ Min vroue (34%) het op geestelike vlak die behoefte om leiding te neem.
- ❖ Daar is wel 'n beduidende groep 10–15% wie se behoefte om leiding te neem nie ontmoet word nie. Vergelyk punt 5.
- ❖ Middeljarige vroue (35–60) se grootste behoefte is aan geestelike leiding
- ❖ Bevrediging van die behoefte blyk motiverend in te werk op aktiewe diensbaarheid (verhouding met Here motiveer) **punt 12.**
- ❖ Die Bybel speel 'n sentrale motiverende/inspirerende/leidende rol. Die vraag is of dit hier gaan oor meer kennis en inligting van die Bybel of die God van die Bybel?
- ❖ Dit gaan verder oor hoe die Bybel praktiese riglyne vir gelowiges gee om te leef - hoe ontsluit die Bybel die lewe vir my?

### 14. Ander geestelike behoeftes geïdentifiseer (Hierdie was 'n oop vraag waar die respondente opmerkings kon maak)

- Toewyding (vroue 50 jr en ouer)
- Koinonia
- Geestelike gesprekke (ondersteun deur die leraar)

### 15. Geestelike leiers

Vroue sien hoofsaaklik op na die predikant as geestelike leier (47%).

Vriende speel wel 'n belangrike rol in lewe van jong vroue (ouderdom 20–34).

### Opmerkings

- ❖ Vroue sien glad nie na ouderlinge/diakens/dienswerkers en bybelstudieleiers op as geestelike leiers nie.
- ❖ Aangesien so 'n groot persentasie na leraars op sien as hulle geestelike leiers, is die vraag: wat is die inpak van die feit dat slegs 60% enige blootstelling gehad het aan vrouepredikante?


### 16. Lewensareas waarin vroue behoefte het aan ondersteuning en leiding

- Huwelik (48%)
- Persoonlike geloofslewe (45%)
- Verhoudings en emosionele gesondheid (33%)
- Persoonlike geloofslewe (vervang die huwelik vir vroue 65 en ouer)

### Opmerkings

- ❖ Areas word bepaal deur die lewensfase waarin vroue is.
- ❖ Leiding aan leierskap is 'n behoefte by vroue tussen 20 en 64 ( gemid. 34%).
- ❖ Slegs jong vroue (20–34) soek leiding/ondersteuning mbt beroepsaangeleenthede.

### 17. Wat hoop jy om by geestelike byeenkomste te ontvang en te beleef?



Grafiek 8

1. Alle ouderdomsgroepe het **lering oor God** gemerk as die hoogste behoefte.
2. Praktiese riglyne vir die daaglikse lewe en motivering vir die lewe is vir die vroue 64 en jonger baie belangrik.
3. Die behoefte aan lering uit die Bybel verskil heelwat tussen die ouderdomsgroepe. By die ouer groepe is dit 'n hoër prioriteit as by die jonger generasies.
4. Ouer vroue (70+) wil hier hulle vreugdes en leed deel.

### Vir bespreking

- Dit is opvallend dat die geestelike behoeftes van alle vroue te make het met "meer van God leer". Byeenkomste wat dit verstaan sal waarskynlik daarin slaag om vroue in groot getalle te betrek. Die behoefte is nie om te leer van die kerk of 'n organisasie nie maar van God.
- Die lewe van elke dag is ook prominent - om daaglikse lewensvrae te beantwoord of net daarvoor te kan praat.

### 18. Voorkeure vir inrigting van byeenkoms om God se teenwoordigheid die beste te ervaar

Tabel 6 (1= belangrikste; 5 = die mins belangrikste)

	1	%	2	%	3	%	4	%	5	%
Die klem moet val op lering uit die Bybel	371	36.12	158	15.38	143	13.92	56	5.45	8	0.78
Daar moet stilte en gewydheid wees	98	9.54	156	15.19	152	14.80	306	29.80	22	2.14
Daar moet spontane meeleving en getuïenis wees	160	15.58	164	15.97	175	17.04	229	22.30	9	0.88
Daar moet klem gelê word op aanbidding en lof	94	9.15	252	24.54	256	24.93	127	12.37	7	0.68

### As belangrikste georden:

1. Klem moet val op lering uit Bybel (vgl met Grafiek 8)
2. Daar moet spontane meeleving en getuïenis wees (Vgl met Tabel 6)
3. Daar moet klem gelê word op aanbidding en lof.

### Opmerking

- ❖ Die vraag bevestig dat die Woord sentraal is ten opsigte van die behoeftes van vroue by geestelike byeenkomste. Die styl van die byeenkoms moet egter gekenmerk word deur spontane meeleving. Getuïenisse en lofprysing blyk belangrik te wees.
- ❖ Leiers van geestelike byeenkomste sal bogenoemde in ag moet neem en fasiliteer.

## 19. Vroue voel die naaste aan God wanneer hulle

- Bid
- Met die Bybel besig is
- saam met ander oor God sing
- In die natuur is – natuur word belangriker vir die jonger generasie

### Opmerkings punte 17–19

- ❖ Die Bybel is vir vroue die belangrikste bron van lering en is die ankerpunt vir geestelike ervarings.
- ❖ Aanbidding (gebed) en lof (ook sang) is maniere waarop vroue uitdrukking gee aan geloofslewe (gevoelsmense).
- ❖ Sintuiglike **ervaring** is vir vroue belangrik in godsdiens.

## 20. Verwagtinge tov erediens

Tabel 7

Wanneer ek na 'n erediens gaan hoop ek om...	Verski l sterk	%	Verski l	%	Onseker	%	Stem saam	%	Stem beslis saam	%
'n Ontmoeting met God te hê	22	2.14	8	.078	23	2.24	215	20.93	653	63.58
Te onthou dat God getrou is	22	2.14	6	.058	5	.049	0	0	0	0
Bly te wees oor God	20	1.95	0	0	7	.068	181	17.62	688	66.99
Met my nood na God te gaan	25	2.43	13	1.27	25	2.43	193	18.79	654	63.68
My aan God te verbind ( <i>commit</i> )	22	2.14	2	0.19	10	0.97	176	17.14	704	68.55

- Om verbintenis met God te maak (68%)
- Bly te wees oor God (67%)
- Met nood na God te gaan (64%)
- 'n Ontmoeting met God te hê (63%)

### Opmerking vir bespreking

- Dit is opvallend dat die “belewenis”-verwagtings baie hoog is. Dit hou ook nie met 'n spesifieke ouderdomsgroep verband nie. Om te ontmoet, om bly te wees, om met my nood na God te gaan en my te verbind, blyk die primêre verwagtings te wees – terwyl om te onthou, 'n kognitiewe funksie, byna geen aandag geniet het nie.
- Eredienste, wil dit blyk, is eerder 'n belewing as om iets te verstaan.

## 21. Ander opmerkings oor geestelike behoeftes (Hierdie was 'n oop vraag waar die respondente opmerkings kon maak. Die getal dui op die aantal respondente wat die spesifieke reaksie getoon het)

### Die ses grootste behoeftes:

- Toewyding (30)
- Wil geestelike groei ervaar (25)
- Behoefte aan stiltetyd/bybelstudie (19)
- Gebed (14)
- Koinonia (14)
- Om dankbaarheid uit te leef (12)

### Vir bespreking

- Bestaan die behoeftes omdat daar nie geleenthede in gemeente is, of omdat vroue nie van geleenthede gebruik maak nie?

## 22. Bedieningsbehoefte van ouderdomsgroepe kan soos volg opgesom word (Hierdie was 'n oop vraag waar die respondente opmerkings kon maak)

### Ouderdom 20–34

- Gesinsbediening/Kinderkerk
- Geleenthede waar kinders welkom is
- Versorging van kinders tydens ma's se aksies
- Bybelstudie/groeigroep/selgroepe/belangegroep/gawegroep
- portuurgroep

### **Ouderdom 35–49**

- Geleenthede saam met kinders/ waar kinders welkom is
- Versorging van kinders tydens ma's se aksies
- Bybelstudie/groeigroep vir portuurgroep
- Geestelike en aktuele kursusse/seminare
- Koinonia
- Vrouediens

### **Ouderdom 50–64**

- Bybelstudie/ kleingroepe volgens portuurgroep
- Skrifgetroue prediking
- Koinonia
- Vrouediens
- Eie betrokkenheid opskerp

### **Ouderdom 65–74**

- Belangegroep
- Koinonia
- Huisbesoek en besoek

### **Ouderdom 75+**

- Huisbesoek
- Biduur

### **Vir bespreking**

- Wat van bogenoemde indeling is vir julle verrassend wat julle nie verwag het nie?
- Watter implikasies het hierdie verskillende behoeftes vir die bediening van vroue in julle gemeente?
- Opvallend is dat almal die behoefte het om ook in portuurgroepe bedien te word.
- Groep is vir almal belangrik – koinonia, veral die 35–64, is baie hoog.
- Opvallend dat formele bediening soos huisbesoek, biduur ens eerder belangrik is vir die ouer generasie, maar afwesig is by die jonger generasie. Baie van die ouer dames is geïsoleer en daarom het hulle 'n behoefte daaraan dat die gemeente hulle moet kom besoek.

### **23. Opsommende opmerkings oor vroue se voorkeure tov ondersteuningstrukture en spiritualiteit**

As ons dit kan waag om die voorkeure van vroue op te som sou ons dit soos volg wil stel:

- ❖ Aktiewe deelname eerder as passiewe luister
- ❖ Strukture wat verhoudings bou eerder as voorskriftelike strukture
- ❖ Beleving en ervaring eerder as 'n fokus op die kognitiewe
- ❖ Praktiese lewenswysheid eerder as dogmatiese kennis
- ❖ Skrifgefundeerd vs algemene spiritualiteit

### **24. Uitnodiging**

Ons nooi u uit om met ons in gesprek te tree oor die verslag.

Kontak Madelein Gerber by 021-957 7191, [mgerber@kaapkerk.co.za](mailto:mgerber@kaapkerk.co.za), Rinel Hugo by 012-342 0092 [rinelh@ngkerk.org.za](mailto:rinelh@ngkerk.org.za) of Frederick Marais by 021-808 3265, [jfm@sun.ac.za](mailto:jfm@sun.ac.za)

## **3. AANBEVELINGS : POTENSIAAL VAN VROUE IN DIE NG KERK**

**3.1 Die Algemene Sinode neem kennis van die navorsingdokument.**

**3.2 Die Algemene Sinode versoek sinodes om hierdie dokument as gespreksdokument in sinodes, ringe en gemeentes te hanteer.**



## A.6.4.2 ALGEMENE TAAKSPAN DIENSVERHOUDINGE

### 1. OPDRAGTE VOLGENS DIE REGLEMENT

#### 1.1 Formulering van beleid

Die beleid insake diensverhoudinge van die NG Kerk is in die Bestuursgids vir Diensverhoudinge opgeneem wat eersdaags op die webblad van die Algemene Sinode vir kommentaar opgeneem sal word. Behalwe vir die aanbevelings in hierdie verslag is geen nuwe beleidsake opgeneem as net dit wat reeds by vorige vergaderings van die Algemene Sinode goedgekeur is nie. Die jongste aanpassings in arbeidswetgewing is ook in die Gids ingewerk en besluite van hierdie sinode sal ook verreken word.

#### 1.2 Beleidsnavrae

\*1 Lede van die kommissie het verskeie navrae hanteer.

\*2 'n Navraag wat telkens opgeduik het, en waaroor daar steeds ongemak is, raak die verlof en langverlof van predikante. In baie gevalle het kerkrade voordele met die predikante onderhandel wat van die Bepalings in Reglement 22 verskil. Die ATDV se standpunt is dat die onderhandelde diensooreenkoms die bepalende dokument behoort te wees, maar regsadvies wat via die Aktuaris ontvang is, toon dat dit ongemaklike regsimplikasies kan hê indien kerkrade van Reglement 22 se Bepalings sou afwyk. Die huidige Reglement en die feit dat dit steeds as Reglement van die Algemene Sinode in die Kerkordeboek opgeneem is, bied ook 'n goeie beskerming aan predikante.

#### \*3 AANBEVELINGS: VERLOFREËLINGS

##### Die Algemene Sinode

**\*3.1 herinner kerkrade en ander werkgewers daaraan dat die regsgeldigheid van ooreenkomste rakende die verlof van predikante in die gedrang kan kom indien dit van die bepalinge van Reglement 22 afwyk;**

**\*3.2 gee opdrag aan die ATR om, in oorleg met die ATDV, die locus standi van Reglement 22 te heroorweeg in die lig van die behoefte van sommige kerkrade om aanpassings te onderhandel en daarvoor vir afhandeling aan die ASM verslag te doen.**

#### 1.3 Personeelbeleid van die Algemene Sinode.

'n Personeelbeleid is opgestel en met die personeel onderhandel.

#### 1.4 Administrasie van diensverhoudinge van AS-personeel

\*1 Die taakspan het baie moeite gedoen om die struktuur en administrasie van die personeel van die Algemene Sinode op 'n stewige grondslag te kry. Die diensooreenkomste van die personeel is op datum gebring en na 'n deeglike arbeidsverhoudinge-oudit is besef dat die pligtestate en vergoedingspakkette deurlopende monitering vra. Mnr Johan Kruger was behulpsaam met 'n ontleding van die poste en 'n finale beskrywing van die rol van elke persoon in die sisteem, asook moontlike vergoedingsaanpassings, sal eersdaags geïmplementeer kan word. Die volgende belangrike aanpassings verdien vermelding:

\*2 Die vastigheid wat bereik is met die aanstelling van ds Willie van der Merwe en mev Rinel Hugo as sekretarisse vir Diensgetuieis en Gemeenteontwikkeling onderskeidelik het dit moontlik gemaak om ook duidelikheid en vastigheid binne die personeelsisteem van die kantoor van die Algemene Sekretaris te kry.

\*3 Na sinvolle onderhandelings met ds Johann Symington en die Taakgroep vir Kerklike Media kon die punt bereik word waar die ideale wat in die verslag insake Kommunikasie gestel is, 'n realiteit begin word (vgl bl 114 pt 8 in die Agenda Algemene Sinode 2007). Die beplanning is dat ds Symington teen die einde van die jaar na Pretoria sal verhuis en dat sy kantoor aan die kantoor van die Algemene Sekretaris gekoppel sal word. Hy sal dan as 'n "vierde sekretaris" (steeds met die posbenaming van Direkteur Kommunikasie) saam met dr Gerber, ds Van der Merwe en mev Hugo die kantoor van die Algemene Sekretaris beman. Ds Symington se verantwoordelikhede ten opsigte van Kerkbode en ander media-aktiwiteite in Wellington bly voorlopig onveranderd, maar sy verantwoordelikhede ten opsigte van ander kerklike kommunikasie sal (veral weens die nouer skakeling met die kantoor van die Algemene Sekretaris) meer effektief uitgevoer kan word.

\*4 'n Verdere stel onderhandelings het tot gevolg gehad dat duidelikheid oor die posisie van die Argivaris, dr Johann Froneman, verkry kon word. Waar dr Froneman tans aan 'n taakgroep, naamlik die Algemene Taakgroep vir Argiefbestuur en –Inligtingsdienste (ATABID) rapporteer, is ooreengekom dat hy in die toekoms direk aan die Algemene Sekretaris sal rapporteer en dat die kantoor van die Algemene Sekretaris vir die bestuursaangeleenthede van die Argief verantwoordelik sal wees. Sy posbenaming bly Direkteur Argiefbestuur en –Inligtingsdienste, maar binne die organigram van die kantoor van die Algemene Sekretaris sal hy as die "vyfde sekretaris" beskou word. ATABID sal dus nie meer 'n bestuurfunksie ten opsigte van begroting en personeelsake hê nie, maar sal op die bepaling van argiefbeleid en die koördinering van die werksaamhede van die eenheidsargief kan konsentreer. Uit hierdie onderhandelings het dit geblyk dat daar twee sake is wat nog aandag moet kry:

\*4.1 Die personeel van die Argief in Stellenbosch se diensooreenkomste, pligtestate, diensvoordele ens

moet weer nagegaan word met die oog op eenvormigheid in die hele personeelsisteen van die Algemene Sinode. ATDV sal dit doen.

\*4.2 Met die ontbondeling van die Sinodale Kerkkantoor van die NG Kerk van Transvaal en met die implementering van die Algemene Sinode se besluite insake die eenheidsargief moet dr Froneman op die diensstaat van die Algemene Sinode geplaas word. In die praktyk het dit reeds gebeur in die sin dat sy diensooreenkoms reeds 'n diensooreenkoms met die Algemene Sinode is, maar die "papierwerk" waarvolgens hy deur die Algemene Sinode beroep/benoem word, is nog nie afgehandel nie. ('n Predikant word nie bloot van een werkgewer/regspersoon oorgeplaas nie. Hy word beroep.)

\*5 Die ATDV het ook aandag gegee aan die ooreenkomste met persone wat vir spesifieke funksies deur die Algemene Sinode ingekontrakteer word. Die ooreenkomste wat ter sprake is, raak die posisie van die Moderator en Aktuarius (en moontlik ander soos van tyd tot tyd benodig) waar die Algemene Sinode tyd by die betrokke persone se werkgewers inkoop. Aangesien die ATDV nie kon voorsien wie by hierdie sinode in die funksies verkies sal word nie, sal dit eers na die vergadering gefinaliseer kan word.

\*6 Die Algemene Sinode koop ook tans 50% van die tyd van dr Ben du Toit by die Wes-Kaapse sinode in om die Parlementêre Lessenaar te hanteer. Bogenoemde aanpassings in die struktuur van die kantoor van die Algemene Sekretaris maak dit nodig om weer na hierdie ooreenkoms te kyk. Die ooreenkoms het tot stand gekom met die verskuiwing van die "Transvaalse" argief na Stellenbosch en die wedersydse behoeftes en verwagtings waarvoor tydens die herstrukturering met die verskuiwing ooreengekom is, sal deeglik verreken moet word.

#### **\*7 AANBEVELINGS: ADMINISTRASIE VAN DIENSVERHOUDINGE BY DIE PERSONEEL VAN DIE ALGEMENE SINODE**

##### **Die Algemene Sinode**

**7.1 keur die koppeling van ds Johann Symington as Direkteur Kommunikasie aan die kantoor van die Algemene Sekretaris (standplaas Pretoria) goed;**

**7.2 keur die koppeling van die Argivaris as Direkteur Direkteur Argiefbestuur en –Inligtingsdienste aan die kantoor van die Algemene Sekretaris (standplaas Stellenbosch) goed;**

**7.3 bevestig dat dr Johann Froneman as predikant van die Algemene Sinode met opdrag Argiefbestuur en –Inligtingsdienste benoem is en gee opdrag aan die Aktuarius om, met verslag aan die ASM, die nodige dokumentasie te finaliseer;**

**7.3 gee opdrag aan die Algemene Sekretaris om in oorleg met die ATKM en ATDV met die Sinode van Wes-Kaap oor die kontraktering van dr Ben du Toit vir die Parlementêre Lessenaar te onderhandel en die ASM met 'n aanbeveling oor 'n bevredigende reëling te adviseer.**

## **2. OPDRAGTE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2004**

Die sinode het verskeie opdragte insake diensverhoudinge gegee wat hoofsaaklik met die leraars se beroepsposisie verband hou (vgl Agenda Algemene Sinode 2007, bl 334 pt 1.1). Die ATDV oordeel dat al die opdragte in die verslag insake Kerklike Tribunale ondervang is.

Geteken namens die ATDV:

GJ CLOETE (voorsitter)

JB KRUGER (sekretaris)